



U.O.V.S. - BIBLIOTEK

19850724750122000019



... VAN MAG ONDER
... MET DIE
... NIE

'N EKSEGETIES-LITERÊRE ONDERSOEK NA DIE
FUNKSIONERING VAN DIE BEGRIP "HESED" IN
DIE KLAAGPSALMS

deur

JOHANNES DAWID VAN DER WESTHUIZEN

Verhandeling ingehandig vir die graad
Magister Theologiae in die Fakulteit Teologie in
die Departement Ou Testamentiese Eksegese en
Teologie aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

Studieleier: Prof. dr. M.H.O. Kloppers
Interne eksaminator: Prof. dr. D. Pienaar

Junie 1985

Universiteit van die Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN

24-10-1985

T 223.206 WES
BIBLIOTEEK

*Opgedra aan my vrou Marthie
vir haar motivering en by-
stand tydens die studie.*

DANKBETUIGINGS

Graag bring ek hiermee my dank aan:

- * Professor M.H.O. Kloppers vir sy verrykende besieling en motivering met die studieprojek;
- * Die RGN wat hierdie studie vir my moontlik gemaak het;
- * Mev. E. Heymans vir die tik van die verhandeling;
- * My ouers en skoonouers vir hul voortdurende motivering;
- * My vrou Marthie, Stephan en Elsa wat baie van ons "gesinstye" moes afstaan;
- * Bo alles aan ons Hemelse Vader - aan Hom al die lof, eer en aanbidding.

* * * * *

I N H O U D S O P G A W E

Bladsy

1.	<u>INLEIDING</u>	
1.1	Motivering vir ondersoek en probleemstelling	1
1.2	Die afbakening van die ondersoekveld - Klaagpsalms	2
1.2.1	Tipering van die Klaagpsalms (tipiese kenmerke)	2
1.2.2	Bepaling van tipiese Klaagpsalms	5
1.2.3	Afbakening van die Klaagpsalms wat vir die ondersoek gebruik gaan word	6
2.	<u>ONTLEDING VAN DIE KLAAGPSALMS WAARIN DIE BEGRIP "HESED" FUNKSIONEER</u>	
	<u>Psalm 3</u>	
	* Die afbakening van perikope	7
	* Die direkte voorkoms van die begrip	7
	* Die voorkoms van aanverwante begrippe	7
	* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	8
	<u>Psalm 4</u>	
	* Die afbakening van perikope	8
	* Die direkte voorkoms van die begrip	8
	* Die voorkoms van aanverwante begrippe	9
	* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	9

Psalm 5

* Die afbakening van perikope	10
* Die direkte voorkoms van die begrip	10
* Die voorkoms van aanverwante begrippe	12
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	13

Psalm 6

* Die afbakening van perikope	14
* Die direkte voorkoms van die begrip	14
* Die voorkoms van aanverwante begrippe (selfs antiteties verduidelikend)	16
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	18

Psalm 7

* Die afbakening van perikope	18
* Die direkte voorkoms van die begrip	18
* Die voorkoms van aanverwante begrippe	18
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	19

Psalm 9 en 10

* Die afbakening van perikope	20
* Die direkte voorkoms van die begrip	20
* Die voorkoms van aanverwante begrippe	20
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	21

Psalm 11

* Die afbakening van perikope	23
* Die direkte voorkoms van die begrip	23
* Die voorkoms van aanverwante begrippe (selfs antiteties verduidelikend)	23
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	24

Psalm 12

* Die afbakening van perikope	24
* Die direkte voorkoms van die begrip	25
* Die voorkoms van aanverwante begrippe	26
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	26

Psalm 13

* Die afbakening van perikope	27
* Die direkte voorkoms van die begrip	27
* Die voorkoms van aanverwante begrippe	28
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	29

Psalm 14

* Die afbakening van perikope	30
* Die direkte voorkoms van die begrip	30
* Die voorkoms van aanverwante begrippe	30
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	30

Psalm 16

* Die afbakening van perikope	30
* Die direkte voorkoms van die begrip	31
* Die voorkoms van 'n aanverwante begrip	32
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	32

Psalm 17

* Die afbakening van perikope	33
* Die direkte voorkoms van die begrip	34
* Die voorkoms van aanverwante begrippe	36
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	36

Psalm 22

* Die afbakening van perikope	37
* Die direkte voorkoms van die begrip	37
* Die voorkoms van aanverwante begrippe	37
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	37

Psalm 23

* Die afbakening van perikope	37
* Die direkte voorkoms van die begrip	37
* Die voorkoms van 'n aanverwante begrip	37
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	38

Psalm 25

* Die afbakening van perikope	39
* Die direkte voorkoms van die begrip	39
* Die voorkoms van aanverwante begrippe	43
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	45

Psalm 26

* Die afbakening van perikope	46
* Die direkte voorkoms van die begrip	46
* Die voorkoms van aanverwante begrippe	47
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	48

Psalm 27

* Die afbakening van perikope	48
* Die direkte voorkoms van die begrip	48
* Die voorkoms van aanverwante begrippe	48
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	49

Psalm 28

* Die afbakening van perikope	50
* Die direkte voorkoms van die begrip	50
* Die voorkoms van aanverwante begrippe	50
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	50

Psalm 31

* Die afbakening van perikope	51
* Die direkte voorkoms van die begrip	51
* Die voorkoms van aanverwante begrippe	56
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	57

Psalm 35

* Die afbakening van perikope	58
* Die direkte voorkoms van die begrip	58
* Die voorkoms van aanverwante begrippe	58
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	58

Psalm 36

* Die afbakening van perikope	59
* Die direkte voorkoms van die begrip	59
* Die voorkoms van aanverwante begrippe	62
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	63

Psalm 38

* Die afbakening van perikope	64
* Die direkte voorkoms van die begrip	64
* Die voorkoms van aanverwante begrippe (selfs antiteties verduidelikend)	64
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	65

Psalm 39

* Die afbakening van perikope	65
* Die direkte voorkoms van die begrip	65
* Die voorkoms van aanverwante begrippe	65
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	65

Psalm 40

* Die afbakening van perikope	66
* Die direkte voorkoms van die begrip	66
* Die voorkoms van aanverwante begrippe	67
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	69

Psalm 41

* Die afbakening van perikope	70
* Die direkte voorkoms van die begrip	70
* Die voorkoms van aanverwante begrippe	70
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	71

Psalm 42/43

* Die afbakening van perikope	71
* Die direkte voorkoms van die begrip	72
* Die voorkoms van aanverwante begrippe	74
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	74

Psalm 44

* Die afbakening van perikope	74
* Die direkte voorkoms van die begrip	75
* Die voorkoms van aanverwante begrippe	76
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	76

Psalm 51

* Die afbakening van perikope	77
* Die direkte voorkoms van die begrip	77
* Die voorkoms van aanverwante begrippe	79
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	79

Psalm 52

* Die afbakening van perikope	80
* Die direkte voorkoms van die begrip	80
* Die voorkoms van aanverwante begrippe	83
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	83

Psalm 53

* Die afbakening van perikope	83
* Die direkte voorkoms van die begrip	83
* Die voorkoms van aanverwante begrippe	83
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	83

Psalm 54

* Die afbakening van perikope	84
* Die direkte voorkoms van die begrip	84
* Die voorkoms van aanverwante begrippe	84
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	85

Psalm 55

* Die afbakening van perikope	85
* Die direkte voorkoms van die begrip	85
* Die voorkoms van aanverwante begrippe	85
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	85

Psalm 56

* Die afbakening van perikope	85
* Die direkte voorkoms van die begrip	85
* Die voorkoms van aanverwante begrippe (selfs antiteties verduidelikend)	86
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	87

Psalm 57

* Die afbakening van perikope	88
* Die direkte voorkoms van die begrip	88
* Die voorkoms van aanverwante begrippe	90
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	91

PSALM 58

* Die afbakening van perikope	92
* Die direkte voorkoms van die begrip	92
* Die voorkoms van aanverwante begrippe	92
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	92

Psalm 59

* Die afbakening van perikope	92
* Die direkte voorkoms van die begrip	92
* Die voorkoms van aanverwante begrippe	95
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	96

Psalm 60

* Die afbakening van perikope	96
* Die direkte voorkoms van die begrip	96
* Die voorkoms van aanverwante begrippe (selfs antiteties verduidelikend)	96
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	97

Psalm 61

* Die afbakening van perikope	97
* Die direkte voorkoms van die begrip	97
* Die voorkoms van aanverwante begrippe	99
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	99

Psalm 62

* Die afbakening van perikope	99
* Die direkte voorkoms van die begrip	100
* Die voorkoms van aanverwante begrippe	101
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	101

Psalm 63

* Die afbakening van perikope	102
* Die direkte voorkoms van die begrip	102
* Die voorkoms van aanverwante begrippe	104
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	104

Psalm 64

* Die afbakening van perikope	105
* Die direkte voorkoms van die begrip	105
* Die voorkoms van aanverwante begrippe	105
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	105

Psalm 69

* Die afbakening van perikope	105
* Die direkte voorkoms van die begrip	106
* Die voorkoms van aanverwante begrippe (selfs antiteties verduidelikend)	107
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	108

Psalm 70

* Die afbakening van perikope	109
* Die direkte voorkoms van die begrip	109
* Die voorkoms van aanverwante begrippe	109
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	109

Psalm 71

* Die afbakening van perikope	109
* Die direkte voorkoms van die begrip	109
* Die voorkoms van aanverwante begrippe	109
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	109

Psalm 73

* Die afbakening van perikope	110
* Die direkte voorkoms van die begrip	110
* Die voorkoms van aanverwante begrippe	110
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	110

Psalm 74

* Die afbakening van perikope	111
* Die direkte voorkoms van die begrip	111
* Die voorkoms van aanverwante begrippe (selfs antiteties verduidelikend)	111
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	111

Psalm 77

- | | |
|--|-----|
| * Die afbakening van perikope | 112 |
| * Die direkte voorkoms van die begrip | 112 |
| * Die voorkoms van aanverwante begrippe
(selfs antiteties verduidelikend) | 114 |
| * Die funksionering van die begrip in
verskillende situasies | 115 |

Psalm 79

- | | |
|--|-----|
| * Die afbakening van perikope | 115 |
| * Die direkte voorkoms van die begrip | 116 |
| * Die voorkoms van aanverwante begrippe
(selfs antiteties verduidelikend) | 116 |
| * Die funksionering van die begrip in
verskillende situasies | 117 |

Psalm 80

- | | |
|---|-----|
| * Die afbakening van perikope | 117 |
| * Die direkte voorkoms van die begrip | 117 |
| * Die voorkoms van aanverwante begrippe | 117 |
| * Die funksionering van die begrip in
verskillende situasies | 118 |

Psalm 82

- | | |
|---|-----|
| * Die afbakening van perikope | 118 |
| * Die direkte voorkoms van die begrip | 118 |
| * Die voorkoms van aanverwante begrippe | 118 |
| * Die funksionering van die begrip in
verskillende situasies | 118 |

Psalm 83

* Die afbakening van perikope	118
* Die direkte voorkoms van die begrip	118
* Die voorkoms van aanverwante begrippe	118
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	118

Psalm 85

* Die afbakening van perikope	119
* Die direkte voorkoms van die begrip	119
* Die voorkoms van aanverwante begrippe (selfs antiteties verduidelikend)	122
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	123

Psalm 86

* Die afbakening van perikope	123
* Die direkte voorkoms van die begrip	124
* Die voorkoms van aanverwante begrippe	127
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	

Psalm 88

* Die afbakening van perikope	128
* Die direkte voorkoms van die begrip	128
* Die voorkoms van aanverwante begrippe (selfs antiteties verduidelikend)	129
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	130

Psalm 89

* Die afbakening van perikope	130
* Die direkte voorkoms van die begrip	131
* Die voorkoms van aanverwante begrippe	137
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	137

Psalm 90

* Die afbakening van perikope	138
* Die direkte voorkoms van die begrip	138
* Die voorkoms van aanverwante begrippe (selfs antiteties verduidelikend)	140
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	141

Psalm 94

* Die afbakening van perikope	141
* Die direkte voorkoms van die begrip	142
* Die voorkoms van aanverwante begrippe	142
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	142

Psalm 102

* Die afbakening van perikope	143
* Die direkte voorkoms van die begrip	143
* Die voorkoms van aanverwante begrippe (selfs antiteties verduidelikend)	143
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	144

Psalm 106

* Die afbakening van perikope	144
* Die direkte voorkoms van die begrip	145
* Die voorkoms van aanverwante begrippe	148
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	149

Psalm 108

* Die afbakening van perikope	149
* Die direkte voorkoms van die begrip	149
* Die voorkoms van aanverwante begrippe	149
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	149

Psalm 109

* Die afbakening van perikope	149
* Die direkte voorkoms van die begrip	149
* Die voorkoms van aanverwante begrippe (selfs antiteties verduidelikend)	153
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	153

Psalm 120

* Die afbakening van perikope	154
* Die direkte voorkoms van die begrip	154
* Die voorkoms van aanverwante begrippe	154
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	154

Psalm 123

* Die afbakening van perikope	154
* Die direkte voorkoms van die begrip	154
* Die voorkoms van aanverwante begrippe	154
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	155

Psalm 126

* Die afbakening van perikope	155
* Die direkte voorkoms van die begrip	155
* Die voorkoms van aanverwante begrippe	155
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	155

Psalm 130

* Die afbakening van perikope	156
* Die direkte voorkoms van die begrip	156
* Die voorkoms van aanverwante begrippe	158
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	158

Psalm 137

* Die afbakening van perikope	158
* Die direkte voorkoms van die begrip	158
* Die voorkoms van aanverwante begrippe	158
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	158

Psalm 140

* Die afbakening van perikope	158
* Die direkte voorkoms van die begrip	158
* Die voorkoms van aanverwante begrippe	158
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	158

Psalm 141

* Die afbakening van perikope	159
* Die direkte voorkoms van die begrip	160
* Die voorkoms van aanverwante begrippe	160
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	160

Psalm 142

* Die afbakening van perikope	161
* Die direkte voorkoms van die begrip	161
* Die voorkoms van aanverwante begrippe	161
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	161

Psalm 143

* Die afbakening van perikope	162
* Die direkte voorkoms van die begrip	162
* Die voorkoms van aanverwante begrippe	165
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	165

	Bladsy
3. <u>EVALUERING VAN RESULTATE VAN ONTLEDING</u>	166
3.1 Tabulering van resultate	
* Die direkte voorkoms van die begrip	166
* Die voorkoms van aanverwante begrippe	171
* Die voorkoms van begrippe - antitiesies verlig	174
* Die funksionering van die begrip in verskillende situasies	175
3.2 Bepaling van betekenisveld van die begrip	176
4. <u>SLOT EN OPSOMMING VAN BEVINDINGE</u>	180
VOETNOTE - HOOFSTUK 1	181
VOETNOTE - HOOFSTUK 2	182
LITERATUURLYS	199

1. INLEIDING

1.1 Motivering vir ondersoek en probleemstelling:

Hesed word in die Klaagpsalms, in die 1933 vertaling van die Afrikaanse Bybel, feitlik deurgaans met dieselfde woord, naamlik, goedertierenheid, vertaal. Hierdie vertaling is egter onduidelik en verskaf gevolglik allerlei probleme, veral wat die interpretasie daarvan betref. Daarnaas lewer hesed die probleem op dat dit nie deurgaans met dieselfde woord en ook nie maklik met 'n enkele woord vertaal kan word nie. Verder word hesed dikwels bloot as verbondsbegrip beskou. Dit sou beteken dat hesed slegs 'n positiewe betekenis van "goedheid en guns" van JHWH vir sy eie volk bevat. Daarom is besluit om die begrip eksegeties-literêr te ondersoek.

Die studie is afgebaken om die betekenisveld van die woord (hesed) in die Klaagpsalms te bepaal.

In die Klaagpsalms kom die woord "hesed" direk voor en daarom word dit eksegeties-literêr ondersoek.

Myns insiens is dit egter ook belangrik om die aanverwante begrippe (selfs antities) te ondersoek, aangesien dit verdere lig werp op die betekenis van hesed. Daarom word dit ook verken.

Ook die situasies waarbinne dit funksioneer is hiervoor belangrik en word dus ook ingesluit by hierdie studie.

Die ondersoek word afgesluit deur die resultate te tabuleer en die betekenisveld van die begrip te bepaal.

1.2 Die afbakening van die ondersoekveld - Klaagpsalms

1.2.1 Tipering van die Klaagpsalms (tipiese kenmerke)

Gunkel (1969: 10) is 'n persoon wat 'n baie groot bydra gelewer het om die psalms in "Gattungen"¹ (verskillende soorte psalms) in te deel. Twee van die aantal psalmsoorte is:

- (1) die Klaagliedere van die volk, en
- (2) die Klaagliedere van die enkeling.

Kraus (1978a: 21) praat deurqaans van "Gebedsliedere" wat vir hom 'n aanduiding van die Klaagliedere is (vgl. ook Gerleman 1982: 33).

Dit is dus duidelik dat die Klaagpsalms in twee dele verdeel kan word, maar 'n definitiewe onderskeiding tussen dié twee is nie altyd maklik² nie. Daar is tog 'n vermenging tussen die Klaagpsalms en weer op hulle beurt met ander soorte psalms (vgl. Weiser 1979: 66 en Anderson 1972a: 37). Maar om na die verskillende kenmerke van die Klaagpsalms³ te kyk moet na elkeen afsonderlik gekyk word omdat daar in 'n mate 'n verskil in hul kenmerke is.

Ons kyk eerstens na die Klaaglied van die volk. Dit is psalms wat in tye van nasionale rampe soos hongersnood, pestilensie of vyandelike aanvalle gedig is en later ter herinnering daaraan of onder soortgelyke omstandighede gesing is (Eybers 1978: 27). Hierdie psalms is blykbaar ook by geleentheid van besondere biddae in die heiligdom gesing of voorgedra (Böhl 1968: 9), byvoorbeeld Psalm 44; 60; 74; 80; 83; 90 en 126.

Westermann (1980: 35-43) praat eerder van die struktuur van die Klaaglied van die volk. Omdat hy die belangrikste strukturelemente in 'n neutedop saamvat word sy raamwerk as basis gebruik:

1. Die psalm begin met 'n oproep of aanroep van God. Soms word dit gekombineer met 'n inleidende geroep om hulp. Die gebruik van die naam van JHWH deur die bidder veronderstel 'n noue verwantskap.
2. Dan volg die Klag(te) wat in twee⁴ of drie dele verdeel kan word naamlik:
 - (a) Klag teen God
 - (b) Kla oor eie lyding
 - (c) Kla oor dade van die vyand

Die doel van die klagte is om te lei tot die versoek wat tot JHWH gerig word. Soms is daar tussen die klag(te) en versoek 'n deel wat op God se dade van hesed dui.

3. Hierna kom 'n oorsig van God se dae in die verlede. Wanneer die volk die kontras tussen die verlede en die hede aanskou merk hulle ooreenstemmende verbande in hul eie geskiedenis. So word hulle dan bewus van die feit dat die hele geskiedenis alleen in die hande van God berus. Hierin kan ook die belydenis van vertroue na vore kom.
4. Nog 'n element is die smeking wat ook in twee dele verdeel kan word nl.:
 - (a) gebed om hulp en verlossing,
 - (b) pleit om vergifnis.
 Soms word redes verstrekk om die smeking te versterk en te beklemtoon.
5. Na die oproep tot JHWH, die klagte en smeking, volg 'n breuk. Daarop volg die goddelike antwoord (reaksie en verhoring) wat ingegee is deur iemand wat in God se naam gepraat het.
6. Die gelofte om JHWH te prys dien laastens as danksegging. Lof kom meestal net in die Klaaglied van die enkeling voor. Daarom vind ons dit baie selde aan die einde van die volk se Klaaglied.

Die strukturelemente wat die belangrikste in die Klaag= lied van die enkeling is, word die duidelikste deur Kraus (1978a: 50-51) en Sabourin (1974: 215-218) uiteengesit.

1. Die eerste hoofelement is die inleiding.
 - (a) In die eerste woorde van die psalm kom die name van JHWH (in die vokatief) na vore.
 - (b) Die aanroeping word vergesel of opgevolg deur die geroep om hulp wat meestal in die imperatief staan.
 - (c) Die aanroeping kan herhaal word andersins
 - (d) kom die aanbieder met selfbeklag vorendag waarin hy homself as arm en ellendig voorstel.
 - (e) Noodskildering, bede en wens uitsprake (in Jussief) kan ook voorkom.

2. 'n Tweede hoofdeel is die "corpus supplicationis" (Sabourin 1974: 216).
 - (a) Die Klagte staan baie sterk op die voorgrond in hierdie psalms, nl. sy krankheid, sy regsnood en die vervolging deur die vyand.
 - (b) Die bidder smek JHWH om sy genade aan hom te betoon deur aan hom hulp te verleen en bevryding van die vyand te bied. Die smeking staan as hulpgeroep meestal in die imperatief.
 - (c) Belydenis van sonde vorm 'n baie klein deel van hierdie psalms. Dit kom meer in die boetepsalms na vore.
 - (d) Die belydenis van vertrouwe in en getrouheid aan God is selde afwesig.

3. Hierdie psalms eindig meestal met lof of seënspreuke (vgl. Ps 5: 13; 26: 12).

Die Klaaglied van die enkeling begin in die diepte met klag(te) en gebed en eindig op die hoogte deur die uitdrukking van die bidder se versekering van die verhooring van sy gebed en sme= king, bv. Ps 31; 35; 38; 71; 86; 94; 102 (vgl. Ridderbos 1976: 17).

Die duidelikste elemente wat by albei soorte psalms voorkom is die

- (1) Klag wat deur
- (2) die plegtige aanroeping van God voorafgegaan word,
- (3) die gebed om hulp en
- (4) die sekerheid van verhooring.

* 'n Opvallende verskynsel in die Klaagliedere is die skielike oorgang wat voorkom tussen die smeking om hulp en die dankbaarheid vir verhooring wat direk daarop volg (vgl. Anderson 1972a: 38).⁵

* 'n Volgende algemene kenmerk in die Klaagpsalms is die Qina-ritme wat 'n 3+2 metrum veronderstel (vgl. Sabourin 1974: 25 en Broadribb 1972: 76).

* Derdens staan die nood en redding van die psalmis voorop in hierdie psalms.

* Vierdens kom die uitdrukking van "troue geloof" (belydenis van vertroue) in God redelik algemeen voor.

* 'n Vyfde element wat meer in die Klaaglied van die enkeling as in die Klaaglied van die volk voorkom, is die lofprijsing van God se Naam aan die einde van die psalm (sien Britz 1982: 28).

1.2.2 Bepaling van tipiese Klaagpsalms

Kommentatore is van mening dat 'n mens nie sommer 'n psalm reg skakeer deur dit by een enkele Gattung in te deel nie,⁶ maar tog is met die raadpleging van veral kommentatore soos Westermann (1980: 29 en 53), Durham (1972: 106), Sabourin (1974: 218 en 297), Gunkel (1966: 100), Anderson (1972a: 38-39), Cohen (1945: 169) en andere⁷ 'n lys van tipiese klaagpsalms saamgestel. Geen verdeling van individuele- en gemeenskapsklaagpsalms word gemaak nie aangesien daar baie psalms

is wat 'n vermenging van verskillende soorte psalms is.

Die lys van tipiese Klaagpsalms is bepaal deur te let op die grootste steun deur die verskillende kommentatore vir elke psalm. 'n Uitsondering hierop is drie van die sewe en sewentig psalms, nl.: Ps 115 wat alleen deur Westermann (1980: 29) gesteun word, terwyl Ps 124 en 144 weer net deur Anderson (1972a: 39) gesteun word.

Die volledige lys van tipiese Klaagpsalms op hierdie wyse bepaal is dan soos volg: 3-7, 9-14, 16-17, 22-23, 25-28, 31, 35-36, 38-44, 51.64, 69-71, 73-74, 77, 79-80, 82-83, 85-86, 88-90, 94, 102, 106, 108-109, 120, 123, 126, 130, 137, 140-143.

1.2.3 Afbakening van die Klaagpsalms wat vir die ondersoek gebruik gaan word

Die Klaagpsalms wat gebruik gaan word vir die ondersoek na die direkte voorkoms van hesed is die volgende, met 'n aanduiding van die betrokke vers(e): 4:4; 5:8; 6:5; 12:2; 13:6; 16:10; 17:7; 23:6; 25:6,7,10; 26:3; 31:8,17,22,24; 36:6,8,11; 40:11,12; 42:9; 43:1; 44:27; 51:3; 52:3,10,11; 57:4,11; 59:11,17,18; 61:8; 63:4; 69:14, 17; 77:9; 79:2; 85:8,9,11; 86:2,5,13,15; 88:12; 89:2,3,15,20,25, 29,34,50; 90:14; 94:18; 106:1,7,45; 108:5; 109:12,16,21,26; 130:7; 141:5; 143:8,12.

Dit is dus duidelik dat agt en dertig van die twee en sewentig psalms hier betrokke is terwyl hesed sewentig keer voorkom. Die aantal Klaagpsalms wat vir hierdie deel van die ondersoek gebruik gaan word verskil aansienlik met dié van Britz (1982: 28-54)⁸ se afbakening van Klaagpsalms waarin hesed direk voorkom.

Die Klaagpsalms wat gebruik gaan word vir die ondersoek waar die aanverwante begrippe voorkom (selfs antities) is die volgende: 3-7; 9-13; 16; 23; 25-28; 31; 36; 38; 40; 41; 51; 52; 54-58; 60; 62; 69; 74; 77; 79; 85; 86; 89; 90; 102; 106; 123; 142; 143.

2. ONTLEDING VAN DIE KLAAGPSALMS WAARIN DIE BEGRIP
"HESED" FUNKSIONEER

PSALM 3

In Psalm 3 het ons geen direkte voorkoms van die begrip hesed nie. Daarom ook geen afbakening van perikope nie.

Die voorkoms van aanverwante begrippe:

In hierdie psalm ontken die "vyand" en die "goddelose" (v. 3b) dit wat die gelowige psalmis openlik bely (v. 9a). Dit is baie duidelik dat die vyand eintlik teen die Almagtige veg, omdat hulle tog indirek sê dat vir die gelowige geen hesed¹ by JHWH sy God is nie.

In vers 8 reageer die bidder op die vyand se uitlating in vers 3b, deur te bid om "verlossing, hulp" van sy God.

Hierdie psalm word deur die gelowige op 'n hoë noot afgesluit met sy belydenis in vers 9a. Die stam "yšc" wat die werkwoorde "verlossing, bevryding" aandui, werk op na 'n klimaks.

3b "--- geen hulp van God nie!"

8a "Kom tog, Here, help my, my God ---".

9a "Hulp kom net van die Here af".

Die uiting van vertroue (v. 9a) oorstem inderdaad die klaag (v. 3b) en die bede (v. 8a). Hy praat uit ondervinding van die magtige verlossingsdade van die Verbondsgod aan die verbondsvolk (Anderson 1972a: 75). Kyk maar na verse 5 en 6 waar hy sê dat JHWH hom antwoord as hy roep en dat Hy vir hom sorg. Vers 9b is vir my 'n seënspreek wat volgens Van Uchelen (1979: 25) die perspektief verruim en 'n heroriëntasie gee van die gestelde problematiek.

Hesed funksioneer nie in hierdie psalm in verskillende situasies nie.

PSALM 4Die afbakening van perikope:

Die eerste vers word gesien as 'n opskrif vir die Psalm. Baie kommentatore² is dit eens met die verdere indeling van Ps 4. Die eerste strofe (v. 2) is 'n drievoudige bede wat as inleiding dien. In die tweede strofe (verse 3-6) rig die bidder hom tot sy teenstanders. Die derde strofe (7-8) is 'n teenstelling tussen die psalmis (8a) en die wat hom bedreig (7, 8b). In die laaste strofe (v. 9) gee die psalmis volgens Van Uchelen (1979: 30) die teenstelling met die teenstanders 'n skerper reliëf. Die metrum is hoofsaaklik 4+4.

Die direkte voorkoms van die begrip:

In vers 4 roep die psalmis sy teenstanders op om te besef dat JHWH hom genadig was. Hy het dus aan die bidder reg verskaf (v. 2). Anderson (1972a: 78) en Kraus (1978a: 169) verskil hier van die Masoretiese teks. Hulle wil die bywoord (ḥāsīd) verander na 'n enkelvoudige naamwoord met 'n derde persoon manlike suffiks. Volgens die tekstkritiek 4^{a-a} moet dit waarsynlik "ḥasdo lī" lees wat Kraus en Anderson verkies. As ons dit met Psalm 31:22 vergelyk, waarna hulle verwys, sien ons dat die naam van JHWH die volgorde versteur. Ons het ook geen steun vir hierdie lesing nie. Hier is dus nie direk sprake van JHWH se verbondslojaliteit wat op 'n wonderbare wyse bewys is nie, maar van JHWH, wat die wat afgesonder is deur Hom, wat hesed doen, op 'n besondere wyse behandel.

Die hoofsaak bly dus dieselfde, naamlik as ons opmerk dat een aspek van hierdie spesiale sorg³ dit is dat God die gebede van sy lojale aanbieder hoor en verhoor (Anderson 1972a: 78).

Ḥāsīd dui dus hier op iemand wat lojaal en getrou binne die verbondsverhouding (vergelyk Ps 18:25; 30:4; 86:2) leef.

Die voorkoms van aanverwante begrippe:

In Ps 4:2 word JHWH opgeroep om sy "onverdiende guns" (ḥēn) aan die psalmis te bewys deur na sy gebed te luister. Dit sluit nou aan by die wonders wat JHWH volgens vers 4 aan die ḥāsīd doen. Hier hoor Hy as die ḥāsīd na Hom om hulp roep.

God se houding teenoor die ḥāsīd word bepaal deur die "geregtig=heid" (s^edāqāh), wat die verhouding tussen God en die gelowige in stand hou en waar maak (Van Uchelen 1979: 28).

Die bidder roep in vers 6 sy teenstanders op om op JHWH te vertrou (bāṭah)⁴ omdat hulle daardeur ḥesed aan Hom bewys. So word hulle aangemoedig om ook ḥāsīd te wees.


Die funksionering van die begrip in verskillende situasies:

In vers 7 word gevra: "Wie sal dit weer met ons goed laat gaan?" Dan volg die antwoord daarop. JHWH se lig wat oor hulle skyn beteken basies dat JHWH dit goed sal laat gaan met hulle. Die "goeie" moet in samehang met God se goed=heid⁵ gesien word soos dit uitkom in Ps 25:7 en 27:13. Volgens vers 9b sal hy onbesorg gaan lê en aan die slaap raak en veilig woon by JHWH (vgl. Ps 37:3,27; 34:15). Dieselfde stam (bāṭah) vir die woord "vertrou" in vers 6b word gebruik vir die "veilig woon" (vgl. Jr 32:37; 49:31 en Dt 33:28). Volgens Van Uchelen (1979: 30) betuig JHWH daarin "geregtig=heid" (4:2a) as dié vorm van sy uitsonderlike handeling (4:4a).

PSALM 5Die afbakening van perikope:

Daar is heelwat verskillende afbakenings van Ps 5 se perikope. Tog is dit waar dat hierdie psalm 'n opvallende simmetriese opbou vertoon. Van Uchelen, Weiser, Gemser en Anderson⁶ stem saam oor die verdeling terwyl Van Uchelen (1979: 33-38) die beste beskrywing van elkeen gee .

Skematies lyk Ps 5 as volg:



A = Verhouding van God tot gelowige

B = Verhouding van God tot goddelose

C = Geen definitiewe aanduiding van 'n direkte verhouding tussen die gelowige psalmis en die vyandige goddelose nie. Verse 8-9 vervul hier 'n wesenlike funksie.⁷

Die metrum is meestal 3+2.

Die direkte voorkoms van die begrip:

Soos die opskrif van die Nuwe vertaling (1979) aandui is hierdie gebed met die mōre-offer geuiter (vgl. ook vers 4; 2 Kon 3:20 en Amos 4:4).

In Ps 5:8 stel die psalmis homself ("maar ek") pertinent teenoor die hooghartiges (v. 6), die leuenaars, moorde=naars en bedrieërs (v. 7) en dié wat opstandig (v. 11) is teen JHWH. Daarmee wil hy nie net sê dat hy 'n ḥāsīd is nie, maar hy wil ook, soos Cohen (1945: 11) tereg meld, die kontras tussen hom en die goddelose aandui. Hulle mag regtens

nie in die huis van die JHWH kom nie. Hyself het ook geen reg nie, maar hy is bevoorreg om die heiligdom binne te gaan omdat JHWH hom genadig was. Dit toon dan ook dat hy nie gegroeppeer word met dié wat JHWH verafsku nie.

In vers 8 kry ons 'n tipe van chiasme.⁸

"Maar ek mag deur U groot h^aesed in u hu^bs ingaan
 en my in u heilige^b tempel neerbuig met die e^aerbied
 wat aan U verskuldig is.

Hierdie chiasme dui (a) in die een geval die hesed van JHWH aan die psalmis aan, en in die tweede geval die hesed van die digter aan JHWH. Die woord hesed is hier 'n naamwoord plus die suffiks van die 2e persoon manlik enkelvoud. Die stam "yāre" wat "eerbied aan JHWH" aandui is ook 'n naamwoord met die suffiks 2 manlik enkelvoud.

Ons sien dus duidelik dat die psalmis se toegang tot JHWH afhang van JHWH se hesed (Rogerson 1977a: 31) en dat die aanbidder die regte gesindheid (yāre) teenoor JHWH moet openbaar. Hesed beskryf hier dus die verhouding binne die verbond tussen JHWH en sy volk. Van der Ploeg (1973: 51) meld ook dat hesed hier JHWH se "liefdevolle goedheid" vir sy volk is, maar meen dat die begrip "verbond" hier ten onregte betrek word deur sommige. Britz (1982: 29) is na my mening tog reg as hy beweer dat die woorde van die psalmis, "my Koning en my God" in vers 3, op die verbondsverhouding⁹ tussen die digter en JHWH dui. Die chiasme (a-a) versterk hierdie standpunt.

In die chiasme bemerk ons die Israeliet se hesed¹⁰ in sy lojaliteit en gehoorsaamheid van die verbondseise.

Daarom kan ons nou konstateer dat die goddelose nie by JHWH vertoef nie omdat Hy geen welbehag in hulle het nie. Op grond van hulle baie oortredinge (sonde - v. 11d) sal Hy hulle wegdryf. Daarteenoor kom die teenbeeld van die groot

hesed (v. 8a) van JHWH duidelik na vore (Kraus 1978 a: 178).

Die ingaan in die heiligdom is nie op grond van sy verdienste nie maar op grond van die "grootheid" van JHWH se hesed. Die woord wat hesed voorafgaan dui in besonder op die oorvloedige, baie, of menigte hesed van JHWH. Die ware grootte kan mens nie beseef nie. Die goddelose se baie oortredinge (vers 11c) word met dieselfde woord (b^erōb) beskryf. Dit gee ons 'n idee van JHWH se oorvloedige goedheid.

Britz (1982: 30) en Ridderbos (1955: 47) sien hierdie groot hesed in 'n meer spesifieke sin van "verbondstrou."¹¹ Ps 4:4 en 6:5 gebruik dit meer in die algemene sin van die woord, naamlik JHWH se goedheid en guns. Hier egter betoon JHWH sy hesed aan hom wat sy verbond bewaar (op JHWH vertrou), aan hom wat sy vertrou op JHWH se genade stel. Die bidder vertrou dus dat hy deur die goddelike hesed die huis van JHWH sal betree (Ridderbos 1955: 47) waar JHWH se teenwoordigheid¹² in 'n baie spesiale sin ervaar word (Anderson 1974: 84).

Die voorkoms van aanverwante begrippe:

Met die omskrywing "die eerbied wat aan U verskuldig is" (vers 8b) gee die psalm die houding aan, waarmee die gelowige dan ook alléén op JHWH (se trou-hesed) sy vertrou stel (Van Uchelen 1979: 36). So bewys die gelowige op sy beurt hesed aan JHWH.

Tussen die werkwoorde "skuil", "beskerm" (v. 12) en die selfstandige naamwoord "skild" (v. 13) bestaan 'n opmerkbare samehang (Ps 91: 4), wat wys op die teendeel van die "wegdryf" van die goddelose (Van Uchelen 1979: 37). Dit is vir Ridderbos (1955: 50) 'n uitgemaakte saak dat JHWH se eer met die psalmis se beskerming gemoeid is. Eweso dat dié wat "die Naam van JHWH liefhet" sy Naam as voorwerp van aanroeping gebruik (vgl. vv. 2, 3, 4, 9, 11 en 13) en op Hom vertrou (v. 8).

"Die Naam van JHWH" dui basies JHWH self aan. Die "liefhê van sy Naam"¹³ is dus ook die liefhê van JHWH self. Om JHWH lief te hê is om as gelowige jou deel van die verbond na te kom. Hulle bewys hesed aan JHWH (vgl. v. 9b - om sy wil te doen) terwyl Hy op sy beurt hesed bewys aan "die wat sy Naam liefhet" (v. 12b), deur hulle te "beskerm".

Met die uiting van vertroue keer die psalmis in vers 13, volgens Van Uchelen (1979: 36), terug na die sentrale gedagte: dat JHWH "luister" (v. 4a), "beskerm" (v. 12b) en "seën" (v. 13a). Dit is 'n kwessie van sy hesed (v. 8a).

So vind ons dan 'n parallelisme in vers 13. In v. 13a is die "seën" (brk) 'n blyk van die leiding van JHWH aan die regverdige. Die woord vir "goedheid"¹⁴ of "welbehae" in v. 13b dui op die seëninge van JHWH (Koehler 1958: 907) wat hom (die regverdige van 13a) beskerm soos 'n skild. JHWH bewys dus sonder twyfel hesed aan sy ḥāsīd volgens vers 13. Die woorde bārak en rāsōn word hier as aanverwante begrippe van hesed beskou.

In vers 11 volg 'n vloekgebed om die verdelging van die psalmis se vyande omdat hulle opstandig is teen JHWH (vgl. vers 8 en ook vv. 5-7). Hy vra dat JHWH hulle sal "wegstoot" van God af (Ridderbos 1955: 49), omdat hulle nie die wil van JHWH wil doen nie (vgl. verse 9b en 12b).

Die funksionering van die begrip in verskillende situasies:

Die woord "want" in vers 3b is die motivering van die voorafgaande "gee ag" en ook die "luister" en "hoor" van vers 2 in die sin dat JHWH¹⁵ in sy genade en sy trou (van sy verbond), diegene wat tot Hom bid nie sal afwys nie (Ridderbos 1955: 46) maar hulle moet antwoord. Hier (vv. 2 en 3) vra die psalmis indirek na JHWH se hesed en so dien dit saam met vers 4 as voorbereiding vir vers 8.

Dit is tog belangrik om daarop te wys dat JHWH in die mōre na die stem van die bidder luister. Daar is baie verklaarders wat reken dat die "mōre"¹⁶ die mees gunstige tyd vir gebed was. Sabourin (1974: 219) meen dat die guns, genade van JHWH elke mōre hernuwe is. Dat die hesed van JHWH ook meestal in die mōre verwag is, is baie duidelik uit Psalms 59: 17 en 90: 14. Dit is juis waarop die digter van Ps 5 wag.

PSALM 6

Die afbakening van perikope:

Psalm 6 val mooi uiteen in vier dele. Alhoewel daar groot verskille¹⁷ ontstaan oor die indeling van verse 2-8 vereenselwig ek my met die menings van Weiser (1979: 129 vv.) en Van Uchelen (1979: 39, 42) wat hierdie boetepsalm in vier strofes verdeel.

Op die klagte in die eerste strofe (vv. 2-4) volg 'n dringende gebed om hulp en verlossing (vv. 5-6). Op strofe drie (vv. 7-8), waar die bidder terugval in sy klagte, volg daar nou 'n ernstige vermaning tot die vyand (vv. 9-11). In die laaste strofe is verandering van toon en gemoed en kan hy, soos een wat sy kalmte teruggekry het, jubel oor die verhooring van sy gebed. Die metrum is oorheersend 3+3.

Die direkte voorkoms van die begrip:

In die tweede strofe (vv. 5-6) word JHWH openlik driemaal aangeroep¹⁸ om daadwerklike bevryding (Van Uchelen 1979: 41). Hierdie strofe is die tweede begronding van 'n reeks van drie geloofsuitsprake wat in Ps 6 voorkom.¹⁹ Hier beroep die digter hom in hoofsaak op JHWH se hesed. Die drie imperatiewe woordvorme gee opeenvolgend die handeling weer waarom die psalmis by JHWH pleit:

- (1) "neem my weer onder U sorg",
- (2) "red my",
- (3) "verlos my".

Dit gaan met ander woorde nie net om JHWH se hesed in vers 5 nie, maar ook om die bidder se lewe self.

Die rede waarom die psalmis om bogenoemde drie sake pleit is die lyding waarin hy verkeer. Hy bring dit in verband met JHWH (sy toorn en gramskap in verse 2-4) en sy vyand (verse 8b, 9a en 11). Maar omdat die psalmis se woorde dui op dié van iemand wat al die genade van JHWH ervaar het (Perowne 1976: 139), beroep hy hom op die hesed van JHWH, wat die essensiële eienskap van JHWH is (Cohen 1945: 13). Terselfdertyd besef hy dat JHWH geregtig is om hom te straf (Weiser 1979: 130) en dat enigiemand op wie JHWH sy toorn uitstort, verlore is (vgl. verse 2-4). Hy besef dus, soos Rogerson (1977a: 34) tereg vermeld, dat sy enigste hoop van herstel lê daarin dat hy hom op die hesed (troue liefde) van JHWH moet verlaat. Daarom kan ons nou sê dat die stewige kern in Ps 6 JHWH se hesed (v. 5b), is die "trou" wat Hy in liefde betoon en wat die gelowige in dank wil vermeld (vgl. vers 6 waar hy besef dat iemand wat dood is nie JHWH se Naam kan bely nie).

Dit is in hierdie verband wat hesed (liefde en trou) in kombinasie²⁰ met verlossing (hulp) gebruik word (Van Uchelen 1979: 42). Die psalmis roep om verlossing ter wille van JHWH se hesed (Ridderbos 1962: 104), omdat JHWH se hesed daardeur tot uiting kom en geprys word (vgl. Ps 23: 3). Dit wil sê, hy beroep hom op JHWH se hesed, om só as verlore JHWH se hesed te loof (anders bly die loflied agterweë).

Die sinsnede "ter wille van U hesed"²¹ dui vir Ridderbos (1955: 57) sonder twyfel daarop dat hier spesiaal aan JHWH se gesindheid gedink word. Die woord dui eintlik sy handeling aan wat in ooreenstemming is met die eise wat deur 'n bepaalde band (in hierdie geval die verbond) gestel word.

Die eise wat deur die verbondsverhouding (soos dit hier die geval is) gestel word, omvat ook hulpvaardigheid, goedheid en liefde. In vers 5 is hesed die grondgedagte wat aanleiding gee tot die gesindheid om aan die eise van die verbond te voldoen (Ridderbos 1955: 59). Hier vloei JHWH se hesed aan die digter voort uit die verbond wat Hy met sy volk gesluit het. S6 pleit die digter om die hesed (trou) en verbondslojaliteit (vgl. Ps 26: 3) van JHWH (Anderson 1972a: 87) wat enersyds 'n aanduiding van 'n goddelike eienskap is (Stoebe 1952: 245), terwyl dit andersyds 'n aanduiding is vir die gunsbewyse wat daaruit voortvloei (Van der Ploeg 1973: 58).

Daarom kan ons sê dat hesed hier die gesindheid, die daad of die houding van lojaliteit en trou (hesed) is. Britz (1982: 31) merk tereg op dat JHWH, wanneer Hy die digter uitred, getrou bly aan sy hesed.

Die voorkoms van aanverwante begrippe (selfs antities verduidelikend):


In vers 2 het ons 'n parallelisme (Anderson 1972a: 88) naamlik "U toorn" (2a) en "u gramskap" (2b) (van JHWH) wat beide teenoorgesteldes van hesed (v. 5b) is. Kraus (1978a: 184) verstaan die "toorn van JHWH" in die sin dat JHWH Hom van die mens afwend, hom verlaat en verstoot (vgl. Ps 27:9 en sien Ps 6:3b en 5). Die grondbetekenis van die woord "straf" is "om die regterarm te gebruik" (Kraus 1978a: 184).²² Van der Ploeg (1973: 57) gaan verder en meen dit is "om uit te vaar teen iemand". Dit is presies hoe die psalmis die straffende toorn en tugtigende gramskap van JHWH ervaar. Hy begryp nie meer duidelik die verhouding tussen hom en JHWH nie (Van Uchelen 1979: 41), alhoewel hy bewus is van die feit dat hy verkeerd gedoen het en die straf en tugtiging verdien. Ridderbos (1955: 53) merk tereg op dat die bidder nie hier vra om afwending of wegneming van die tugtiging nie, maar slegs 'n andersoortige tugtiging, wat 'n vaderlike kastyding uit liefde en tot heil is.²³ Die aanduiding

hiervan is die negatief wat onmiddellik vóór "in U toorn" en "in U gramskap" staan, en só ten nouste daarmee verbind is. Anderson (1972a: 88) sluit hierby aan as hy sê dat die psalmis bang is om die oordeel van JHWH buite die verbonds= verhouding te ondervind. In hierdie verband moet ons JHWH se "toorn" en "gramskap" in 'n relatiewe sin verstaan, omdat dit hier spesiaal om die toorn op die ḥāsīd van JHWH gaan.

Maar die digter voel dat hy 'n groter behoefte aan JHWH se ḥēn²⁴ (genade of ontferming in vers 3a) het (Anderson 1972a: 88).

Daarom die dubbele aanroep om afwending van die straffende toorn (v. 2) en toewending van genesende guns (ḥēn in vers 3a). Agter die wolk van die goddelike toorn bly die son van die goddelike genade tog skyn vir die vrome (ḥāsīd). Daarom, volgens vers 3, verwag die psalmis hulp (ḥēn) van JHWH.

Hier in vers 3 kry ons weer eens 'n parallelisme (ḥēn en rāpā) (Ridderbos 1955: 55) wat antiteties staan teenoor die negatiewe parallelisme in vers 2. Skematies lyk dit as volg:



A = Negatiewe parallelisme

B = Positiewe parallelisme

C = antitese.

Die digter pleit hier om "onverdiende guns" (Snaith 1944: 128), omdat hy beseft dat alleen JHWH kan genees (vgl. Kraus 1978a: 185 en Anderson 1972a: 88. Vgl. ook Eks 15: 26, 2 Kon 5: 7).

Die drie aanverwante begrippe (šub, ḥālas en yš^c) van ḥesed in vers 5 is reeds bespreek onder die direkte voorkoms van ḥesed in Ps 6.

Die funksionering van die begrip in verskillende situasies:

Die laaste strofe (vv. 9-11) is deurtrek met die groot sekerheid wat by die digter heers. Hierdie sekerheid kom duidelik vir Van Uchelen (1979: 42) na vore in die vorm van die werkwoord "gehoor of verhoor" (šām^c in vv. 9b en 10a) en vind sy oorsprong in dit wat God in sy troueliefde (hesed) doen en waarop sy gelowige vertrou. Die perfektum vorme van šām^c is uitinge van vertroue wat wil deurgee dat JHWH 'n God van hesed is, wat die opgestuurde gebede hoor en verhoor.

Die twyfel (in vers 4b) verander in sekerheid (vv. 9-11) op grond van JHWH se hesed. Dit is dus duidelik dat die digter JHWH se hesed hier ervaar in die verlossing en redding van sy siekte en vyande, 'n bewys dat Hy na sy gebede geluister en daarop ag geslaan het.

PSALM 7

Hierdie psalm word nie in perikope verdeel nie omdat hesed nêrens direk voorkom nie.

Die voorkoms van aanverwante begrippe:

In die eerste strofe (vv. 2-3) roep die psalmis die hulp van sy God in teen sy vyandige agtervolgers. Uit die eerste twee woorde van vers 2 (JHWH, my God) is dit duidelik dat daar 'n innige verhouding tussen die digter en sy God bestaan. Op grond daarvan, kom hy sy vertroue in JHWH stel (Maclaren 1892: 6). Die woord "beskerming of skuiling" (hsh) roep assosiasies op met 'n "rots" wat skaduwee bied (Ps 18: 3) en met "vleuels" wat beskerm (Ps 36:8) (Van Uchelen 1979: 47). Dit is dus duidelik dat die psalmis as gelowige geweet het dat "beskerming" by JHWH sy enigste en laaste hoop op redding en verlossing was (Weiser 1979: 136).

Die twee bondige werkwoordsvorme²⁵ "verlos, bevry of help my" (Hifil imperatief) en "red my" (Hifil imperatief) staan parallel teenoor mekaar in vers 2 (Durham 1972: 182). Die Hifil van die laaste stam (ns1) gee vir ons die teologiese betekenis weer, soos Van Uchelen (1979: 53) tereg opmerk, dat God hier sy ḥasīd uit die hande van sy vyand moet red.

Daarom kan ons sê dat die onskuldige psalmis beseft het dat alleen JHWH aan hom ḥesed sal bewys terwyl hy nou in nood verkeer. Dit is die rede waarom hy opnuut sy vertroue (vers 2a) op JHWH stel. In die ervaring dat JHWH sy ḥasīd "red" en "verlos", bewys Hy sy "troue liefde" teenoor hom (vgl. Ps 6: 5).

Die funksionering van die begrip in verskillende situasies:

In verse 9-11 vind ons die ḥesed van JHWH as die motief van die vertroue van die bidder vir sy "welsynsverhouding"²⁶ (Stoebe 1952: 252). JHWH laat reg geskied aan die psalmis deur hom te "red" en te "verlos" (vers 2).

Dit is moeilik om te besluit of vers 18 'n lofprysing is vir die toekomstige bevryding, en of dit bloot 'n danksegging op sigself is. Anderson (1972a: 98) verkies laasgenoemde. Tog wil ek hier van hom verskil aangesien die psalmis vra dat JHWH hom sal "red" en "verlos" (v. 2) en op grond van sy verbondsverhouding met JHWH weet hy en vertrou hy dat JHWH sal voorsien. Parker (1965: 87) is van mening dat "JHWH se geregtigheid" hier dui op sy "trou" wat Hy nakom teenoor sy dienskneg(te) deur hul lewens te red. Daarom kan ons sê dat die digter deur sy lofprysing vir sy (hul) bevryding, op sy beurt ḥesed aan JHWH bewys, terwyl JHWH deur "sy geregtigheid" (trou) ḥesed (troue verbondsliefde) aan sy ḥasīd bewys.

PSALM 9 EN 10

Daar heers groot verskille by kommentatore oor die eenheid van Pss 9 en 10.²⁷ Myns insiens vorm hierdie twee psalms 'n literêre eenheid (vgl. Anderson 1972a: 104-106). Bo en behalwe die alfabetiese opbou van sinne sal verdere redes in hierdie ondersoek na vore kom. Die begrip hesed kom glad nie direk voor in hierdie twee psalms nie.

Die voorkoms van aanverwante begrippe:

In vers 14 vind ons 'n afwykende vorm van die stam hānan.²⁸ Volgens die teks kritiese voetnota 14^a het baie manuskripte hānenī as werkwoord (Kal imperatief), terwyl die werkwoord hānananī (hy was my genadig) eerder voorgestel word. Kraus (1978a:217) puntueer die werkwoord in ooreenstemming met laasgenoemde voorstel. Van Uchelen (1979: 72) is na my mening korrek as hy van die standpunt uitgaan dat Kraus se vokalisering van die werkwoord die aansluiting met vers 15 verbreek. Daarom wil ek die werkwoord in vers 14 bloot as afwyking sien van hānenī en soos Lamparter (1961: 61) lees "wees my genadig, Here"²⁹ (Kal imperatief manlik enkelvoud).

Hier roep die psalmis om die magsvolle erbarming van JHWH. Sy blydskap en sekerheid loop uit op 'n regstreekse bede: "wees my genadig" (Van Uchelen 1979: 68). Stoebe (1952: 245) meen dat hēn as werkwoord (gunsbewys) hier nie eensydig "welsynsgeoriënteerd" is nie. Die guns van JHWH se kant bewys aan die digter (dis tog wat hy vra), is JHWH se antwoord op sy verhouding. Die digter verkeer in 'n ellendige toestand en pleit dat JHWH sy hulpgeroep om bevryding sal beantwoord. So kan hy dan van al JHWH se roemryke daade vertel en juig oor die uitkoms wat Hy gegee het (sien vers 15).

Stoebe (1952: 245) gaan sover om te sê dat hierdie betekenis van ons woord (hānenī, wees my genadig) herhaaldelik in li-turgiese gebruik van die Klaagpsalms voorkom (vgl. Dt 28:50; Jes 66:2; Jr 18:17 en Ps 13:4).

Die funksionering van die begrip in verskillende situasies:

Die eerste strofe van Ps 9 (verse 2-15) dra volgens Van Uchelen (1979: 66) duidelike himniese trekke (vv. 2, 3, 12, 14, 15). In laasgenoemde verse word dank aan JHWH gebring, wat as regter van die wêreld en volke ook die psalmis se reg waarborg. Kraus (1978a: 219) se ontleding is nog korter en beter. In verse 2-5 dank die bidder JHWH vir die hulp wat Hy aan hom bewys het terwyl verse 12-15 'n dankbare verkondiging is vir die hulp wat hy van Hom ervaar het.

In vers 2 wil die psalmis JHWH met sy hele hart dank vir al "sy wonders"³⁰ of beter gestel, vir al "sy magtige verlossingsdade" (Kraus 1978a: 221). Van Uchelen (1979: 66) som die vers mooi op as hy sê dat die gelowige dit as sy plig beskou om hierdie "verlossingsdade" van JHWH te "vertel" (vgl. Ps 75:2; 78:4; 86:3). Dit dui dus op die verbondsverpligtinge van die mens.

Ons kry dieselfde werkwoordsvorm (Pi^cel imperfektum van die stam spr in vers 15. Weiser (1979: 151) beskou die oorgang van die vorm van ellende (v. 14) na die himne (v. 15) as aanduiding dat die psalmis sy ellende nie bloot as 'n las beskou, wat hyself moet dra nie. Maar dit moet die heerlijkheid van God dien, daarin dat JHWH se guns, genade, welwillendheid (hesed) en hulp in sy noodlot geopenbaar is, wat hom (die digter) onder die verpligting plaas om te getuig en te vertel van die uitkoms wat Hy gegee het.

Baie treffend is dit dat die sinonieme vir "vertel" in hierdie psalm, terme is soos "verbly" en "besing" (v. 3), "sing" (v. 12) en "juig" (v. 15). Sô kom die blye dankbaarheid van die gelowige op 'n sprekende wyse na vore (Van Uchelen 1979: 66). In vers 3 wil die psalmis hom oor JHWH verbly en vrolik wees (vgl. Ps 7:18 en 91:2). Hy wil die Naam van JHWH besing, of beter gestel, volgens Anderson (1972a: 107), wil hy God soos Hy homself deur sy Woord en dae bekend maak

het, loof en prys. As ons na vers 2 en 3 se werkwoorde "prys, vertel, verbly en besing" kyk, merk ons dat elkeen in die Hebreeuse vorm eindig met 'n frase wat 'n voorname of beslistheid beskrywe (Durham 1972: 18). Die begeerte van die psalmis is dus om JHWH te loof en te prys, om in Hom bly te wees, sy magtige daade te vertel en lofsange tot eer van sy Naam te sing (vgl. verse 2, 3, 12 en 15).

Regdeur Ps 9 kom die digter se verbondsverpligtinge spontaan na vore en bewys hy, as 'n ellendige gelowige in nood, hesed aan dié Almagtige God wat nooit dié wat Hom om hulp vra, in die steek laat nie (sien v. 11). Omdat Hy 'n "toevlug" en "skuilplek" is vir mense in nood (soos psalmis), daarom "vertrou" die digter en almal wat JHWH se naam bely op Hom (vv. 10, 11). Die rede vir die menslike "goedheid" wat die psalmis aan JHWH betoon, lê ook in vers 5 opgeteken. Omdat die digter in nood verkeer, is sy bevryding belangrik, nie terwille van homself alleen nie, maar sodat hy as lewende getuie JHWH deur woord en lied kan dank (vv. 2, 3, 12, 14, 15).

Ps 9 en 10 toon 'n mooi opbou deur die handeling van God (v. 17) wat as bewys dien dat Hy die gelowige (behoeftiges en ellendiges in Ps 9:13, 19 en Ps 10:12, 17) nie "vergeet" nie.

Skematies kan dit soos volg voorgestel word:

- (a) Ps 9:13 "Hy vergeet die geroep van die ellendiges nie".
- (b) Ps 9:19 "Die behoeftige sal nie vir altyd vergeet word nie, die verwagting van die ellendiges sal nie vir ewig vrugteloos wees nie."
- (c) Ps 10:12 "Moet tog nie die ellendiges vergeet nie".
- (d) Ps 10:17 "U het die gesmeek van die hulpeloses gehoor".

In (a) het ons 'n doodgewone stelling (Kal perfektum) met die ontkenning. In (b) het ons 'n parallelisme waar die stam škḥ se werkwoordsvorm 'n Nifal imperfektum is. In (c) vind

ons die sterk bevelvorm, die jussief van die tweede persoon, met die woordjie 'al. Met hierdie "sagte" verbod kom die vraende klag nog eenmaal deur (v. 13, sien ook v. 1 van Ps. 10).

In vers 12 smee die bidder tot JHWH. Hy het bewus geword dat JHWH die Regter van die volke en die Beskermer van die verdrukke is (Weiser 1979: 153), daarom vertrou hy op Hom. Vers 12a en b is nie baie goeie parallelle nie maar bevat inhoudelik dieselfde betekenis: "mag JHWH sy mag openbaar deur die verdrukke te verlos" (Anderson 1972a: 117). Die sistematiese opbou van hierdie vier verse (Ps 9: 13, 19; Ps 10: 12, 17) bereik sy klimaks in vers 17.

Die "begeerte" of "gesmeek" van die gelowige, wat smag na redding, word vervul teenoor die "begerigheid" van die goddelose wat op niks uitloop nie. JHWH het dit bewaarheid dat Hy die God van die arme en wese is (Kraus 1978a: 22). Die psalmis is oortuig dat sy gebed gehoor en verhoor (ag gegee) is (Durham 1972: 190). Aangesien JHWH guns (hesed) aan die digter bewys het, deur gebedsverhooring en bevryding van sy vyand (vgl. verse 2b, 15 van Ps 10), verkry hy moed en word hy reg behandel en nie meer deur mense geterroriseer nie.

PSALM 11

Die afbakening van perikope word uitgelaat aangesien hesed in Psalm 11 nie direk voorkom nie.

Die voorkoms van aanverwante begrippe (selfs antiteties verduidelikend):

Die werkwoordsvorm van sānē' (haat) in vers 5³¹ staan antiteties teenoor die werkwoordsvorm 'āhēb (liefhē) in vers 7.

As Regter laat JHWH die "geweld" van die goddelose nie ongestraf nie. Hy laat dit nie net letterlik reën (Amos 4: 7) nie, maar ook figuurlik - byvoorbeeld brood vir sy volk (die wat regverdig en opreg handel; vgl. vers 7 en Ps 78:24, 27; Eks 16:4) en vuur en swael vir sy vyand (sien v. 6 en Gn 19:

24; Esg 38:22) (vgl. Van Uchelen 1979: 77). Die "haat" van JHWH laat sy "toorn" ontvlam teenoor die goddelose in vers 6 (vgl. Lamparter 1961: 72). S6 kom Hy as regverdigte Regter in beweging en tree Hy ten gunste van die regverdigte op (vers 7).

Die inleidende "want" in vers 7 het 'n sterk demonstratiewe betekenis as aanduiding van dit wat noodwendig volg op die voorafgaande. Omdat JHWH regverdig is het Hy die wat regverdig en opreg wandel "lief". Daarom kon die hāsīd wat ellende en beproewing ervaar het, verseker wees dat JHWH altyd met hom is (vgl. Durham 1972: 191) en dat hy JHWH se guns (vgl. Ps 17:15) kan ervaar (Anderson 1972a: 123). Dahood (1966: 68) vertaal vers 7b soos volg: "Our face shall gaze upon the Upright One". Aangesien hy so ver gaan om dit as goddelike teenwoordigheid in die lewe hierna te sien, kan daar met hom nie saamgestem word nie.

Die gevolgtrekking is dus dat die goddelose JHWH se "haat" deur sy "toornige" straf sal ondervind, terwyl die hāsīd God se "liefde" deur sy "hesed" (sy redding maar ook sy gedurige nabyheid) sal smaak.

Hier is geen duidelike aanduiding van die begrip hesed se funksionering in verskillende situasies nie.

PSALM 12

Die afbakening van perikope:

Psalm 12 kan soos volg verdeel word:³²

2-3 Klag

4-5 wens

6 goddelike toesegging

7-9 uitdrukking van vertrouwe

In hierdie psalm merk ons 'n opbou wat met 'n hulpgeroep deur die bidder (verse 2-3) begin (Kraus 1978a: 234) en uiteindelik op 'n vertrouwensvolle antwoord (verse 7-9) uitloop.

Die direkte voorkoms van die begrip:

Wanneer ons na die tekskritiese nota van vers 2 in verband met "ḥāsīd" kyk, kan dit miskien "ḥesed" lees.³³ Daar is egter geen steun vir daardie lesing nie, daarom word "ḥesed" nie voorgestel in plaas van "ḥāsīd" nie (vgl. Kraus 1978a: 234). "Ḥāsīd" is voldoende veral wanneer na die psalm in die geheel gekyk word. Deurgaans word gepraat van verskil-lende soorte mense, byvoorbeeld vers 2, die "vrome" en "be-troubare". In vers 6 "die swakkes" en "die armes". Dié woorde dien as sinonieme (en aanverwante begrippe) van "ḥāsīd" in hierdie psalm (vgl. Anderson 1974: 38 en Anderson 1965: 21).

Die bidder het tot sy teleurstelling gevind dat die "ḥ^aāsīdīm" verdwyn het. Sabourin (1974: 298) meen dat dit 'n geslag was wat besig was om te verdwyn. Daarom roep die bidder tot JHWH om hulp (redding). Die ḥāsīd is hier die persoon wat in gemeenskaps-trou, volgens die verbond van JHWH leef (vgl. Kraus 1978a: 236 en Anderson (1972a:124) ðf volgens die geopenbaarde wil van JHWH en daarom is hy dus ook 'n regverdige man. Baie treffend word ḥāsīd hier as bywoord in die enkelvoud gebruik, wat die voorafgaande woord (gāmar) versterk. Gāmar beteken letterlik om iets (bv. ḥesed) tot 'n einde te bring. Daar is dus niemand wat ḥesed teenoor JHWH of teenoor sy medemens betoon nie want hulle "bedrieg" en "mislei" mekaar (v. 3) en "mishandel" die swakkes (v. 6). Maar ten spyte daarvan kan die bidder op God se woord sy vaste geloof bely (vers 8). Hy spreek sy vaste hoop uit dat JHWH die ḥāsīd en ḥ^{le}mūnāh sal bewaar (ṣāmar)³⁴ (vgl. Ps 34: 21; 86:2; 97:10; 121:7) (Van Uchelen 1979: 82). Omdat die werkwoord ṣāmar (v. 8) hier in verband gebring word met JHWH, wat sy verbond in stand hou, is daar terselfdertyd 'n verband met ḥāsīd, wat self as ver-bondstern funksioneer.

Ons merk hier die woord kombinasie "ḥāsīd-ḥ^{le}mūnāh" wat ook in Ps 31:24 en 2 Sm 20:19 voorkom. Daar is dus niemand meer wat "trou en standvastig" in die geloof is nie (vgl. Van Uchelen 1979: 79).

Al lyk dit vir die psalmis of geen ḥāsīd ḥesed bewys nie sal JHWH hulle (ḥ^asīdīm en ^{1e}mūnīm) bewaar (ḥesed aan hulle bewys) sodat hulle weer ḥesed aan JHWH en ander mense kan bewys.

Die voorkoms van aanverwante begrippe:

Die woord "^{1e}mūnīm" (v. 2) is sinoniem met ḥāsīd (Anderson 1974: 38) terwyl later in hierdie psalm na hulle verwys word as die "'āni" en "ebeyōn". Laasgenoemde twee woorde,³⁵ swakkes of ellendiges" en "armes of behoeftiges" (v. 6), word ook as sinonieme van ḥāsīd beskou (vgl. Anderson 1965: 21).

Die bidder verhef sy stem vir die ^{1e}mūnīm, vir hulle wat getrou is aan JHWH en aan sy verbond vashou (vgl. Kraus 1978a: 236). JHWH sal ook hierdie "betroubares" bewaar (vgl. voetnoot 34) sodat hulle mekaar nie sal bedrieg en mislei nie (v. 3). Hy sal "opstaan of ingryp" en uitkoms gee aan die "swakkes" en "armes"³⁶ wat tegelyk die "ḥ^asīdīm" en "^{1e}mūnīm" (v. 2b, 2c) is (vgl. Van Uchelen 1979: 81). In vers 6c gee JHWH die versekering as antwoord op die bede³⁷ in vers 2a, terwyl die mishandeling van die "swakkes" en die klagte van die "armes" die bede versterk (Durham 1972: 192).

Die funksionering van die begrip in verskillende situasies:

Die hulp van JHWH (in vers 6) sien anders uit as wat verwag is (Lamparter 1961: 75). Die mens versuim in 'n mate in hierdie psalm om ḥesed te bewys. JHWH kom toon in sy suiwerheid en onoorwinlikheid ḥesed aan die ḥ^asīdīm en ^{1e}mūnīm deur sy "uitredding" (v. 6) en "bewaring" (v. 8) van hulle (ook die ellendige en behoeftige).

PSALM 13Die afbakening van perikope:

Die meeste geraadpleegde kommentatore³⁸ is dit eens wat die indeling in perikope van hierdie psalm betref. Die jammerklagte (vers 2, 3) word tot vier keer ingelei deur die "hoe lank?" deur 'n man wat in wanhoop verkeer. Die klage word gevolg deur 'n dringende smeekgebed (verse 4, 5) wat 'n finale versoek is (met imperatiewe) en ten nouste met die klag saamhang. Die psalmis sluit die psalm af (v. 6) met 'n bevestiging van vertroue en 'n toewydingslied om sy dankbaarheid teenoor JHWH te betoon. So kry ons dan 'n duidelike ontwikkeling van gevoelens en gemoedere wat opkom uit die binneste van die bidder se siel (vgl. Weiser 1979: 162). Die opbou van hierdie psalm gee 'n skematiese³⁹ weerspieëling van die wisselende spanning en lewendige betrekking tussen die psalmis (se persoonlike omstandighede), sy vyand en (sy verhouding met) God (vgl. Van Uchelen 1979: 83).

Die direkte voorkoms van die begrip:

Vers 6 begin met die woord "āni" wat hier as uitdrukking van vertroue dien. Dit het die betekenis van 'n nadruklike versekering dat die bidder ten spyte van alles wat sy lewe bedreig op JHWH se hesed vertrou⁴⁰ (vgl. Kraus 1978a:244). Daarna volg die kombinasie "hesed-bāṭah" respektiewelik. Hesed funksioneer hier as onderwerp van vertroue (Stoebe 1952: 247). Ons kan dus sê dat die hesed van JHWH hier as grond van die vertroue van die bidder dien. Sy vertroue op JHWH se hesed is nie uit die lug gegryp nie. Uit ondervinding weet hy dat dit al is wat hy moet doen. Die psalmis se sekerheid vir sy hoop (vertroue), is JHWH se belofte om vir sy volk 'n God te wees, met alles wat dit insluit (Anderson 1972a:130). Die psalmis is dus in die geloof seker dat JHWH sy hesed (liefdevolle goedheid vroeër of later aan hom

sal betoon (vgl. Van der Ploeg 1973: 92) - daarom spreek hy asof dit al gebeur het (v. 6c). McKeating (1965: 76) is dus korrek as hy beweer dat die digter se geroep om redding en vergifnis nie tevergeefs is nie, omdat sy versoek funksioneer binne die konteks van 'n verhouding is wat bekend en op die proef gestel is. Deur te vertrou op God se hesed (sy troue hesed) het die psalmis 'n standvastige posisie bereik wat hom instaat stel om al sy teenswoordige swaarkry in die wind te slaan (deur JHWH se hulp) (Weiser 1979: 163).

Hesed dui in vers 6 dus op JHWH se "goedheid". Durham (1972: 194) merk tereg op dat die hesed van JHWH sy "onveranderlike liefde" is, wat "troue liefde" en onverdiende liefde bly te midde van alle veranderinge. Die psalmis wil vashou of vertrou op JHWH se liefde (hesed) wat getrou-naby aan hom is, en hom getrou navolg. Hy vertrou op die "hulpvaardigheid" (hesed) van JHWH, wat in die verbond⁴¹ aan hom toegesê is (Kraus 1978: 244). Volgens Koehler (1978a:318) dui hesed hier op JHWH se neerbuiging in welwillendheid na behoefte van die psalmis.

Die woord "hesed" kan ons hier vertaal met "troue liefde, standvastige liefde of verbondsliefde" (sien Ps 26:3 en vgl. Anderson (1972a: 130). Die psalmis se heuglike verlossing kom alleen deur JHWH se "troue liefde". Daarom kan hy juig oor sy verlossing wat God gegee het (v. 6b) terwyl sy verdrukkers oor sy ondergang juig (vgl. Van Uchelen 1979: 84).

Die voorkoms van aanverwante begrippe:

Die eerste twee woorde van vers 4 (luister en antwoord) is beide imperatiewe wat as uiterste hulpgeroep funksioneer (vgl. Kraus 1978a: 243). Die gebed om hulp word hier saamgevat in die werkwoord "antwoord" (vgl. Ps 69:17; 143:7). As JHWH die bidder "antwoord" skenk Hy volgens Van Uchelen (1979: 85) "bevryding" (v. 6b). Stoebe (1952: 245) meld dat "anāh" hier letterlik staan vir "hānan". Die psalmis vra dus eintlik

dat JHWH hom "genadig" sal wees, dat JHWH aan hom hesed sal bewys deur "sy oë te verlig"⁴² of aan hom "nuwe lewenskrag" te gee. Die psalmis vrees dat hy sal sterf (v. 4b, 5b) maar as JHWH "lig" (lewenskrag) skenk, sal hy lewe (sien Ps 16:11; 36:10; 31:17; 80:19, 20) - dan sal hy nie sterf nie. In vers 6b word dit duidelik dat JHWH die digter geantwoord (hānan-genadig was) het. Die uitkoms (v. 6b) wat JHWH gegee het en die goed doen (v. 6c), dui op God se hesed wat na die digter gekom het.

Die woord gāmal in vers 6c som die verlossing van JHWH (v. 6b) kernagtig op (Van Uchelen 1979: 86). JHWH beantwoord die psalmis se smeekgebed (v. 2). "Goed doen" beteken hier "om teenoor iemand te handel volgens sy dade". Volgens Van Uchelen (1979: 86) is gāmal 'n geykte term vir die "guns=bewyse" van JHWH teenoor sy gunsgenote en getroues (sien Ps 18: 21; 142:8), as teken van sy hesed (v. 6a). Soms hou hierdie werkwoord direk verband met "redding uit die dood" (vgl. Ps 116:7, 8; 119:17). Hier dui gāmal direk op die "uitkoms" (v. 6b) wat JHWH aan die psalmis gee. Ons kan dus sê dat JHWH hesed (troue liefde) aan die digter betoon het, deur hom verlossing te bied.

Die funksionering van die begrip in verskillende situasies:

Die psalmis kan nie anders as om sy dankbaarheid teenoor JHWH te betoon deur tot sy eer te sing (v. 6c) nie, omdat Hy hom "geantwoord" het, "uitkoms gegee" het en aan hom "goed gedoen" het. Omdat hy in 'n verhouding tot JHWH staan, kom hy sy verantwoordelikheid na deur op sy beurt indirek hesed aan JHWH te betoon (deur tot sy eer te sing) nadat JHWH aan hom guns (hesed) bewys het.

PSALM 14

Die begrip hesed kom nie in hierdie psalm direk voor nie. Myns insiens is hier ook geen aanverwante begrippe nie.

Die funksionering van die begrip in verskillende situasies:

Volgens Van Uchelen (1979: 89) en Ridderbos (1972: 154) is die woorde "daar is nie een wat goed doen nie"⁴³(v. 1e en 3c) die vanselfsprekende gevolgtrekking van die kontrasterende woorde "daar is geen God nie" (v. 1).

Die woorde van verse 1e en 3c kom ook in die kring van die verbondsvolk voor (vgl. Grosheide 1952: 40) en nie net onder die dwase nie. As JHWH vanuit die hemel af kyk is daar nie=mand wat "goed doen nie", "geen verstandige", "geeneen wat na die wil van God vra nie." Hulle roep Hom dus nie aan nie en weier om Hom te dien. Delitzsch (1871: 207) is van mening dat die oordeel van toorn (v. 5) wat die goddelose sal tref, terselfdertyd 'n openbaring van liefde is. Aan die een kant neem JHWH wraak en aan die anderkant bevry hy sy volk, dit is "die regverdiges" (v. 5). Want God is en bly 'n toevlug (v. 6) vir "die regverdiges" en sal hulle uit alle nood red. Sion (v. 7) is die berg van God se heiligheid. Dit dui op JHWH se verbondstrou (Grosheide 1952: 41), vanwaar Israel se red=ding kom. Alleen op grond van JHWH se genade is daar ver=lossing, uitredding vir die vrome (ḥāsīd). So bewys JHWH hesed aan laasgenoemde, wat voortspruit uit sy verbondstrou.

PSALM 16Die afbakening van perikope:

Kraus, Anderson en Rogerson⁴⁴ stem saam wat die indeling van die psalm betref terwyl Van Uchelen en Weiser⁴⁵ in 'n geringe mate verskil in verband met verse 1-4. Myns insiens is eers=genoemde drie kommentatore se fyner indeling beter en sien

Psalm 16 soos volg daaruit:

- v. 1-2 gebed met belydenis
- v. 3-4 aanbidding van ander gode (afgode)
- v. 5-8 uiting van vertroue
- v. 9-11 blydskap en seën van God se teenwoordigheid.

Die metrum is hoofsaaklik 3+3.⁴⁶ In verse 7 en 8 vind ons deurgaans die versmaat 4+3 en vers 10 4+4 (vgl. Kraus 1978a: 261).

Die direkte voorkoms van die begrip:

Delitzsch (1871: 228) merk tereg op dat daar geen grond is vir die lesing "h^asīd^ekā" nie.⁴⁷ Die woord "ḥāsīd" (v. 10 b) verwys na die psalmis (Dawid) in vers 10a. Die rede is myns insiens dat v. 10a en 10b parallel aan mekaar is.⁴⁸ So is "die graf" hier 'n parallelle term vir "die dood" (Durham 1972: 199).

Hierdie vertrouens-uitinge van die digter wys daarop dat die mens bestem is om te lewe (Kraus (1978a:269). Hy ervaar die bevrydingsmag van JHWH.

Die digter bedoel hier met die weerhouding van die graf en dood dat hy nog die gemeenskap en teenwoordigheid van God kan ervaar wat hom genadiglik gegun word deur die lewegewende krag van God (vgl. Weiser 1979: 178). Die rede is dat niemand Hom in die graf meer kan loof en prys nie.

Psalm 16 beskryf in 'n mate die "getroue-dienaar" (ḥāsīd).⁴⁹ Hy is 'n persoon wat by JHWH skuiling soek (v. 1). Sy welsyn hang uitsluitlik van God af. Hy beskou homself as eiendom van die Verbondsgod (v. 2). Hoe aantreklik die afgode⁵⁰ ook al is, hy bemoei hom nie met hulle nie (v. 3, 4). Hy wil dus daarmee sê dat JHWH in die middelpunt, die sentrum, van sy lewe staan en nie die afgode nie (vgl. Van Uchelen 1979: 101-

102), omdat JHWH ten volle beslag lê op die lewe van diegene wat in 'n verhouding (verbond) tot Hom staan (vgl. Weiser 1979: 173). Hy is 'n persoon wat JHWH loof en prys vir alles wat Hy aan hom doen (hesed) en dat hy deurentyd sy teenwoordigheid kan ervaar (verse 7, 8). Ons kan dus hieruit aflei dat die ḥāsīd in vers 10 'n lojale, 'vrome kind van God is, wat hesed teenoor JHWH beoefen. Die grondslag daarvoor is sy verbondsverhouding met JHWH (vgl. verse 1 en 2).

Die voorkoms van 'n aanverwante begrip:

Die woord ṭōb in vers 2 word gevolg deur die woord "bal" ('n poëtiese ontkenning), wat in hierdie konstruksie 'n positiewe betekenis het en dus versekering uitdruk (O'Callaghan 1954: 164). Die vertaling kan dus soos volg lui: "my goedheid berus op U" (vgl. Kraus 1978a: 261). Weiser (1979: 173) som die saak goed op as hy sê dat God vir die bidder nie net die "hoogste goed" bo alle ander goeie dinge is nie, maar dat Hy alleen die enigste "goeie" is, die absolute "seën", wat alle dinge omvat (sien Ps 73). Daarom kan die vertaling ook lui: "buiten U is daar niks goeds vir my nie" (vgl. Grosheide 1952: 46). Die digter verwag van JHWH alleen sy redding en beskerming (verse 9, 10 en 11). Hierdie "goeie" is die "hesed" wat alleen uit genade uit die hand van JHWH (die Verbondshoof) tot die ḥāsīd (v. 10) kom.

Die funksionering van die begrip in verskillende situasies:

In vers 1 bid die psalmis dat God (die Almagtige wat tot alles instaat is) hom in die toekoms sal beskerm soos in die verlede. Weiser (1979: 173) sê dat sy gebed opkom vanuit sy godsdienstige ervaring in die verlede. Van Uchelen (1979: 101) is oortuig dat die twee werkwoorde "beskerming" en "skuiling" 'n stereotipe funksie het, naamlik "beskerming" en "skuiling" teen die hande en strikke van die vyand. Daarom sal hy nie wankel nie (v. 8). Hy besef dat hy vir die res van sy lewe veilig in die arms van JHWH sal wees

(v. 9), na liggaam en siel (Weiser 1979: 176). JHWH sal hom "bewaar" van die afgode in alle opsigte (v. 4) en van die dood (die graf in vers 10). So sal die psalmis die goeie (v. 2 - ook hesed) in sy lewe ervaar as 'n gawe van die Verbondsgod - JHWH (vgl. verse 5 en 6; sien ook Ps 34:11; 84:12; 85:13; vgl. ook Van Uchelen 1979: 101).

Deur JHWH te loof en te prys, deur sy Naam te verhef en groot te maak, kom die psalmis sy kant van die verbondsverhouding na (v. 7). Dit is die dankbaarheid waartoe die digter gekom het (Grosheide 1952: 47). So kry ons 'n konstante dankbetuiging aan en seën van die Gewer (vgl. Delitzsch 1871: 227). Deur JHWH hier te loof en te prys as die bron van alles wat goed is beteken dat die mens niks by sy mag en majesteit kan toevoeg nie (Anderson 1972a: 144). Die bidder verhoog wel die mag van JHWH deur sy lofprysing (danklied) volgens Kraus (1978a: 266). Dit bring ons uit by 'n wedersydse hesed in die verhouding tussen JHWH en die bidder.

PSALM 17

Die afbakening van perikope:

Die grondtoon van hierdie psalm is klagte (vgl. verse 1-2 en 6-9). Daarom kan ons sonder meer van 'n Klaaglied praat. Hierdie psalm kan op twee wyses afgebaken word. Kommentatore soos Van Uchelen, Anderson, Weiser, Kraus en Kidner⁵¹ maak 'n redelik gedetailleerde afbakening. Lamparter, Sabourin, Maclaren, Böhl, Ridderbos en Van der Ploeg⁵² verdeel die psalm slegs in drie dele.

Myns insiens is Kraus (1978a: 272) en Anderson (1972a: 147) se indeling die beste. Psalm 17 kan dus as volg afgebaken word:

- v. 1-2 smeekgebed tot JHWH
- 3-5 onskuldbetuiging
- 6-9 weer 'n smeekbede tot JHWH
- 10-12 die vyand
- 13-14 appèl op JHWH se strafgerig
- 15 wens met sekerheid

Die direkte voorkoms van die begrip:

Daar is sommige kommentatore⁵³ wat nie tevrede is met die Masoretiese teks van vers 7 nie. Westermann (1980: 603) merk tereg op dat hesed as naamwoord hier as enkelvoud of meervoud kan funksioneer⁵⁴ (vgl. Ps 25:6; 89:2,50; 106:7, 45; 107:43).

Omdat ons geen steun het vir Gunkel en Leveen se voorstelle nie, hou ons by die Masoretiese teks wat hesed as 'n meervoud naamwoord, met die suffiks, tweede persoon enkelvoud, weergee.

In die derde perikoop (v. 6-9) roep die psalmis tot JHWH en smee om daadwerklike beskerming teen die goddelose vyande wat soos leus lê en loer op hul prooi (v. 12). So word die tema van hulp (smeekbede) in vers een weer herhaal in vers 6 (vgl. Van Unchelen 1979: 109). Die psalmis sê duidelik dat sy gebed beantwoord sal word (v. 6b) en kom só met 'n geloofsgetuigenis in vers 7 na vore. Gekonfronteer deur die geweld van sy vyand (waardeer hy beangs voel), soek die psalmis beskerming by God (Weiser 1979: 181). Hy doen dit deur sy onskuld te betuig (verse 3-5) en open so as't ware die weg om sy begeerte nader voor God te ontvou (Ridderbos 1972: 179).⁵⁵ Kraus (1978a: 277) is weer van mening dat die hulpvaardige ingryping van God in vers 2, "u sal uitspraak lewer in my guns", nou weer in die woorde "toon U wonderlike trou" (maak wonderbaar U hesed), afgesmeek word. Myns insiens het twee sake vir die psalmis se smeekbede (v. 7) aanleiding gegee, naamlik:

- (1) hy het geweet dat hyself hulpeloos is en
- (2) dat alleen JHWH hom sal help (vgl. Weiser 1979: 181).

Dit is tog belangrik om daarop te let dat vers 7 JHWH as die Verbondsgod karakteriseer. Hy is die God wat sy bewyse van hesed gee. In hierdie sin staan Hy bekend as die Bevryder of Verlosser (vgl. van Uchelen 1979: 109).

Nog 'n woord wat hesed verder beskryf, is die stam "pl" wat "die ongewone of buitengewone" kenmerk (vgl. Kraus 1978a: 277). Daarmee word op 'n gedurige en aanhoudende werksaamheid van God gewys. Britz (1982: 32) is korrek as hy meen dat die werkwoorde "beskerm of bewaar" en "verberg of wegsteek" in vers 8 op die aspekte van God se hesed, wat hier teenwoordig is, dui. Ons kan dus sê dat die woord hesed hier dui op redding (vgl. Stoebe 1952: 253) en verlossing wat met dagbreek sal kom (vgl. McKay 1979: 231). Dit gaan dus nie net om 'n bewarende en beskermende handeling van JHWH (vgl. Britz 1982: 32, sien ook vers 8) nie, maar ook om 'n reddende handeling (sien vers 13). Ridderbos (1955: 138) is dus korrek as hy die funksie van hesed hier sien as 'n "volkome verlossing" uit die groot nood.⁵⁶ Die woord "Verlosser" het dus ook betrekking op hesed (vgl. Van Uchelen 1979: 112), wat op JHWH se uitredding dui. JHWH se regterhand is hier die simbool van die mag (krag) waarmee hy die psalmis help, beskerm, bewaar en red (sien Rogerson 1977a: 71) en Ridderbos 1955: 138).

In vers 7 smee die psalmis dat JHWH sy hesed sal demonstreer. Weiser (1979: 181) meld tereg op dat sy smeekbede nie as 'n uitdaging tot God om 'n wonderwerk te bewerk, beskou moet word nie. Inteendeel, dit kom op vanuit 'n opregte vertroue wat gehandhaaf is (vgl. verse 2-6 en 15). Dit is dus duidelik dat die psalmis in 'n gemeenskapsverhouding met JHWH staan. Vandaar Kraus (1978a: 277) se vertaling "liefdevolle verbondenheid" wat dui op die ingryping van JHWH se hesed as 'n wonderbaarlike gebeurtenis. Hesed kenmerk hier dus 'n goeie, welwillende en vriendelike houding, wat 'n spontane liefdes-ver-

bondenheid in werking stel (Kraus 1978a: 277). Kidner (1977a: 87) praat van "troue liefde", wat 'n sterk element is van daardie trou wat ten volle deel is van die verbond. Hesed bevat dus die genade en trou, om beloftes te vervul (Alden 1974: 44).

Hesed is dus die "troue verbondsliefde" waarmee JHWH die psalmis sal bewaar en beskerm en as Verlosser sy hāsīd met sy kragtige regterhand uit die mag van die goddelose sal red. Kort en kragtig, kan hesed hier met "trou" vertaal word (sien Britz 1982: 32 en die 1979 vertaling van die Nuwe Testament en Psalms). Geen aanverwante begrippe van hesed kom in Psalm 17 voor nie.

Die funksionering van die begrip in verskillende situasies:

Die drie woorde "beskerm" (v. 8a), "verberg" (v. 8b) en "red" 8v. 13b) is elkeen op sigself nie 'n aanverwante begrip van hesed nie. Maar JHWH bewys hesed aan die psalmis deur hom soos sy oogappel liefdevol en sorgvuldig te bewaar (vgl. Ridderbos 1955: 138). Soos 'n arend sy kleintjies beskut (Dt 32: 11), so verberg JHWH die digter in sy skaduwee teen gevaar (Gn 19:8); Jes 25:5). In vers 13 word JHWH met drie kernagtige imperatiewe tot 'n reeks handeling opgeroep (Van Uchelen 1979: 119). Deur die verskriklike straf wat die digter die goddeloses toewens, vra hy eintlik indirek 'n daad van hesed van JHWH. Wanneer JHWH sy vyand neerwerp, laat Hy die bidder ontsnap en red sō sy lewe. Die goddelose is terselfdertyd ook JHWH se vyand omdat hulle nie in die weg van sy verbond met Israel wandel nie (vgl. Rogerson 1977a: 73).

In hierdie verskillende situasies toon JHWH sy wonderlike hesed (v. 7) aan die bidder.

PSALM 22

Psalm 22 word nie in perikope verdeel nie omdat die begrip hesed glad nie hierin voorkom nie. Dit bemoeilik dus die bepaling van die voorkoms van aanverwante begrippe van hesed in hierdie psalm. Myns insiens is hier ook geen situasie waarin die begrip funksioneer nie.

PSALM 23Die afbakening van perikope:

Kraus (1978a: 336) en ander geleerdes⁵⁷ verdeel hierdie psalm in twee dele:

- (1) verse 1-4 met 'n versmaat van 2+2+2 wat oor JHWH as Herder handel en
- (2) vers 5-6 met 'n versmaat van 3+2. (sien Anderson 1972a:196) wat oor God as Gasheer handel. JHWH en God staan telkens teenoor die psalmis.

Die direkte voorkoms van die begrip en die voorkoms van 'n aanverwante begrip:

Die woord "tōb" in vers 6 is die teenstelling met "onheil of kwaad" in vers 4. Hesed en tōb funksioneer hier as sinonieme (vgl. Ridderbos 1955: 206).

Die woord "tōb" is myns insiens 'n goddelike kenmerk wat hier met hesed verbind is. Dit is moeilik om hierdie twee woorde letterlik weer te gee. Daarom word hulle by benadering ver=taal. Van der Ploeg (1973: 163) vertaal "tōb wāhesed" soos volg: "gawe en liefdevolle goedheid", "voorspoed en seën". Dit gaan vir Ridderbos (1955: 206) hier om die goeie dinge van die lewe en die liefderlike, troue versorging, leiding en beskerming. Hesed is hier nie net 'n verbondswoord nie (vgl. Kidner 1977a: 112), maar dit vorm saam met tōb 'n uitdrukking van die gods= dienstige tradisies van die volk van die verbond (sien Sabourin

1974: 270). Hesed saam met "goedheid" suggereer dus die vaste goedheid en bystand waarop 'n mens kan reken, byvoorbeeld in 'n gesin of in 'n hegte vriendskapsverhouding. Hesed wil in Ps 23 spesiaal beklemtoon dat JHWH die beloftes hou wat Hy in sy verbond gegee het. Daarom kan ons sê dat God se onfeilbare liefde 'n lewenslange belofte is van sorg of goedheid (hesed), (Rogerson 1977a: 107). Dit bring 'n groot verandering van omstandighede in die psalmis se lewe. Hy word nie meer agtervolg of vasgevang deur sy vyand nie, maar hy word letterlik agtervolg, agternagesit deur JHWH se goedheid en verbondstrou. Die bedoeling is dat JHWH die deur Hom beminde psalmis met sy goeie gawes sal vergesel (Van der Ploeg 1973: 163). JHWH se ṭōb wāḥesed sal hom nooit verlaat nie, en ook niks sal hom daarvan skei nie. So sal die psalmis as lid van die verbondsverhouding in 'n intieme en onverbreekbare gemeenskap met God leef (sien Weiser 1979: 230), nie net in hierdie lewe nie, maar ook in die lewe hierna (Alden 1974: 61).

As Ou Testamentiese gelowige weet die psalmis dat God se hesed beter is as die lewe (sien Ps 63: 4; 4: 7; Hab 3: 17) en daarom hoop hy nie net om uiterlik God se nabyheid in die tempel te ervaar nie, maar ook om vir ewig met Hom in die hemel te wees.⁵⁸ Hy verlang dus ook na die geestelike aspek van sy gemeenskap met God (vgl. Weiser 1979: 230). Dit gaan hier vir Van Uchelen (1979: 162) om die betroubaarheid van God en die veiligheid van die digter.

Ṭōb en hesed is in hierdie psalm die resultaat van God se verbondslojaliteit. Die woord ṭōb is myns insiens 'n aanverwante begrip van hesed in vers 6. Hesed kan hier vertaal word met goddelike liefde, troue versorging of liefdevolle beskerming en bystand.

In Psalm 23 funksioneer die begrip "hesed" nie in verskillende situasies nie.

PSALM 25Die afbakening van perikope:

Onderwyl die psalmis kla oor die dreiging van die vyand en die ondraaglikheid van die sonde, weerklink sy dringende gebed om God se weg te leer ken.

Psalm 25 kan in drie dele afgebaken word,⁵⁹ naamlik: verse 1-7 is 'n oproep tot God om hulp, bystand en vergifnis. Die tweede perikope (vv. 8-14) bevat 'n gelowige uiteensetting oor die wese van JHWH se weg en die "goeie" waarop hierdie weg uitloop. Die laaste perikope begin met 'n versekeringsuitdrukking. In hierdie verse (15-22) versoek die digter JHWH om daadwerklike uitredding. Die psalm sluit dan af met 'n gebed vir Israel (vgl. Anderson 1972a: 207 en Van Uchelen 1979: 170).

Die metrum is hoofsaaklik 3+3. Net in vers 15 is die versmaat 3+4 en in vers 22 is dit 3+2 (vgl. Kraus 1978a: 351).

Die direkte voorkoms van die begrip:

In vers 6 en 7 kry ons 'n chiasme (vgl. Alden 1974: 65):

- | | |
|--|---|
| | a. v. 6a Dink aan U <u>hesed</u> . |
| | b. v. 7a Dink nie aan my jeugsonde nie. |
| | b. v. 7b Dink nie aan my oortredinge nie. |
| | a. v. 7c Dink aan U <u>hesed</u> . |

Regdeur die psalm staan die vergifnis van sonde sentraal. Die psalmis gebruik 'n sagte verbod (afraai) in vers 7a+b. Hy vra saggies dat JHWH (voortdurend) nie aan sy sonde en oortredinge sal dink nie. Die digter gebruik die imperfektum hier vir die woord zakar wat hesed beheers.

In vers 6 kom die psalmis met 'n positiewe bevel na JHWH om sy rah^amm en hesed te onthou. Dié twee selfstandige naamwoorde

staan beide in die meervoud. Ons het hier 'n voorbeeld hesed met sy betekenis in die sin van rah^amīm (Stoebe 1952: 253). Die begrip rah^amīm funksioneer dus hier as 'n aanverwante begrip⁶⁰ van hesed.

Die meervoudsvorm⁶¹ van hesed dui volgens Ridderbos (1955: 218) hier die volheid of intensiteit daarvan aan. Met ander woorde, dit gaan hier om die kwaliteit van JHWH se hesed vir die psalmis (Rogerson 1977a: 114). God se wese is van ewigheid af onveranderlik. Dit is die rede waarom sy volk op Hom vir ewig en altyd kan reken. Omdat die psalmis uit ervaring weet dat God van ouds af hesed aan sy hāsīd(īm) bewys (sien verse 3, 5, 8, 9; vgl. ook Ps 103: 17; vgl. Van der Ploeg 1973: 172) en seker is van sy noue verwantskap met God (Weiser 1979: 239), pleit hy enersyds dat JHWH ook nou sy hesed sal gedenk, en andersyds dat Hy sy sonde en oortredinge sal vergeet. Ridderbos (1962: 263) is dus korrek as hy meen dat die digter op God se verbondstrou pleit. Hy appelleer dus op JHWH se hesed en rah^amīm wat vir ewig is (Kraus 1978a: 353).

Ons kan hesed in vers 6 dus weergee met "welwillendheids=bewyse, liefdesdade, daade van goedheid, verbondsliefde⁶² en gunsbewyse."⁶³ Maar omdat die gebed om vergewing van sonde hier op die voorgrond staan en die psalmis homself as deel van die verbondsvolk sien (sien vers 1— hy gebruik die verbondsnaam JHWH) word die woorde "troue liefde" en "verbondstrou (lojaliteit)" verkies (vgl. Gn 32: 9-11).

Hesed kom 'n tweede keer in vers 7 voor. Dit is belangrik om daarop te let dat hesed ook hier in die verband met vergiffenis van sonde funksioneer (vgl. Kraus 1978a: 353). Die bidder pleit dat JHWH glad geen rekening moet hou met sy sonde en oortredinge nie (vgl. Job 13: 26). Omdat hy weet dat hy vanweë sy sonde JHWH se hulp onwaardig is, lê sy pleitgrond in God self. Hý alleen is goedgunstig (verse 7c en 8), omdat Hy 'n God van hesed (goedheid) is (Ridderbos 1955: 218).

Hier funksioneer hesed in die enkelvoud en dien as maat=staf of beginsel van handel (Stoebe 1952: 247).

Die bidder pleit hier dat JHWH volgens sy verbondsbeloftes sal handel (vgl. Anderson 1972a: 209; sien ook Ps 119: 49). Met ander woorde, die psalmis se pleitrede om vergifnis berus op JHWH se hesed⁶⁴ (vriendelike goedheid). Dahood (1966: 157) is dus korrek as hy sê dat die onafhanklike by=woord "attāh" in die sinsdeel van vers 7b, dien as beklem=toning van die suffiks van hesed.

Alleen die hesed van God wat die digter soek, is in staat om die gebroke verhouding tussen hom en God te herstel (Weiser 1979: 239).

Hesed kan goed weergegee word met "goedgunstigheid", "troue liefde" en "trou".

'n Mooi chiasme is duidelik sigbaar as tōb (’n aanverwante begrip van hesed in vers 7) vertaal word met "liefde" of die "goedheid" van God. Let op:

v. 6a	liefde	(<u>rah^amīm</u>)	mv.	} funksioneer saam
v. 6b	trou	(<u>hesed</u>)	mv.	
v. 7b	trou	(<u>hesed</u>)	enkv.	} funksioneer saam
v. 7c	liefde	(<u>tōb</u>)	enkv.	

Baie interessant is dit dat rah^amīm (6a) en hesed (6b) albei meervoudige naamwoorde is, terwyl hesed (7b) en tōb in die enkelvoud voorkom. In verse 6 en 7 funksioneer hesed in verband met die smeking om vergiffenis van sonde in ’n verbondsverhouding. As Verbondsgod bly JHWH getrou aan sy beloftes en daarom ook getrou aan sy vergewende liefde⁶⁵ (goedheid). Rah^amīm en tōb funksioneer hier dus as aanver=wante begrippe van hesed (in vers 6 en 7), ook vanweë die feit dat hulle gebruik word as kenmerke van JHWH, die Verbonds=god.

Ḥesed kom 'n derde keer direk voor in vers 10. Hier vind ons ḥesed in verbinding met 'e_{met}. Saam met 'e_{met} kom ḥesed voor in die verbinding⁶⁶ (soos hier), "ḥesed we'e_{met}". In vers 6 het ons die een aspek van die betekenis van ḥesed waar dit in 'n engere sin saam met rah^amīm (ontferming) gebruik word. Omdat ḥesed (hier v. 6) van God na die mens (ḥasid) uitgaan, gaan dit om die realisering van die verbond (vgl. Westermann 1980: 602-603). Andersyds het ons hier (v. 10) 'n ander aspek van die betekenis van ḥesed, naamlik ḥesed met 'e_{met}.⁶⁷ Dit is vir Dahood (1966: 157) 'n voorbeeld van hendiadis. 'E_{met} is dus hier 'n aanverwante begrip van ḥesed. Dahood (1966: 231) sien hulle ook as twee gepersonifiseerde boodskappers wat deur God gestuur is om die psalmis te vergesel en te beskerm (vgl. Ps 23: 6; 43: 3; 57: 11; 62: 8).

Sonder om vers 10 direk te beskou as hoogtepunt van vers 8b en 9, kan ons seker praat van ḥesed en 'e_{met} as JHWH se weë, wat hier duidelik gestalte kry. Die psalmis bedoel met hierdie twee paaie "sy verbond"⁶⁸ en "sy verordeninge" (Van der Ploeg 1973: 172). Ḥesed is die bewyse van JHWH se "liefdevolle goedheid" terwyl 'e_{met} (sien ook v. 5) die dokumente van "waarheid" is. Dit is die paaie waarin JHWH sy volk wil lei (Perowne 1976: 259). Ons kan ook soos Anderson (1972a: 210) sê, dat dit die gedrag is wat Hy sy mense wil leer. Hy leer hulle daardeur dat alles wat Hy vir hulle (sien verse 4, 5, 8, 9, 12 en 14) doen, gegrond is op sy beginselvaste troue liefde (ḥesed) en trou ('e_{met}), (vgl. Alden 1974: 65). Ons vind dus hier, dat die verhouding tussen JHWH en sy aanbidders dié is van wederkerige ḥesed en 'e_{met}. Alles wat JHWH met sy volk deel word gekenmerk deur 'n lojaliteit aan sy verbondsbeloftes en deur 'n absolute betroubaarheid (vgl. Ps 89: 33). Weiser (1979: 43) wil "ḥesed we'e_{met}" hier sien as 'n verkorte samevattende vorm van JHWH se verlossingsdade (vgl. v. 5), met ander woorde, dit omvat die hele "Heilsgeschiede" in 'n enkele sinsnede.⁶⁹ JHWH bewandel die weg van "ḥesed we'e_{met}" deur sy verlossingsdade, beskerming en seën

wat deel is van sy ryke beloftes (sien verse 6, 7, 9, 13, 17 en 20) aan sy h^asīdīm (v. 12) mee te deel. 'E_{met} gee die sekerheid van JHWH se beloftes aan hulle. Die bidder pleit om lojaliteit en gehoorsaamheid aan sy (JHWH) verbond waardeur hy op sy beurt hesed kan bewys (vgl. Rogerson 1977a: 114) en so getrou sy verbondsverpligtinge⁷⁰ of bepaalde gedragsreëls (Van der Ploeg 1973: 171) kan nakom.

Daarom kan ons nou met Böhl (1968: 150) saamstem dat JHWH se verbond (b^erīt in v. 10b) met sy volk in "hesed we 'e_{met}" die waarborg is van sondevergewing, want sy Naam (JHWH), hou immers die bekende verklaring van hierdie naam in (sien Eks 3: 14 - die belofte van God se bestendigheid). Die pad van God se insettinge⁷¹ is tewens die pad waarop sy liefdevolle lewensleiding (hesed) getrou gesmaak word (Ridderbos 1962: 265). Wie dan op hierdie weë (hesed we 'e_{met}) gaan, sy verbond en sy verordeninge bewaar, leer God se trou in die vorm van solidariteit en standvastigheid (v. 10a) ken (Van Uchelen 1979: 172).

Daar is dus 'n voortdurende verbondenheid tussen hesed en 'e_{met}. Ons kan hesed dan hier met (verbonds) liefde vertaal en 'e_{met} met (verbonds)trou.

Die voorkoms van aanverwante begrippe:

In vers 6 vind ons die woord "rah^amīm" (manlike naamwoord in die meervoud) as aanverwante begrip van hesed (v. 6). Die woord "zākar" (imperatiewe vorm) beheer "rah^amīm" en "hesed". Baie interessant is dit dat waar rah^amīm⁷² as ekwivalent van hesed funksioneer, hy in die meervoudsvorm gebruik word (Anderson 1972a: 391). Rah^amīm (ontferm) is hier die soortgelyke "gevoel" van wat 'n normale moeder teenoor haar kind het (vgl. Jes 49: 15).⁷³ Delitzsch (1871: 343) is dus korrek as hy meen dat die meervoudsvorm op die ryke en oorvloedige rah^amīm van JHWH dui.

Die psalmis pleit dus dat JHWH ook sy rah^amīm (nie net hesed nie), wat van blywende en ewigdurende kwaliteit⁷⁴ is, sal onthou maar ook nou reeds sal aanwend en toepas (vgl. Durham 1972: 221). Dit is volgens Ps 4: 7 en Jes 63: 7 duidelik dat God se goedheid juis die grond is vir sy "barmhartigheid", maar terselfdertyd ook die grond dat rah^amīm van ewigheid af reeds bestaan (sien ook Van Uchelen 1979: 172).

Rah^amīm is dus hier JHWH se diepste (verbonds) gevoel teenoor die psalmis, wat h mens slegs by JHWH die Verbondsgod kry, wat dit openbaar of toepas ten opsigte van sy verbondskinders (h^asidīm). Rah^amīm kan dus hier weergegee word met "troue (verbonds) liefde" wat h diepe ontferming en erbarming beteken.

h Tweede keer kom die psalmis met h positiewe bevelsvorm (zakar - imperatiewe vorm) na JHWH as hy om sy hesed pleit (v. 7). Hier pleit die psalmis dat JHWH in sy behoefte (om aan gedink te word in troue liefde deur vergifnis van sonde (vv. 7, 11, 18), redding en beskerming (verse 17 en 20) te ontvang) sal voorsien. Die rede waarom hy dit kan en mag vra is JHWH se tōb (goedheid - hier in enkelvoud soos hesed). Tōb is hier h eienskap van JHWH, net soos rah^amīm (v. 6), emet (v. 10), en hānan (v. 16). Delitzsch (1871: 343) meen dat tōb hier ekwivalent is aan die stelling "God is liefde". Die volgende tweereëlige vers (v. 8) toon dat tōb hier dui op JHWH se goedheid, sy goedheid wat opkom uit sy (verbonds) liefde. En omdat JHWH ook "goed" is, is Hy bereid om son=daars in die weg (die waarheid) te onderrig (vgl. Ridderbos 1955: 219).

Die woord "l^ema^can" lei hier h doelaanwysende sin in. Ons kan dus sê dat JHWH goedgunstig (hesed) mag en kan wees teenoor die psalmis, omdat Hy h God van goedheid is.

Die psalmis noem in vers 8 h voorbeeld, waarom hy dink en sê dat God "goed"⁷⁵ is (vgl. ook verse 9, 12, 13, 14, 15). Dat JHWH "goed en regverdig" is lê daarin opgesluit dat Hy selfs

vir sondaars die pad aanwys (Kraus 1978a: 353). Die woorde "goed en regverdig" sit dan s6 indirek die gedagte van die vorige verse voort, en moet direk op die volgende vers betrek word.

Die woord "t6b" wil s6 dat God geheel en al goed is en dat h mens van Hom slegs die goeie kan verwag (Van der Ploeg 1973: 172). Daarom kan ons s6 dat, omdat JHWH goed is, Hy regverdig is en omdat Hy regverdig is, is Hy ook goed. Stoebe (1952: 253) beskou t6b hier as aanvulling van hesed.

Die laaste aanverwante begrip van hesed kry ons in vers 16 (hanan). Maar weer eens kry ons h ander woord (panah) in dieselfde vers met dieselfde vorm. Anderson (1972a: 212) is myns insiens korrek as hy beweer dat die imperatiewe vorm van panah hier ekwivalent is aan hanan (ook imperatiewe vorm). Ridderbos (1955: 221) praat van die goddelike belangstelling wat getoon word, waarin die hulp van JHWH reeds opgesluit is. Panah funksioneer dan indirek ook as aanverwante begrip van hesed in Ps 25. Deur hanan en panah kom pleit die psalmis weer eens met h positiewe versoek om die onverdiende guns van JHWH (sien ook Ps 57: 1).

JHWH openbaar sy goedheid en genade deur die digter se sonde te vergewe (vv. 11, 18) en hom te beskerm en te red uit sy ellende (vv. 17, 20). Omdat JHWH tewens genadig is wys Hy selfs vir sondaars die pad aan (v. 8).

Al verskil tussen hesed en hanan dan ook, moet ons onthou dat hesed in enige rigting beweeg, terwyl hanan net deur h ho6re persoon aan h laer persoon bewys word. In hierdie geval word die hanan van God vir die psalmis afgesmeek.

In hierdie psalm funksioneer die begrip nie in verskillende situasies nie.

PSALM 26Die afbakening van perikope:

Die psalm begin met 'n gebed om regverdiging, wat terselfder=tyd ook 'n versekering van die psalmis se integriteit en lojaliteit tot God insluit (vv. 1-3). 'n Tweede strofe (vv. 4-5) volg as 'n opregtheidsbetuiging wat in 'n negatiewe sin voortgesit word. In verse 6-8 kom die psalmis met 'n onskuldbetuiging na vore en sluit dit af met 'n vertrouensmotief. Soos verse 1-3 is verse 9-11 'n bede tot JHWH. Die bidder sluit die psalm af met die betuiging van die sekerheid van verhooring (v. 12).⁷⁶

Die ritme is hoofsaaklik 3+3 (Vogt 1962: 330).⁷⁷

Die direkte voorkoms van die begrip:

Ons het in vers 3 'n manlike (hesed) en vroulike ('met) selfstandige naamwoord, beide in die enkelvoud, wat sinonieme van JHWH se trou aan sy beloftes (om die h^asidim te beskerm) is (vgl. Rogerson 1977a: 118).

Die woordjie "kī" lei hier 'n redegewende (kousale) sin in. Daarom staan vers 3 nie los van vers 1-2 nie (vgl. vers 1 se sinskonstruksie). Die bidder sal die toets deurstaan (sien v. 2; vgl. Ps 17:3, 66:10 en Jr 6: 27), omdat JHWH se hesed (guns en genade) hom voor oë staan. Weiser (1979: 243) meen dat dit die hele openbaring van die goddelike wese⁷⁸ en wil (opgesom in die verbondsterme, "hesed we'^emet") is, wat as 'n lewende realiteit vir die digter voor oë bly (vgl. vers 1- "Ek het op JHWH vertrou en nie getwyfel nie"). Die hasid se grond vir sy onskuld betuiging en sy standvastige wandel in opregtheid is dus JHWH se standvastige trou (hesed) (vgl. Van Uchelen 1979: 177). Ridderbos (1955: 226) is myns insiens korrek as hy meen dat "U hesed (goedgunstigheid) is voor my oë" sinoniem is met die "vertroue op JHWH" van vers 1.⁷⁹

Ons kan dus sê dat die ḥasīd se hele lewe, wat betref sy denke en daade, steun op en geheel en al afhanklik is van JHWH se verbondsbeloftes en alles wat dit insluit.⁸⁰ Die woord "'emet" bedoel hier die "betroubare verbondswaarhede". Dit is dus voor die hand liggend dat ḥesed en 'emet hier as parallelisme funksioneer.

Die gelowige psalmis is getrou aan sy verbondsverpligtinge:

- (1) as hy voortdurend JHWH se liefdevolle goedheid en genadige houding (ḥesed) in gedagte hou en daarop steun en
- (2) as hy op die betroubaarheid en voortgang van JHWH se goeie gedragswyse as verbondswaarhede vertrou (daarin wandel). Ḥesed en 'emet kenmerk hier JHWH se liefdevolle verbondenheid aan sy kneg (vgl. Kraus 1978a: 359).

Die voorkoms van aanverwante begrippe:

Ons het 'emet (v. 3) as aanverwante begrip van ḥesed reeds onder die direkte voorkoms van die begrip bespreek.

Die uiting van die psalmis se liefde ('āhēb - v. 8) vir JHWH se huis is tegelyk 'n trou-betuiging aan Hom en is volgens Ridderbos (1955: 228) dus 'n voortsetting van verse 1-3. Ons het hier te doen met 'n positiewe aspek van die regte houding (verbondsverpligting) tot JHWH (Anderson 1972 a: 217). Die psalmis wil daardeur vir JHWH sê dat hy Hom liefhet.⁸¹ Hierteenoor staan die digter se haat vir die vergadering van die kwaaddoeners (v. 5). Ons het hier te doen met 'n mens wat ḥesed aan God betoon.

Die psalmis roep in vers 11 om verlossing (pādāh) en begenadiging (ḥānan). Beide woorde is in die imperatief manlik enkelvoud. Pādāh beteken letterlik "loskoop van die dood" (vgl. v. 9). Ḥānan kenmerk volgens Ridderbos (1955: 228) die begeerde goddelike ingrype (as 'n bewys van hulp) in neerbuigende goedheid aan 'n ellendige (sien Ps 4:2).

Pādāh en ḥānan is dus beide bewyse van JHWH se ḥesed aan h mens.

Die funksionering van die begrip in verskillende situasies:

Die breë omskrywing van verse 1-3 is h uiting van liefde. Deur te "vertrou" op JHWH is duidelik h daad van ḥesed as verbondsverpligting deur die psalmis aan JHWH.

Die digter sluit sy gedig af met h belofte van lofprysing. JHWH kan nie ontrou wees aan sy verbondsbeloftes nie. Daarom sal die bidder deur begenadiging verlossing ontvang sodat hy JHWH se Naam kan loof en prys in die samekoms van die gemeente.

PSALM 27

In Psalm 27 is geen direkte voorkoms van die begrip ḥesed nie. Daarom geen afbakening van perikope nie.

Die voorkoms van aanverwante begrippe:

nō^cam (v. 4) dui op JHWH se lieflikheid, vriendelikheid en goedheid (vgl. Ps 90:17; 135:3). Rogerson (1977a: 123) meen dat die koms van h nuwe dag (dagbreek) sinoniem is aan "die belewe (aanskou) van JHWH se goedheid". Beide is tekens van ingaan in God se teenwoordigheid.

Die woord "ṭōb" (v. 13) het ook die voorvoegsel "b^e" en is verbind met "JHWH" (b^eṭōb-JHWH). Soos nō^cam is ṭōb ook h selfstandige naamwoord manlik enkelvoud). "ṭōb JHWH" is dus sinoniem met "nō^cam-JHWH" in v. 4 (vgl. Kraus 1978a:369). Om die goedheid van JHWH te aanskou (v. 13) het dus hier ook die betekenis om JHWH se teenwoordigheid te ervaar. In verse 4 en 13 het ons volgens Weiser (1979: 248) ook die betekenis dat die psalmis verseker word van JHWH se liefde, guns en genade.

Die begeerte van die psalmis was die ontmoetig met God, as 'n getuienis van sy guns en as waarborg van sy (bidder) lewe. Deur sy gemeenskap met God en sy vertroue op JHWH is hy ver-seker van redding in tye van gevaar (vv. 3, 5, 8). Beide woorde (tōb en nō^cam) straal die wonder van die "heilsonder-steuning" en die wonder van die lewe uit (vgl. Ps 16:10 en sien Kraus 1978a: 369).

Die funksionering van die begrip in verskillende situasies:

Op die dag van gevaar sal die psalmis veilig bewaar word deur JHWH (v. 5). Hy is verseker van JHWH se verdedigbaar-heid en sekuriteit wat Hy hom (bidder) bied (vgl. Rogerson 1977a: 123). Omdat God hom beskerming bied sal hy sy hulp vier met offers en die sing van lofliedere (v. 6). Die psalmis vertrou dat JHWH hom sal help deur sy gebede te verhoor (vgl. v. 7).

In vers 7 pleit die bidder om verhoring van sy gebede waar-deur hy om hulp vra. Hy smEEK dus vir 'n aktiewe ingryping en vir 'n positiewe demonstrasie van JHWH se guns.

JHWH sal die gelowige begenadig as Hy sy gebede verhoor, deur soos in die verlede hom te help en te red (v. 9). Die psalmis vertrou op JHWH se goedheid, wat altyd vas bly staan.

In vers 5 en 9 gaan dit om JHWH se guns (ḥesed) teenoor die gelowige terwyl vers 5 melding maak van die bidder se betoning van dankbaarheid (ḥesed) teenoor JHWH. Dit is duidelik dat hier 'n innige verhouding tussen JHWH en sy ḥāsīd (kneg - v. 9) geteken word (vgl. Van Uchelen 1979: 185).

PSALM 28

Psalm 28 word nie in perikope afgebaken nie aangesien hesed nie hierin direk voorkom nie.

Die voorkoms van aanverwante begrippe:

In vers 9 het ons te doen met 'n parallelisme. Die woord vir "u erfdeel" (dié wat aan U behoort - v. 9b) dien as aanduiding van die "volk" Israel (v. 9a)⁸² (vgl. Kraus 1978a: 375). Ons het hier twee werkwoorde (y^sc - v. 9a en brk - v. 9b) wat as aanverwante in die imperatiewe vorm funksioneer. As die psalmis JHWH deur 'n positiewe bevel versoek om "sy volk te red", dan bedoel hy dat JHWH "die wat aan Hom behoort moet seën" (vgl. Durham 1972: 227). Van Uchelen (1979: 190) meen dat hier gevra word dat God dié besondere posisie van sy volk sal erken deur hulle te laat "wei" en te "dra" as 'n herder (vgl. Jes 40:11).

Anderson (1972a: 232) is myns insiens korrek as hy beweer dat vers 9 'n versoek tot JHWH (sy Verbondsgod) is om sy guns en goedheid (hesed) aan sy volk (eiendom) te openbaar (vgl. Dt 7:12-16).

Omdat daar 'n noue verhouding tussen JHWH en die psalmis is (sien v. 1 - "JHWH, my Rots") en hy dit uit ervaring in vers 8 kan bely (sien ook v. 7), kom hy met 'n versoek om die hesed van JHWH te ontvang. JHWH "brk" (seën) sy verbonds= volk deur hulle te red. Met ander woorde JHWH bewys hesed aan die wat aan Hom behoort (deur hulle te verlos). JHWH is dus die subjek van die "brk".

Die begrip "hesed" funksioneer nie in hierdie psalm in ver= skillende situasies nie.

PSALM 31Die afbakening van perikope:

Daar is weinig verskil by kommentatore wat betref die breë indeling van hierdie psalm. Hierdie psalm word in twee dele verdeel⁸³ nl.: verse 2-9 en 10-25 (vgl. Kraus 1978a: 397). Wat hier baie interessant is, is dat dit wat die psalmis in verse 2-9 aanroer in verse 10-25 'n ruimer plek kry.

Daarom vereenselwig ek my met Van Uchelen (1979: 207-208) en Ridderbos (1972: 313-314) se mikro-indeling⁸⁴ van hierdie psalm. Die afbakening lyk dan soos volg:

- | | | |
|-----|------------|---------------------|
| (1) | vv. 2-3 | gebed |
| | vv. 4-7 | uiting van vertroue |
| | vv. 8-9 | danklied |
| (2) | vv. 10-14 | klagte |
| | vv. 15-16a | uiting van vertroue |
| | vv. 16b-19 | gebed |
| | vv. 20-25 | danklied |

Die ritme van hierdie psalm varieer baie (vgl. Kraus 1978a: 394).

Die direkte voorkoms van die begrip:

Die vorm van hesed in vers 8 (manlik enkelvoud) kom ook in vers 17 voor. Hier (v. 8) staan hesed in verband met twee werkwoorde (jubel en juig). In Ps 13:5 word "jubel" as werkwoord in die sin van 'n "vyandelike gejuig" gebruik (vgl. ook Ps 14:7 en Ps 2:11). Maar hier jubel en juig die psalmis oor die bevryding (v. 5) en die vrymaking (v. 6) van die mag van die vyand (vv. 8 en 9). Kraus (1978a: 397) meen dat die woorde "ek wil jubel en juig oor U hesed" as 'n gelofte ten gunste van 'n toekomstige danklied verstaan kan word.

Die psalmis jubel en juig triomferend omdat JHWH sy ellende aangesien het (v. 8b) en die bedreiging van sy lewe raakgesien het (v. 8c), deur hom nie aan die mag van die vyand oor te lewer nie (v. 9a), maar aan sy voete 'n veilige staanplek te gee (v. 9b).⁸⁵ Ons vind dus die grond vir JHWH se hesed wat Hy aan die digter bewys het in vv. 8b-9b (vgl. Kraus 1978a: 397). Rogerson (1977a: 140) sê dat aangesien JHWH se hesed in sy verbondsbeloftes volkome betroubaar uitgedruk is, die smeker rede het om hom voortdurend te verbly en te verheug. Die vorm van dié twee werkwoorde dui op 'n onvoltooidde handeling, 'n handeling wat herhaaldelik uitgevoer word in die toekoms. Ons kan dus saam met Van der Ploeg (1973: 204) sê dat die psalmis juig omdat JHWH aan hom hesed skenk (sien Ps 86:12-13). Die bidder toon sy dankbaarheid teenoor JHWH wanneer die sekerheid van sy verlossing (hesed) die oorhand kry. Dus word hesed hier verbind aan JHWH se verlossing (Britz 1982: 35).

JHWH het Homself aan die psalmis openbaar in sy "toegewyde trou" (hesed - ook vers 22), in sy verbondsbeloftes wat vir ewig en altyd vas en seker bly staan. Dit is baie duidelik dat hesed hier dui op JHWH se "troue (verbonds) liefde".

Dat JHWH getrou is aan sy verbond teenoor sy ḥāsīd kan ons uit die volgende aflei: "want U is getrou" (v. 2); "U is my rots en my bergvesting" (v. 4); "U is my toevlug" (v. 5); "troue God" (v. 6). Bogenoemde uitdrukkings is die redes waarom die psalmis op JHWH vertrou (v. 15). Ons kan dus sê, omdat JHWH sy "wonderbare, opvallende trou" op 'n wonderbaarlike wyse aan die bidder betoon het (sien vers 22), daarom jubel en juig hy. Hy verbly en verheug hom oor die standvastigheid en sekerheid van JHWH se troue liefde.

Hesed kom 'n tweede keer in vers 17 voor in dieselfde vorm as hesed in vers 8. Hesed is nou verbind met die werkwoord "red" (yś^c). As ons noukeurig kyk na die betekenis van vers 17a en 17b vind ons hier 'n parallelisme, soveel so, dat die

twee werkwoorde en selfstandige naamwoorde se vorm dieselfde is afgesien van die ooreenstemming in betekenis.

Eerstens merk Van Uchelen (1979: 209) op dat die woorde, "kneg" en "hesed" ten opsigte van plek en klank nou betrokke aan mekaar is. Dit vorm 'n klinkklare illustrasie van die verhouding tussen God en sy gelowige. Die gebruik van die verbondsnaam (JHWH) in vers 15 dui ook daarop.

Tweedens het ons hier te doen met 'n Aäronitiese seënuitspraak (vgl. Ridderbos 1955: 266; sien ook Nm 6:25). JHWH se toewending van sy aangesig (v. 17a) is die betoning van sy goedgunstigheid. "Sy aangesig" is 'n konkrete voorstelling van JHWH self, terwyl "laat skyn" dui op die genadige, vriendelike teenwoordigheid van God (Kraus 1978a: 398). In laasgenoemde uitdrukking is die gedagte van bevryding opgesluit.⁸⁶ Ons kan dus sê dat "die skyn van JHWH se aangesig"⁸⁷ die beskrywing is van 'n gunstige houding teenoor die psalmis. Anderson (1972a: 252) sien vers 17a as 'n sinonieme uitdrukking van JHWH se guns (hesed). Ridderbos (1962: 92) is dus korrek as hy aandui dat JHWH se aangesig skyn oor diegene wat Hy in guns (hesed) aansien.

As ons nou na die tweede deel van vers 17(b) kyk, is die betekenis dadelik duidelik af te lei uit vers 17a. In vers 17a vra die digter dat JHWH tot sy verlossing sal verskyn deur middel van beeldspraak, terwyl hy in vers 17b daarsonder direk om verlossing pleit. Die grond van sy redding lê opgesluit in die onfeilbare (troue verbonds)liefde van JHWH. Dit is dus 'n genadevoorreg om 'n kneg (ḥāsīd) van JHWH te wees (vgl. Jes 41:9).

So bid die psalmis dan dat JHWH met 'n gunstige en goedgesinde houding (teenoor hom - vgl. Spr 16:5) hom deur sy onfeilbare liefde (hesed) sal red.

Die woord "hesed" kom 'n derde keer voor in vers 22. Hier kom

die digter se persoonlike heilservaring tot uitdrukking (vgl. Kraus 1978a: 398 en Ridderbos 1962: 325). Stoebe (1952: 253) is van mening dat hesed hier 'n kenmerkende uitdrukking van redding is. Britz (1982: 36) is dus korrek as hy sê dat hesed hier soos in vers 8 aan die verlossingsdade van God verbind word.

Maar om hesed verder te verstaan moet ons eers na die tekskritiese nota 22^{a-a} kyk aangesien daar tekskritiese probleme 88 rondom hierdie woorde bestaan. Daar word voorgestel dat "b^ec⁻et māsōk" gelees word. Tog wil ek my met kommentatore soos Kraus (1978a: 393), Koehler (1958: 556) en Lamparter (1961: 156) vereenselwig, wat verkies om "b^ec⁻et māsōr" te lees. Dit kan vertaal word met: "in die tyd van benoudheid (nood)", wat nou aansluit by vers 23. Maar dit sou ook myns insiens korrek wees as 'n mens "b^eir māsōr" vertaal met: "in die angs van benoudheid" (sien Ridderbos 1955: 268).

Ons kan dus sê dat die bidder JHWH prys vir sy groot en wonderlike genade wat Hy aan hom bewys het deur hom vanuit sy nood te red (Ridderbos 1955: 268). JHWH het hesed aan die digter bewys deur hom met sy teenwoordigheid teen die same-swering van mense te beskerm (v. 21). S6 is die digter dan op 'n wonderbaarlike wyse uit die hande van sy vyande en vervolgers gered (v. 16).

Dit is dus duidelik dat JHWH getrou is in sy bevryding (vv. 2, 6) aan dié wat op Hom vertrou (vv. 7, 15 en 24). Hesed (selfstandige naamwoord, manlik enkelvoud met die suffiks 3 manlik enkelvoud), as objek van die werkwoord "pl'" (om wonderbaar te maak - vgl. ook Ps 17:7) wil juis hier uitdrukking gee aan die troue verlossing van JHWH.

Hesed kom laastens direk voor in vers 24. Hier funksioneer hesed as 'n selfstandige naamwoord in die vorm van die manlike meervoud. Die digter hou as gelowige sy dankbaarheid teenoor JHWH nie vir homself nie. Hy wat weet van God se hesed wil

nou hê dat die ander ḥ^asīdīm ook in sy dankbaarheid moet deel (Van Uchelen 1979: 210). Maar nog meer, nou dat aan die bidder verlossing te kenne gegee is, word JHWH se "guns=genote" opgewek tot dieselfde volharding en selfde vertroue op JHWH. Sy (JHWH) "lojale dienaars", vir wie die enigste ware grond van hoop God se ḥesed (onfeilbare liefde - vgl. vv. 8, 17, 22) is, moet aan Hom liefde betuig (sien Ps 26:8; 119:47; Dt 6:5; 10:12).

Ḥāsīd het dieselfde stam as ḥesed wat deurgaans in Ps 31 met die trou van JHWH verband hou (sien verse 8, 17, 22). JHWH het dus sy troue liefde en troue verlossing aan die digter betoon. Die bidder het uit sy ondervinding geleer dat JHWH ḥesed bewys aan dié wat aan Hom getrou is (v. 24b). Die woord wat saam met ḥāsīd hier funksioneer is "'e^mūnīm" (trou). Hier het ons met 'n poëtiese gedagte te doen (Dahood 1966: 192) wat ook op 'n parallelisme dui (Ridderbos 1955: 269), naamlik: ḥasid en 'e^mūnīm. 'e^mūnīm kan ons weergee met: "dié wat aan Hom getrou is". Ons het dus hier te doen met die vasstaande wedersydse trou tussen JHWH en die gelowige(s). Die ḥ^asīdīm is met ander woorde hulle wat aan JHWH getrou is. Maar wanneer ons na die konteks kyk sien ons daarteenoor "dié wat in hoogmoed en veragting handel" (v. 19). Hulle meen dat hulle sonder God kan klaarkom. So word dit duidelik dat die ḥ^asīdīm nie net getrou is aan JHWH nie, maar ook in alle opsigte nederig is teenoor JHWH (vgl. Van der Ploeg 1973: 206).

Die ḥ^asīdīm in vers 24 is dus hulle wat met die nodige agting (nederigheid) God se verbondseise getrou gehoorsaam (Kidner 1977a: 132) en ook die ontvangers is van sy (JHWH se) ḥesed (guns en troue liefde) (vgl. Rogerson 1977a: 134).

Dit is tog belangrik om hier te onthou dat die klem meer op die guns (ḥesed) wat van JHWH ontvang word val as op die lojaliteit teenoor Hom (Anderson 1972a: 242). Wanneer ons dus hier van die ḥ^asīdīm praat, dink ons nie net aan hulle

wat aan JHWH getrou is nie maar veral aan hulle wat hesed (guns) van JHWH ontvang, omdat die voorwerp van hulle vertroue (getrouheid) JHWH en sy hesed aan hulle is⁸⁹ (vgl. Van der Ploeg 1973: 206).

Ons kan dus soos volg vertaal: "julle almal wat die guns van JHWH geniet" (sien die 1979-vertaling).

Die voorkoms van aanverwante begrippe:

In vers 10 kom die woord hānan voor. Die digter roep om hānan sonder die oorweging van meriete of regverdiging. Hy vra dus dat JHWH na hom in sy diepe ellende sal neerbuig en aan hom onverdiende guns (hesed) sal bewys (vgl. Rogerson 1977a: 140 en Ridderbos 1962: 321). Die bidder vra ook nie net bloot dat JHWH hom genadig (hānan) moet wees nie, maar hy motiveer sy hulpkreet met die woordjie "kī". "Want" die ellende waar=⁹¹ in hy verkeer het ook 'n invloed op sy liggaamlike gesteldheid. Ons het hier dus weer eens te doen met 'n aanverwante begrip van hesed, te wete hānan, wat 'n eenrigting beweging aandui. Wanneer die digter by JHWH om genade pleit smeek hy dat JHWH sy ellendige toestand sal erken (raaksien) en hom sal antwoord met 'n gunsbewys (hesed) (sien verse 8 en 9).

Die tweede aanverwante begrip vind ons in vers 20, naamlik "ṭōb". Die woord "māh" dui hier enersyds die begin van 'n danklied aan (Kraus 1978a: 398), maar andersyds lei dit ook 'n retoriese vraag in, wat dien as 'n uiting van geesdrif (Ridderbos 1955: 267). Die "groot goedheid" van JHWH wat die digter hier in gedagte het is die beveiliging, beskerming en redding (vgl. v. 21 en Ps 36: 8). Die goedheid wat JHWH bewaar en weggelê het vir dié wat Hom dien, bewys Hy voor die oë van die mensekinders (dié wat by Hom skuil).

'n Derde aanverwante begrip kom in vers 24 voor, naamlik "'āhab",⁹⁰ wat 'n positiewe aspek van die regte houding tot God is (Anderson 1972a: 217). In vers 7 sê die digter dat

hy mense haat wat waarde heg aan niks werd afgode. Die ḥ^asīdīm word hier vermaan om JHWH lief te hê (vgl. Dt 6:5 en 111). Van der Ploeg (1973:206) is van mening dat "om JHWH lief te hê" beteken om Hom bo alles en almal te stel, om sy gebooie uit te leef (gehoorsaam) en om veral nie die afgode te aanbid nie, maar te verfoei (v. 7). Ons kan dus sê dat deur op JHWH te vertrou (vv. 7, 15) en om aan Hom getrou te wees die ḥ^asīdīm "liefde" betuig aan JHWH. Met ander woorde, hulle bewys as gelowiges op hulle beurt ḥesed aan JHWH.

Die voorkoms van 'n aanverwante begrip van ḥāsīd vind ons ook in vers 24. Die abstrakte "'e^mūnīm" (trou) verkry 'n konkrete betekenis deur die direkte koppeling met die konkrete ḥāsīd (sien ook Ps 12:2). Dahood (1966: 192) meen dat die voornaam=woordelike suffiks van "'e^mūnīm", voorsien is deur dié van "ḥāsīd", en gebaseer is op die beginsel van die dubbele-diens-suffiks. Ons kan dus sê dat die konkrete betekenis van die aanverwante begrip van ḥāsīd in vers 24, naamlik 'e^mūnīm, opkom vanuit die verband met ḥāsīd (vgl. Ps 12:2; 2 Sm 20:19 en Jes 26:2). Ons kan 'e^mūnīm dus vertaal met "die getroues". Die getroues, volgens Van der Ploeg (1973: 206), is dié mense op wie 'n mens kan reken, wat vasstaan in hul troue verbondsverhouding teenoor JHWH en nie opstandig is teenoor Hom nie. Die voorwerp van die vaste vertroue op JHWH is die liefdevolle goedheid (ḥesed).

Die funksionering van die begrip in verskillende situasies:

In verse 6, 8, 9, 20, 21 en 23 vind ons dat JHWH deur sy troue liefde die bidder vrymaak van sy ellende en vyand en dat Hy skulling en beskerming ook aan die mensekinders bied. Indirek bewys JHWH dus ḥesed aan hom (die bidder) en die ḥ^asīdīm.

PSALM 35

In Psalm 35 vind ons geen direkte voorkoms en ook geen voorkoms van aanverwante begrippe van die begrip hesed nie. Daarom word hierdie psalm nie in perikope afgebaken nie.

Die funksionering van die begrip in verskillende situasies:

In vers 2 en 3 word niks van die stryd van die digter self gepraat nie. JHWH se hulp word alleen ingeroep dat Hy sal opstaan teen die teenstanders van die digter. In die verwelkoming van hierdie hulp bevry JHWH sy ḥāsīd (Van Uchelen 1979: 234). Hier skenk JHWH bevryding sonder enige menslike medewerking (Ridderbos 1962: 370). JHWH beloof nie net bevryding aan sy ḥ^asīdīm nie, maar Hy gryp daadwerklik self in.

Vers 10 skets vir ons die kenmerkende handeling van JHWH: 'n Verbondsgod wat trou bly aan sy verbond en wat geen gelyke het nie. Hy alleen bewys hesed aan die swakke en arme deur hulle te bevry van die kwaadwilliges.

Die bidder smEEK weer eens om redding in verse 17 en 23.

In vers 24 begin die digter om die gevolge van God se ingrype as Regter te skilder (Ridderbos 1962: 378). God se grootheid (v. 27c) bestaan uit die reddende daad aan sy kneg. So vind ons dat JHWH se hesed aan sy ḥāsīd(īm) geloof en geprys word sonder enige onderbreking. JHWH se hesed bring orde en vrede vir sy dienaars (vgl. Van Uchelen 1979: 236). Daarom heers daar groot gejubel en blydschap onder die gelowiges (ḥ^asīdīm) oor JHWH se hesed aan hulle (v. 27).

PSALM 36Die afbakening van perikope:

Hierdie psalm toon, volgens Van Uchelen (1979: 23), hoe die interne uitwerking van die kernwoorde vanselfsprekender is as die eksterne uitwerking van die literêre vorme of strofes.

Psalm 36 kan in drie perikope ingedeel word.⁹² Verse 2-5 gee 'n stereotipe kensketsing van die goddelose. Volgens Van Uchelen (1979: 239) bevat hierdie perikoop 'n chokmatiese inslag met fragmente van klagte (vv. 2b, 4a, 5a). Die tweede perikoop (vv. 6-10) is 'n lofsang op JHWH se hesed, trou en geregtigheid. So word dan die wese van God en sy betekenis vir sy gunsgenote uitgespel (Anderson 1972a: 286) met 'n element van dank in vers 10. Die laaste perikoop (vv. 11-13) bestaan uit 'n drievoudige gebed wat aan God (v. 11), oor die psalmis (v. 12) en die goddelose (v. 13) handel. Hierdie slotgebed is 'n uiting van sekerheid van verhooring.

Die direkte voorkoms van die begrip:

In vers 6 vorm hesed en 'emūnāh 'n sinonieme verbinding in die parallelismus membrorum (Kraus 1978a: 434). Hesed en 'emūnāh is nie net parallel aan mekaar nie, maar ook parallel aan vers 7 en veral aan hesed en s^edāqāh in vers 11 (vgl. Ps 57:11 en 103:11). Die vorm van die twee selfstandige naamwoorde, hesed en 'emūnāh, is respektiewelik in die manlik enkelvoud en vroulik enkelvoud.

Hesed dui in vers 6 die genadige verbondenheid van JHWH met hulle wat Hom ken en in sy s^edāqāh leef aan (v. 11) (Kraus 1978a: 434). Dit is vir ons duidelik dat die indrukwekkende beeld wat in digterlike taal omskrywe is dat die digter daarmee bedoel dat, soos God self, sy hesed onmeetbaar (groot in omvang) en bo die menslike verstand (onverstaanbaar) is

(vgl. Rm 11:33 en Ef 3:18). Van der Ploeg (1973: 231) meen dat die digter hom tot JHWH keer omdat by Hom geen sonde, misdaad en bedrog is nie (sien verse 2-5 en 12-13), maar matelose hesed (sien verse 6-7 en 11) vir dié wat aan Hom behoort.⁹³

Ridderbos (1955: 312) en Van Uchelen (1979: 240) is myns insiens korrek as hulle meen dat hesed hier meer in die algemene sin gebruik word en nie net beperk is tot die verbondsvolk nie. Dit blyk uit verse 7c en 8-10 dat JHWH se hesed in omvang en betoning 'n universele strekking het waarin mens en dier begrepe is.

Miskien word meer spesiaal bedoel dat in die hemel, in die bestaan van die firmament van God, sy hesed geopenbaar word (vgl. Ps 19:2) (vgl. Ridderbos 1962: 380). Dan word nie bedoel dat JHWH se hesed vanaf die hemel strek nie, maar dat dit onmeetbaar is.

Ons kan dus sê dat JHWH se hesed in vers 6 'n onbeperkte grootheid is. Die omvang van hesed stem hier ooreen met die werklikheid van God (sien 1 Kon 8:27; Ps 57:11; 108:5). Daarom kan ons sê dat die uitwerking van JHWH se hesed in vers 6 universeel is (Kraus 1978a: 434). Dit kom na die mens in die ganse wêreld en al die diere van die veld en nie net na die h^asīdīm nie (vgl. Ps 104:14, 21, 27 vv; 147:9). Sy hesed omvat dus die heelal van geskape wesens.

Hesed kom in vers 8 'n tweede keer direk voor. Hesed besit hier dieselfde vorm as in verse 6 en 11. Die digter se gedagtes beweeg nou van die eindeloosheid na die intieme en persoonlike ondervinding van JHWH se hesed (Rogerson 1977a: 168).

Die woord "mah" waarmee vers 8 begin is 'n himniese uitroep van verbasing (Kraus 1978a: 434 - vgl. Ps 8:2, 5; 3:20; 104:24). Die bywoord "yāqār" (kosbaar, waardevol) beskryf

hesed as 'n kosbare skat of p \acute{e} rel wat van groot waarde is as 'n mens dit leer ken en gevind het (Ridderbos 1955: 313). JHWH buig neer na die mens in sy kostelike hesed. "Yāqār" verwys hier na God ('e \bar{l} ōhīm). Die algemene aanduiding "e \bar{l} ōhīm" wys heen na die eiennaam in vers 6a en ook die om=skrywing "mensekinders" (v. 8b) wat die woorde "di \acute{e} wat U (er)ken" (v. 11) voorafgaan (Van Uchelen 1979: 241). Daarom kan ons s \acute{e} dat die universele gedagte van God se hesed ook in hierdie vers (v. 8) deurklink.⁹⁴

Die waw van vers 8c verbind dit wat nou volg aan die voor=afgaande as 'n gevolgtrekking ("daarom"). Die grootheid van God se hesed is dus die rede waarom die mense by Hom skuiling soek. Die beeld⁹⁵ wat hier gebruik word bied myns insiens die toeganklikheid van God se hesed. Enigiemand wat besker=ming (skuiling) en onderhoud (versorging) soek kan na God toe gaan. Ons kan dus hieruit aflei dat God se hesed in vers 8 veelomvattend is. Weiser (1979: 310) s \acute{e} dat hier 'n sendingtendens veronderstel word. Dus nie net die h \bar{a} sīdīm nie, maar die mense in die algemeen geniet God se goddelike beskerming (teen die vyand) en versorging. Kortom, alle mense leef deur God se hesed (sy beskerming en versorging aan hulle).

Dit is alleen natuurlik dat die diepgaande insig (dat die mens alleen deur die hesed van God kan lewe - vers 8) opge=volg word deur 'n gebed waarin gevra word dat God ook in die toekoms sy hesed⁹⁶ aan die wat Hom (er)ken sal skenk (v. 11). Weiser (1979: 311) s \acute{e} dat hierdie gebed sprekend is van die eenvoudige en natuurlike behoeftes van die lewe van 'n gelowige, vir wie die liefde vir God en die wil om te leef volgens sy (God) verbond, 'n onmisbare funksie van die lewe is.

Hesed kom 'n derde keer direk voor in vers 11 van Psalm 36. Ons merk nou dat die sorgvuldige en bre \acute{e} uitgemete hesed van God hier duidelik betrekking het op di \acute{e} wat Hom erken en op=reg is.

Van der Ploeg (1973: 233) is van mening dat dit die wyse van God se handeling (soos wat Hy gewoon is om te bewys) teenoor sy h^asīdīm is. Ḥesed het myns insiens hier 'n meer afgebakende adres (dié wat God erken) as in verse 6 en 8. Dahood (1966: 224) is dus korrek as hy sê dat dit mense is wat God liefhet en opreg van hart is. Laasgenoemde staan direk teenoor die goddeloses (v. 12) en dié wat altyd onreg doen (v. 13). Volgens Anderson (1972a: 291) behoort die woord "(er)ken" tot die verbondsterminologie en wys dus hier op die aanbidders van God (sien Ps 7:10), hulle wat Hom met hul hart ken en in 'n persoonlike verhouding tot Hom staan.

Die betoning van God se ḥesed (wat voortdurend van aard moet wees) kry in verse 11 tot 13 (die bede) sy volle betekenis en uitwerking. Ḥesed kry hier 'n duidelike bedoeling, naamlik die verlossing van dié wat aan JHWH behoort van die vyand (goddelose) en probleme. JHWH sal as die troue Verbondsgod dus ook spesifiek aan sy verbondsvolk (dié wat Hom erken en opreg is) ḥesed bewys deur hulle uit die hand van hul vyand te red (vgl. Van der Ploeg 1973: 233).

Die voorkoms van aanverwante begrippe:

Die begrip ḥesed het in verse 6, 7 en 11 as parallel van die aanverwante begrippe, 'e_mūnāh, s^edāqā en mišpāt gefunksioneer. Cohen (1945: 109) noem hulle kenmerke (attribute) van God.

Vers 6a is parallel aan vers 6b. Daarom kan ons sê dat 'e_mūnāh beteken die bestendigheid en trou wat in ḥesed werk saam is (Kraus 1978a: 434).

Die omvang van 'e_mūnāh stem ooreen met die werklikheid van God (vgl. 1 Kon 8:27; Ps 57:11; 108:5). Dus, JHWH se trou is onmeetbaar en onverstaanbaar. JHWH sal met ander woorde oneindig getrou ('e_mūnāh) bly aan sy onmeetlike liefde (ḥesed) vir die mens en dier.

Die aanverwante begrippe "s^edāqā en mišpāt in vers 7 wil net sê dat JHWH se sorg vir sy skepping so groot is, dat Hy dit selfs tot die diere uitstrek (vgl. Ridderbos 1955: 312 en Van der Ploeg 1973: 232). In sy hesed en 'e^bmūnāh regeer JHWH in s^edāqā en mišpāt.

Laasgenoemde twee sinonieme begrippe wys heen op die onomkoopbare regs- en heilsorde wat in die verbond van God werksaam is (Kraus 1978a: 434). Die digter loof en prys hier (v. 7) die regs- en heilsbrengende mag van God. JHWH sal sorg dat die mens en dier nie net van honger nie maar ook uit gevaar gered word (vgl. Dahood 1966: 221). Hierdie twee begrippe dui konkreet JHWH se werk aan. Dit dui op die wyse wat Hy sy hesed uitoefen.

Iets wat baie interessant is by hesed en sy aanverwante begrippe, is hulle vorm:

vers 6: hesēd (manlik enkelvoud) - 'e^bmūnāh (vroulik enkelvoud)

vers 7: s^edāqā (vroulik enkelvoud) - mišpāt (manlik enkelvoud)

Al vier die selfstandige naamwoorde het dieselfde suffikse (twee manlik/vroulik enkelvoud) en vorm in die struktuur van die twee verse 'n chiasme.

Hesed en s^edāqā is sinonieme begrippe in vers 11 en so staan vers 11a parallel met vers 11b. Beide begrippe dui op die verlossing⁹⁷ van die vyand, die wyse waarop God gebruiklik teenoor sy h^asīdīm handel.

Die digter bid dus hier om voortdurende beveiliging teen die goddelose (v. 12). JHWH sal sy liefde (hesed) altyd bewys deur uitredding en so sal Hy trou (s^edāqā) handel teenoor dié wat opreg van hart is en Hom erken.

Myns insiens funksioneer die begrip "hesed" nêrens in Psalm 36 in verskillende situasies nie.

PSALM 38

Aangesien hierdie psalm geen direkte voorkoms van die begrip "hesed" het nie, is dit nie nodig om die psalm in perikope in te deel nie.

Die voorkoms van aanverwante begrippe (selfs antiteties verduidelikend) :

Psalm 38 is die gebed van iemand wat bittere lyding moes verduur het (vgl. verse 3, 4, 6, 8, 11, 18) en wat hy beskou as die regverdige straf vir sy sonde (vgl. verse 2 en 4). Die digter sien dus sy ellende as 'n gevolg van JHWH se toorn (qesep, zā^cam en gramskap (yhm). Net soos voorspoed 'n teken van God se seën (hesed) is, so is die teëspoed 'n aanwysing vir sy toorn (vgl. Van Uchelen 1979: 254). Menslik gesproke is die straffende en tugtende hand van JHWH sy bittere en gloeiende toorn, maar ons moet dit sien as daede van JHWH wat uit sy hand van hesed kom (sien Rm 9:28).

Die begrippe "qesep" (toorn) en "yhm" (gramskeap) in vers 2 is nie net antitetiese begrippe van hesed nie, maar is ook sinonieme begrippe van mekaar in die parallelisme (v. 2a en v. 2b). Die bidder pleit in vers 2 nie dat JHWH hom glad nie moet straf nie, maar hy versoek 'n matige straf wat hy kan oorleef (Durham 1972: 248). Lamparter (1961: 198) meen dat net soos God die reg het om die digter in toorn te straf, Hy ook die mag het om die straf genadiglik (in hesed) te beperk en ook op te hef.

Die toornige straf van JHWH, wat die digter ervaar, het twee kante, naamlik:

1. "n liggaamlike ontreddeing (verse 3-11) en
2. sosiale isolering (v. 12 en v. 21b)" (Van Uchelen 1979: 254).

Ons kan dus sê dat die bidder pleit dat JHWH hom nie in sy vurige gesep en yhm sal straf en tugtig nie, omdat Hy weet waarna die bidder smag (vgl. v. 10) en die digter JHWH ken as 'n God van hulp en bevryding (v. 23).

Die bidder besef dat sy liggaamlike ontwrigting (stinkende ingewande - v. 6; ingewandesiekte - v. 8; hartklagtes - v. 11a; en oogsiekte - v. 11b) toe te skryf is aan sy sonde (ongeregtighede). In JHWH se zā^cam (vervloeking, toorn) er= vaar die bidder tog JHWH se hesed.

Die funksionering van die begrip in verskillende situasies:

Die bidder smee dat JHWH gou sal maak om hom te help (v. 23), dat sy tugtende en straffende hand (verse 2-4) sal verander in 'n helpende hand. Die aanspreekvorm van JHWH in vers 23 ('dōnāy - my Verlosser) kan geparafraseer word. "O Here, red my" (Anderson 1972a: 308). Dit is waarna die digter smag en waarvoor hy smee (v. 10). Indirek bid hy dat JHWH hesed aan hom sal bewys in plaas van gesep, yhm en zā^cam.

PSALM 39

Psalm 39 word nie in perikope afgebaken nie omdat die begrip "hesed" nie hierin direk voorkom nie. Myns insiens is hier ook geen voorkoms van aanverwante begrippe van hesed nie.

Die funksionering van die begrip in verskillende situasies:

Na die aanroeping van JHWH en 'n gebed waarin die gedagte aan die kortstondigheid van die mens se lewe na vore kom, word die motief vir die gebed saaklik aan die orde gestel (v. 8a). Dit is duidelik dat die mens wie se lewe so kortstondig en oënskynlik waardeloos is (verse 6 en 7), geen ander hoop het as dié op God se hesed nie. By die bidder gaan dit om 'n volkome bevryding van die sonde, om verlossing

"van al sy oortredinge". Die digter pleit dus dat JHWH hesed aan hom sal bewys deur hom te bevry van die bron van kwaad.

PSALM 40

Die afbakening van perikope:

Daar is nie net verskille in verband met die eenheid van hierdie psalm nie, maar daar is ook redelike verskille in verband met die verdeling daarvan.⁹⁸ Myns insiens is Psalm 40 'n eenheid wat in twee dele verdeel kan word. Die eerste gedeelte (verse 2-11) is 'n dankgebed vir uitredding terwyl die tweede gedeelte (verse 12-18) 'n smeekgebed om hulp is wat klagte, dank en sekerheid bevat.⁹⁹ Die eerste gedeelte is volgens Ridderbos (1955: 349) die grond vir die digter se gebed in die tweede gedeelte. Dit is vir Britz (1982: 37) die rede waarom hy sê dat dit belangrik is dat hesed deel van hierdie pleitgrond vorm.

Die heersende metrum is 3+2.

Die direkte voorkoms van die begrip:

Die woorde "'e_mmūnāh ūšaw^{ec}āh" (v. 11c) en "hesed wa'emet" (v. 11d) vorm 'n chiastiese opbou:

$\begin{matrix} 'e & \bar{a} & \bar{ } \\ \text{mūnāh} & \bar{ } & \bar{ } \end{matrix}$	$\begin{matrix} \bar{ } & \bar{ } & \bar{ } & \bar{ } & \bar{ } & \bar{ } \\ \text{ūšaw} & \text{ec} & \bar{ } & \bar{ } & \bar{ } & \bar{ } \end{matrix}$
$\begin{matrix} \bar{ } & \bar{ } & \bar{ } & \bar{ } & \bar{ } & \bar{ } \\ \text{hesed} & \bar{ } & \bar{ } & \bar{ } & \bar{ } & \bar{ } \end{matrix}$	$\begin{matrix} \bar{ } & \bar{ } & \bar{ } & \bar{ } & \bar{ } & \bar{ } \\ \text{wa} & 'e & \bar{ } & \bar{ } & \bar{ } & \bar{ } \end{matrix}$

Die verbinding "hesed wa'emet" word net so herhaal in vers 12c en vorm dus 'n parallelisme. Weiser (1979: 339) is van mening dat al hierdie terme bedoel om die wese van God (dié Een wat 'n lewende werklikheid is en aan diens is) uit te druk. Hierdie woorde wil ook die goddelik-dinamiese-kwaliteit van die verwesenliking van sy verlossing in die feestelike kultus uitdruk. S^edaqā en die ander bogenoemde vier woorde is

volgens Rogerson (1977a: 193) sinonieme wat die betroubaarheid van God (soos gesien in sy versorging vir sy h^asīdīm) uitdruk. Hier getuig die digter van JHWH se reddende in-gryping.

Die rede waarom die digter van JHWH se 'e_mūnāh ūšaw^{ec}āh en ḥesed wa 'e_met (verse 11 en 12) vertel en nie daarvoor swyg nie, is omdat Hy hom verlos (s^edāqā - verse 10a en 11a) het van die rampe en ongeregtighede (v. 13). Met ander woorde, JHWH het kragtens die verbond sy "verplichting" teenoor sy ḥāsīd nagekom deur hom vanuit sy noodsituasie te bevry. Daar is dus 'n noue verband tussen ḥesed wa 'e_met en s^edāqā. Die bidder getuig in vers 10 dat JHWH aan hom ḥesed bewys het (sien ook verse 2 en 3). Die 'e_met van JHWH wat verkondig word (v. 11a en v. 11b), word versterk deur die bidder se woorde in vers 6 ("U dink altyd aan ons") wat hy uit ervaring uitspreek. 'E_met versterk ḥesed aangesien dit ('e_met) die element van vastigheid en kontinuïteit in ḥesed beklemtoon (vgl. Britz 1982: 38). Ḥesed dui in verse 11 en 12 op die bevrydende daad van JHWH wat 'n daad van "goedheid" is, 'n daad van ontferming (barmhartigheid - v. 12a). Ons kan dus die woorde "ḥesed wa 'e_met" (vv. 11 en 12) weer-gee met "troue goedheid (ontferming)". Hierdie verbinding druk die vaste en sekere trou van God uit wat in sy bevryding geleë is. Ḥesed is dus hier in verse 11 en 12 die beskrywing van God se verbondslojaliteit (Anderson 1972a: 319) wat juis hier sy verlossingsdaad aan sy ḥāsīd omskryf. 'E_met versterk ḥesed deur in die verbinding "ḥesed wa 'e_met" die aandag op die trouheid van JHWH in sy verlossingshandeling te vestig (vgl. Britz 1982: 38). God se liefdevolle trou en troue goedheid (ḥesed) sal die digter bewaar en bewaak (vgl. Van Uchelen 1979: 268 ; sien ook Ps 61:8).

Die voorkoms van aanverwante begrippe:

s^edāqā kom in verse 10 en 11 as aanverwante begrip van ḥesed voor. In vers 10 vind ons die manlik enkelvoudige

vorm terwyl in vers 11 die vroulik enkelvoudige vorm voorkom. Ridderbos (1962: 440) sê dat s^edāqā in hierdie psalm die samevattende woord (verlossing, reddende genade) is, terwyl die ander begrippe ('^emūnāh, šaw^{ec}āh, '^emet) 'n nadere beskrywing gee. S^edāqā is ook God se betroubaarheid (trou - '^emet en '^emūnāh - v. 11) aan sy belofte (Rogerson 1977a: 193). Met ander woorde, s^edāqā wil net sê dat JHWH bevryding bied aan die digter van Psalm 40 en so kom Hy getrou sy verpligtinge, wat uit die verbondsverhouding voortvloei, na (Ridderbos 1962: 60). Hy volbring dít wat op grond van sy beloftes van Hom verwag mag word.

Ons kan dus sê dat die bidder aan JHWH sy vreugde toon wanneer hy uit dankbaarheid JHWH se s^edāqā verkondig (v. 10). Kraus (1978a: 464) is van mening dat die mens die trou ('^emet en '^emūnāh - v. 11) en hulp (ḥesed - v. 11), wat aan hom deur JHWH bewys is, nie vir altyd binne in hom verborge kan hou nie. Dit moet bekend gemaak word. Daarom het die digter sy ervaring van JHWH se s^edāqā nie vir homself gehou nie. Dit is dus duidelik dat s^edāqā (letterlik - geregtigheid) in vers 10 en 11 met verlos(sing) weergegee kan word. Ons kan dit uit die konteks aflei, naamlik: "Hy het my hulpgeroep gehoor" - v. 2; "Hy het my uitgetrek uit die put van die dood ..." - v. 3; in vers 14 pleit die bidder om redding en in vers 18 sê hy dat JHWH sy "Redder" is.

Baie interessant is dat die bidder s^edāqā, van JHWH ontvang het, maar hy vertel van JHWH se "ḥesed wa 'e^{met}" en "'^emūnāh ūšaw^{ec}āh". Hierdie woorde beskryf dus s^edāqā. Daarom kan met Ridderbos (1962: 440) en Britz (1982: 38) akkoord gegaan word as hulle sê dat s^edāqā in Ps 40 die samevattende woord is.

In vers 11b kry ons die verbinding "'^emūnāh ūšaw^{ec}āh" waar "šaw^{ec}āh" 'n aanverwante begrip van ḥesed is. Die digter het oor "'^emūnāh ūšaw^{ec}āh" gepraat en nie stilgebly nie, met ander woorde, hy het tog gepraat oor die "ḥesed wa 'e^{met}" van

JHWH. 'E_mūnāh (JHWH se trou) funksioneer hier (v. 11a) as 'n sinoniem van 'E_met (v. 11c). 'E_mūnāh druk ook hier die betroubaarheid (trou) van JHWH in sy verbond uit (Anderson 1972a: 288). Hy het beloop om sy ḥāsīd(īm) te seën en die goddelose te straf (sien Ps 89:29-38 en 119:75).

Ṣaw^{ec}āh is ook sinoniem met die begrip "s^edāqā." Die hulp (Ṣaw^{ec}āh) wat JHWH aan die bidder verleen is om hom te verlos (s^edāqā) uit sy nood (verse 3, 13, 15, 16). Daarom kan ons Ṣaw^{ec}āh weergee met die woorde "hulp, verlossing of bevryding"¹⁰⁰ (vgl. Rogerson 1977a: 162). Die bidder het dus gepraat oor JHWH se troue verlossingshulp (bevrydingshulp) (v. 11b).

In vers 12 kom nog 'n aanverwante begrip (raḥ^amīm) voor. Raḥ^amīm kan hier die nood van die digter aandui (Ridderbos 1962: 440). Rogerson (1977a: 193) gaan van die standpunt uit dat die digter hierdie oortuigde versekering (dat JHWH sy raḥ^amīm nie van hom sal terughou nie) kan maak, omdat hy van JHWH se troue verlossingshulp en troue goedheid (v. 11b en c) in die gemeente kon getuig. Hy het nie stilgebly nie (v. 10). JHWH wil juis gehoorsaamheid hê (v. 7). As hy as mens sy verpligting volgens die verbond nagekom het, hoeveel te meer sal JHWH nie. Daarom is die digter verseker dat God se liefdevolle trou (ḥesed wa 'e_met) en duursame waarheid hom sal bewaar en bewaak (vgl. Ps 61:8) (vgl. Van Uchelen 1979: 268). Die digter begin in vers 12 sy gebed dus met die versekering (in geloof) dat die Verbondsgod sy daade van ḥesed wa 'e_met en 'e_mūnāh ṽ_saw^{ec}āh nie van hom sal terughou nie. JHWH sal dus raḥ^amīm (in hierdie geval s^edāqā) aan die bidder bewys en hom nie daarvan uitsluit nie (sien Anderson 1972a: 319).

Die funksionering van die begrip in verskillende situasies:

Wanneer die digter in vers 2 sê "JHWH het na my toe afgebuig en my hulpgeroep gehoor", wil hy sê dat JHWH indirek aan hom ḥesed bewys het.

JHWH help die bidder uit die put van die dood, uit die slyme-
rige modder. Hy wat die hemel en aarde bevestig het, help
die bidder om op 'n stewige rots te staan (vgl. Van Uchelen
1979: 266). Die woorde "put" en "rots" vorm hier 'n treffende
teenstelling. Die bidder bedoel met hierdie woorde dat
JHWH hom bevry (verlos) het (sien vers 10). Wat hier van
belang is, is God se hulp (Weiser 1979: 335). Dit is dus
voor die hand liggend dat JHWH ook hier (v. 3) indirek aan
die bidder hesed bewys .

In vers 14 smee die digter dat JHWH hesed aan hom sal bewys
deur hom te red (help).

Myns insiens wil die psalmdigter in vers 18 vir JHWH sê
"U is my hesed en die bewerker van heil vir die h^asīdīm (U
is my hulp en my redder).

PSALM 41

Psalm 41 word nie in perikope afgebaken nie omdat die begrip
"hesed" nie hierin direk na vore kom nie.

Die voorkoms van aanverwante begrippe:

Die begrip hānan kom in verse 5 en 11 voor en funksioneer as
imperatiewe ('n sagte bevel aan JHWH gerig). Lamparter (1961:
212) en Kraus (1978a:467) is van mening dat die bidder hier
pleit om genesing (Heilung),¹⁰¹ met ander woorde, hy smee
om vergewing van sy sonde teen JHWH. Ridderbos (1962: 59)
meen dat hānan¹⁰² eintlik "n neerbuiging tot" aandui. Dit
spreek van onverdiende en vrye guns en dui dus op hesed
(Ridderbos 1962: 60) wat net van JHWH af kan beweeg, volgens
hierdie twee verse (verse 5 en 11).

Die psalmdigter "beveel" JHWH dus om hesed aan hom te bewys
deur hom te genees (vergiftenes van sonde - v. 5) en om hom
te laat opstaan (v. 11).

Die woord "ḥāpēs" (v. 12) spreek van JHWH se liefde (behae, welgevalle) vir sy ḥāsīd. Ridderbos (1962: 448) meen dat ḥāpēs op JHWH se neerbuigende goedheid (verse 5a en 11a) dui. Hier bid die digter met 'n sekerheid wat opkom vanuit sy bestaande verhouding tot JHWH (Van Uchelen 1977: 10), waarin hy alreeds die betuiging van God se hulp ervaar het (verse 2-4). Dus, uit ervaring weet die digter dat JHWH hom lief=het (ḥāpēs), dat JHWH aan hom ḥesed bewys. Rogerson (1977a: 198) is dus korrek as hy sê dat die bidder nie nog hoop dat JHWH hom sal lief kry nie,¹⁰³ maar dat JHWH hom alreeds lief=het.

Myns insiens funksioneer die begrip "ḥesed" nie in hierdie psalm in verskillende situasies nie.

PSALM 42/43

Die afbakening van perikope:

Die meeste geraadpleegde kommentatore¹⁰⁴ sien Psalm 42/43 as 'n literêre eenheid, ten spyte van die feit dat die Masoretiese teks hulle apart het. Myns insiens vorm Psalm 42/43 'n geheel¹⁰⁵ en daarom word hulle as een psalm hanteer.

Psalm 42/43 kan in drie perikope afgebaken word soos Schökel (1976: 16-21) en Kraus (1978a: 472) dit aandui (vgl. ook voetnoot 104). Met 'n beeld uit die natuur skets die psalm die gelowige se verlange (sug) na God, sy enigste hoop (Ps 42:2-6). In die tweede perikope (Ps 42:7-12) wend die digter hom opnuut met sy klagte tot God. Ps 43:1-5 is die derde perikope waarin ons 'n oproep tot God en 'n gebed om redding vind. Die bidder se gebed word uit vertroue gebore en sluit af met sekerheid. Beide psalms (42/43) is in die Qinaritme (3+2) geskryf (vgl. Kraus 1978a: 472 en Anderson 1972a: 328).

Die direkte voorkoms van die begrip:

In vers 9 is daar sprake van die hesed van JHWH. Hierdie vers is redelik problematies¹⁰⁶ en daarom bestaan daar baie verskillende interpretasies. Tournay (1972: 39-43) maak 'n meer diepgaandé grammatiese ontleding, wat 'n mens in staat stel om by 'n baie eenvoudiger oplossing uit te kom. Tournay (1972:40) sê dat die besitsagtervoegsel "hē" na "šir" moet ons nie verbaas nie: dit vervang dikwels die agtervoegsel "waw". Die bidder kan dan hier 'n lied sing, wat JHWH in hom wek as 'n gebed aan God. 'n Ander moontlikheid is dat vanweë die feit dat hesed manlik is, dit 'n geval kan wees van 'n lied wat die goddelike liefde (hesed) besing (vgl. Ps 45; Ps 89; Ps 101:2).

Die woord "šir" in vers 9 werp belangrike lig op hesed, indien 'n mens šir hier verstaan as 'n lied wat handel oor die hesed van JHWH en terselfdertyd vir JHWH besing (vgl. Tournay 1972: 40 en Britz 1982: 39).

In hierdie vers is die agtergrond dié van die verbond. Soos ons weet, dui hesed die wesenlike gedrag van die Verbondsgod, JHWH, teenoor sy volk en getuies aan. Dit is hierdie hesed wat deur die psalms in sy nood en beproewinge aangeroep word. Die naam JHWH kom slegs een keer in die Psalm (42/43) voor en wel in hierdie vers. Volgens Tournay (1972:41) neem vers 9 'n sentrale en essensiële plek in Ps 42/43 in.

'n Ander taalverskynsel wat lig op hesed kan werp is die chiasme aan die begin van vers 9: "Bedags beveel JHWH sy hesed - en selfs in die nag". Die klem val op die laaste woord (nag) (Tournay 1972: 41). Daarom kan ons sê dat die Verbondsgod voortdurend sy hesed gereed hou om ten gunste van sy getroue dienaar (hasid) in te gryp¹⁰⁷ (Dahood 1966: 259). Vers 9 word volgens Dahood (1966: 259) op 'n poëtiese wyse gestruktureer.

Hesed as objek van vers 9 word deur die werkwoord siwwāh (Pi^cel vorm) beheer. Kraus (1978a: 476) praat van 'n teken wat die digter ten opsigte van die hesed van JHWH "vra". siwwāh kan ook weergegee word met "beveel" of "gebied". Van Uchelen (1977: 16) wil "gebied, beveel" (siwwāh) hier gelyk stel met "aanbied" (vgl. Lv 25:21; Dt 28:8). Hesed verskyn hier as 'n verpersoonlikte goddelike eienskap (Van Uchelen 1977: 19), amper 'n aparte persoon wat altyd onder God se bevel staan.¹⁰⁸ Hesed word dus hier daargestel om in belang van die digter werkzaam te wees (Britz 1982: 39).

Aangesien die digter trane van verlange na God stort (vv. 3, 4), weens sy verwydering van die heiligdom (teenwoordigheid) van God, kan die hesed van JHWH hom vertroue en teruglei na die heiligdom (vgl. Britz 1982: 39). Myns insiens dui die gesamentlike gebruik van hesed en JHWH in hierdie vers op 'n verhouding tussen JHWH en die digter (sien verse 4, 5, 6, 10, 12). Hesed dui dan hier op die verbondstrou van JHWH, met ander woorde, JHWH sal trou bly aan sy verbondsbeloftes deur die digter te verlos van sy vyand en moeilikhede. Ons kan dus sê dat die digter glo en vertrou dat JHWH sy onfeilbare (troue) liefde aan hom sal betoon. Hy sal die bidder verlossing (hesed) bied (Kraus 1978a: 476), omdat die digter weet dat JHWH getrou bly aan sy verbond en sy beloftes. Dag en nag (sonder tydsbeperking) sal JHWH aan die psalmis sy troue liefde (hesed) bewys, en daarvoor sal hy JHWH en sy hesed in lied en gebed dank. Moontlik kan ons sê dat die verlossing die "teken" van God se hesed is wat die bidder vra (vgl. Kraus 1978a: 476).

In Psalm 43:1 kry ons die verbinding "lō'hāsīd". Ons kan hāsīd hier as enkelvoud verstaan as 'n persoon, of as 'n volk (valse en misdadige mense) (vgl. Ridderbos 1958: 19). Ridderbos (1958: 19) en Van Uchelen (1977: 17) meen dat hierdie lō'hāsīd mense is wat aanspraak op hesed het, dit wil sê hul ontvang hesed. Van der Ploeg (1973: 266) wil lō'hāsīd verstaal met "liefdeloos". Die lō'hāsīd is volgens Van der Ploeg

die Jode te Jerusalem. Myns insiens wil lō'ḥāsīd hier dui op 'n "onbarmhartige, liefdelose" volk (vgl. Kraus 1978a: 477). 'n Verbondsvolk wat afvallig geword het sal nie gereeld met die digter spot (Ps 42:11) en vra "waar is jou God" nie (verse 4, 11). In vers 7 praat die psalmis van "my God". Nog aanduidings ter versterking van die eksegese is die woorde "die smaad van die vyand" (Ps 42:10; 43:2); "my teëstanders spot my" (v. 11); "valse en misdadige mense" (Ps 43:1). Die lō'ḥāsīd is dus hy of hulle wat vol van bedrog en onreg is, dit wil sê, hulle wat daarop uit is om te mislei (sien Ps 32:2; 34:5) en daarmee onreg te pleeg (Van Uchelen 1977: 17).

Myns insiens kom geen aanverwante begrippe van ḥesed in hierdie psalm voor nie.

Die funksionering van die begrip in verskillende situasies:

'E_{met} word meestal aan ḥesed gekoppel (Van der Ploeg 1973: 266). Maar in Ps 43:3 word 'e_{met} met "lig" verbind. Onwilllekeurig dink 'n mens aan Nm 6:25, waar "lig" as "verlossing" weergegee kan word ¹⁰⁹ (Ridderbos 1958: 19). Hier is "lig" 'n aanduiding van die goddelike ḥesed. 'E_{met} kan hier as God se trou beskou word. Die psalmis vra dus dat JHWH sy heil en waarheid sal stuur om hom terug te lei na God se heilige berg (vgl. Ps 2:6) en sy wonings (sy teenwoordigheid). Van der Ploeg (1973: 266) is myns insiens korrek as hy sê dat 'n mens die betekenis van vers 3a miskien so kan verstaan: "skenk my U guns", met ander woorde, die psalmis bid dat JHWH aan hom sy ḥesed sal betoon.

PSALM 44

Die afbakening van perikope

Hierdie psalm bestaan uit verskillende literêre vorme, wat tewens 'n omlýning gee van die afsonderlike gedagte-eenhede.

Die meeste geraadpleegde kommentatore¹¹⁰ stem ooreen wat die perikoop afbakening betref. Verse 2-4 besing die lof van God in die vorm van 'n lied waarin hy terugkyk in die verlede op die verlossingsdade van God. In verse 5-9 vind ons die digter se uitinge van vertroue. Verse 10-17 vertel van die huidige verdrukking. Die digter betuig sy onskuld in verse 18-23. Die laaste perikoop (verse 24-27) is 'n bede tot God waarin die bidder om hulp roep.

Die metrum is hoofsaaklik 3+3¹¹¹ (Anderson 1972a: 337).

Die direkte voorkoms van die begrip:

Die gebed van die psalmis in die vyfde perikoop (verse 24-27) meld ten slotte van die hesed van JHWH en verwys opsetlik weer eens na die begin van die psalm, waar die liefde van God geprys word as die uitmuntende motief van sy verlossende werk (v. 4) (Weiser 1979: 359). Daardie liefde van God is die versteekte spil van die hele psalm waaromheen die verlossende werk in die geskiedenis (v. 2) sowel as die mens se teenswoordige versoeking, draai (verse 10-17). Die gebed om hulp is nie gegrond op selfregverdiging nie, maar dit verwys na God se verbondsbeloftes (sy voorgeskrewe lojaliteit) (Anderson 1972a: 346). Op grond van vers 18 kan ons aflei dat die volk wat om hulp en bevryding roep die verbondsvolk (h^asīdīm) van God is. Vers 27 is dus 'n hulpkreet (om verlossing) waarin vers 24 voortgesit word. Die psalmis word gekwel deur die gedagte dat 'n mens (h^asīdīm) ten spyte van al die trou aan God (se verbond), tog gehoon word en swaar kry (Van der Ploeg 1973: 273). As verbondsvolk het hulle hul laaste hoop op JHWH se hesed, wat bereid is tot hulp en geneig is tot verlossing, gevestig (Van Uchelen 1977: 23).

Die werkwoord "pādāh" (loskoop, verlos) word hier (v. 27) in verband met hesed gebruik saam met die voorsetsel "l^ema^can." Omdat pādāh hier verband hou met die verbondsvolk, dui dit op die "uitred, loskoop, verlossing" uit Egipte (vgl.

Ps 78:42; sien Britz 1982: 40). JHWH se hesed word hier met die gebruik van l^ema^can op die spel geplaas. Die pādāh is dus ter wille van of sodat sy hesed kan blyk.

Op grond van JHWH se betoning van hesed in die verlede aan sy volk (verse 2-4), en hulle trou (wees) aan die verbond (v. 18), roep hulle tot JHWH om ook nou (in die hede) sy hesed te betoon (Van Uchelen 1979: 42). Ridderbos (1958: 29) meen dat die konkrete gebed om verlossing (pādāh) en 'n beroep op God se hesed JHWH mag beweeg om sy h^asīdīm te help.

Deur JHWH se hulp en pādāh, betoon Hy sy hesed. JHWH se hesed bly vir ewig voortduur (vgl. Ps 136). As sy hesed vir ewig voortduur dan bly JHWH mos getrou aan sy hesed. Omdat JHWH dus vir ewig getrou is aan die verbondsbeloftes aan sy h^asīdīm (in die verbond), sal JHWH sy volk help en hulle bevry (pādāh) sodat sy hesed (troue liefde) geopenbaar kan word. Hesed is dus hier JHWH se troue liefde aan sy h^asīdīm.

Myns insiens funksioneer geen aanverwante begrippe van hesed in Ps 44 nie.

Die funksionering van die begrip in verskillende situasies:

Uit vers 2 is dit duidelik af te lei dat Israel se vestiging in Kanaän JHWH se werk was. JHWH het aan die huidige verbondsvolk se voorvaders hesed bewys deur hulle uit Egipteland, uit die slawehuis, uit te lei en in 'n land wat oorloop van melk en heuning, te vestig. Maar Hy het deur sy krag, mag en teenwoordigheid hul vyand verslaan (deur sy regterhand en arm). Ridderbos (1958: 25) meen dat die grond van die volk se verlossing uit die hand van die vyand (v. 4) lê in die goddelike welgevalle (welbehoe, liefde) aan Israel. Dit berus alleen op vrye guns (vgl. Dt 7:7 vv en 9:4 vv). Ons kan dus sê dat JHWH in verse 2-4 indirek hesed aan sy volk betoon.

PSALM 51Die afbakening van perikope:

Die volgende onderverdeling¹¹² kan van Ps 51 wat in sy geheel 'n gebed is, gemaak word:

- vv. 1-2 opskrif
- vv. 3,4 aanroeping en gebed om begenadiging en skuldvergifenis
- vv. 5-8 skulderkennis en skuldbelydenis
- vv. 9-11 gebed om skuldvergifenis
- vv. 12-14 smeking om 'n rein hart en 'n gewillige gees
- v. 15 gelofte om ander te vermaan
- vv. 16,17 bede en gelofte
- vv. 18,9 grond vir vertrouwe
- vv. 20,21 voorbidding

Die versmaat 3+3 is bepalend volgens Kraus (1978a: 540).

Die direkte voorkoms van die begrip:

In diepe skuldbesef roep die psalmis in vers 3 tot God om genade (ḥānan). In hierdie geval is dit 'n noodroep om die uitwissing van sy sonde. Dit is baie duidelik dat ons hier met 'n parallelisme¹¹³ te doen het.

- v. 3a "Wees my genadig in U ḥesed".
- v. 3b "Wis my oortredinge uit in U groot rah^amīm".

Rogerson (1977b: 17) meen dat die parallelisme suggereer dat die skrywer 'n situasie skep om sy behoefte aan totale reiniging te beklemtoon.

Rah^amīm is dus 'n aanverwante begrip van ḥesed in vers 3.¹¹⁴ Uit bogenoemde kan ons saam met Britz (1982: 42) die afleiding maak dat ḥānan die werkwoord is wat in verband met ḥesed

gebruik word. As God dan aan die psalmis genade bewys, was Hy hom skoon van sy skuld en reinig hom van sy sonde (v. 4). Die woord "hānan" gee ook uitdrukking aan h houding van h meer=dere teenoor h mindere. Anderson (1972a: 391) is van mening dat hānan die gedagte van onverdiende guns vertolk. Volgens Britz (1982: 41) wil hānan hier sê dat die digter niks het om in ruil vir God se vergifnis (van sy sonde) aan te bied nie. Daarom staan die digter met leë hande, wat terselfdertyd ook peša^c (v. 3b,15), awōn en hattā't (verse 4, 7 en 11) is. Van Uchelen (1977: 84) is myns insiens korrek in sy siening dat ons hier met h spanning (tussen die digter se oortredinge, sonde en skuld en God se hesed en rah^amīm) te doen het. Die vorm van elkeen van hierdie woorde wys daarop dat dit alleen in God se vermoë lê om hierdie spanning op te hef. Alleen God kan die bidder genadig wees deur sy oortredinge uit te wis. En dit is die hoofrede waarom die psalmis hom op God se hesed beroep.

Hesed verskyn hier in die manlik enkelvoudige vorm met h voorsetsel "k^e". Die Engelse vertaling van "k^ehesed" is, "according to thy lovingkindness". Die digter wil met die voorsetsel "k^e" te kenne gee dat hy met God se hesed vertrou is (Britz 1982: 41). Die psalmis moes dus in die verlede alreeds God se hesed ondervind het (vgl. verse 10 en 14). Hy weet dat God opregtheid verwag (v. 8) en h offer van veroortmoediging wil hê (v. 19) en nie h brandoffer nie (v. 18). Daarom is die digter so bewus van sy sonde en ken hy ook sy oortredinge. Hy weet dat die verwydering tussen hom en God, asook die daade van opstand teen Hom, alleen deur sy Redder herstel kan word (Anderson 1972a: 391). Hy begeer dat God sy opgetekende sondelys moet uitwis. Dit is wat die digter met hānan wil uitdruk. Dit is h vrymaking van sonde sonder verdienste wat voortvloei uit God se hesed.

Om nog beter te verstaan wat met hesed bedoel word kyk ons eers na die begrip "rah^amīm". Rah^amīm, wat hier in die meervoud voorkom, beteken iets soortnelyk aan die gevoel wat

'n moeder normaalweg teenoor haar baba het (vgl. Jes 49: 15). Dit is met ander woorde die diepste gevoel wat 'n persoon vir iemand anders kan hê. Ons kan dus sê dat die bidder pleit dat God vanuit 'n houding van die diepste gevoel van liefde teenoor hom, sy oortredinge moet uitwis.

Omdat die bidder 'n gelowige is (vgl. v. 13) druk die begrip hesed terselfdertyd die diepste gevoel van liefde van God teenoor sy bondgenoot uit. En omdat sy verbond vir ewig met die mens is, is sy liefde ook vir ewig. Hesed wil dus die blywende gevoel van God se troue liefde uitdruk.

Die psalmis bid dus vir hesed wat nie verdien kan word nie, dit is die troue liefde van God. Dit kan ook beskryf word as die vriendelike gesindheid en handelswyse waardeur God hom lojaal aan die psalmis betoon (vgl. Ridderbos 1958: 88) deur hom van sy sonde en skuld te reinig.

Hesed, God se troue liefde (die diepste gevoel vir sy bonde=ling), is dus ook in Psalm 51: 3 die pleitgrond vir die psalmis se vergifnis van sonde. So funksioneer hesed weer eens in verband met die vergewing van sonde.

Die voorkoms van aanverwante begrippe:

Die enigste aanverwante begrip myns insiens in hierdie psalm, is "rah^amim". Die begrip is reeds saam met "hesed" onder die "direkte voorkoms van die begrip" bespreek.

Die funksionering van die begrip in verskillende situasies:

Dit word nie hier bespreek nie, aangesien "hesed" volgens die bespreking in vers 3 nêrens in hierdie psalm in verskil= lende situasies funksioneer nie.

PSALM 52Die afbakening van perikope:

Psalm 52 verdeel baie mooi in drie strofes, naamlik:

- (a) verse 3-6,
- (b) verse 7-9,
- (c) verse 10 en 11.¹¹⁵

Ons het hier te doen met die bekende Qina-ritme, dit wil sê n 3+2 metrum.¹¹⁶

Die direkte voorkoms van die begrip:

Hesed kom direk voor in verse 3, 10 en 11.

Die tekskritiese nota van vers 3^{C-C} wil net sê dat "hesed 'ēl"¹¹⁷ waarskynlik "'ēl ḥāsīd" lees. Die Siriese vertaling kan daarvoor vergelyk word. Omdat hierdie lesing nie vol-doende steun het nie kan ons dit nie aanvaar nie. In vers 10 funksioneer hesed saam met 'e_lōhīm, wat 'n aanduiding is dat "hesed 'ēl" korrek behoort te wees. Wat verwarring kan bring is dat "'ēl ḥāsīd" in kontras sou staan teenoor die "regverdiges" in vers 8 (vgl. Kidner 1977a: 195). Nog 'n rede om "hesed 'ēl" te verkies, is dat hierdie goddelose roem op sy kwaad terwyl dit indruis teen die daaglikse betuiging van God se trou (hesed) (vgl. Van Uchelen 1977: 94). Kommen=tatore¹¹⁸ verskil egter aansienlik oor hierdie twee woorde, omdat dit nie 'n maklike vers is om te vertaal nie.

Weiser (1979: 411), Delitzsch (1889: 143) en Van Uchelen (1977: 93 en 95) is myns insiens dus korrek as hulle vers 3 soos volg vertaal: "Die hesed van God duur die hele dag". Daarom kan 'n mens vers 3 soos volg interpreteer: "God se hesed (sorg) duur vir altyd". Hesed wil hier die goedheid en liefde van God en ook die innige verbinding met Hom alleen uitdruk. Weiser (1979: 412) meen dat God se hesed onwankel=

baar is en dat dit vir ewig duur. God se ḥesed (troue sorg) aan die ḥāsīd (gelowige) staan teenoor die ewige (vir altyd) vernietiging van die goddelose (v. 7). Ḥesed (manlik enkelvoud) in vers 3 staan in verband met God se ewige troue sorg aan sy ḥ^asidīm.

In vers 10 spreek die ḥāsīd sy sekerheid uit dat hy vir ewig en altyd op God se ḥesed (troue sorg) kan vertrou (v. 10c; vgl. Ps 13: 6). Ḥesed staan hier in noue verbinding met die werkwoord "bāṭah" (vertrou). Weer eens het ons hier te doen met die verhouding tussen God en die bidder (volk), sy verbondenheid, en solidariteit wat vir ewig duur. Die twee beelde in vers 3 en 10 beskryf dit baie duidelik, nl.: die geweldige word soos 'n boom ontwortel en weggeruk uit die tent (v. 7) terwyl die gelowige in die "huis van God" soos 'n groen olyfboom¹¹⁹ sterk en stewig staan (v. 10a) (vgl. Ps 92: 13, 14 en Van Uchelen 1977: 95). Van der Ploeg (1973: 327) stel dit so mooi as hy sê dat die slegtheid van die sondaar neem toe "terwyl die vertroue van die vrome op God se ḥesed geen einde ken nie." Die sondaar vertrou op sy rykdom (v. 9) en die gelowige op God se ḥesed.

God se ḥesed is in vers 10 die basis van die ḥāsīd se geloof en vertroue (Rogerson 1977b: 23). Daar is nie net stabiliteit (die immergroen boom wat nie maklik ontwortel word nie) nie, maar ook sekuriteit (die beskerming van God in sy huis) vir hom wat vertrou op God se ḥesed. Myns insiens wil die digter vir die goddelose sê dat God se ḥesed stabiliteit en sekuriteit inhou (vgl. Rogerson 1977b: 23).

Die voorsetsel "be" voor die begrip ḥesed gee gesag aan die gelowige se vertroue. Sy vertroue hang nie in die lug nie, maar sy vertroue is in God se ḥesed. Vers 10a en b word saamgevat en konkreet uitgedruk in vers 10c. Wanneer die psalmis sê dat hy in (op) God se ḥesed vertrou, wil hy maar net sê dat hy seker is dat hy by God staande sal bly. God sal hom altyd versorg en beskerming (skuiling) bied teen die vyand.

Hier kan selfs aan verlossing (redding) van die vyand gedink word (vgl. Böhl 1968: 92).

Weer eens het ons dus in vers 10 te doen met die ewige en troue versorging van God aan die gelowige wat in sy hesed opgesluit is.

Ḥāsīd kom in Ps 52: 11 in die meervoud voor. Wanneer ḥāsīd in die meervoud voorkom, verwys dit na 'n godsdienstige kwaliteit wat daardie mens het of behoort te hê (Anderson 1974: 40). Ps 18: 28 sê dat hierdie kwaliteit hesed is. Oorspronklik dui dit die patroon van gedrag aan wat ooreenstem met hulle wat lede van die verbond is. Ons het dus hier te doen met die volk van God, die getroues van God (Ridderbos 1958: 102), die aanbiddende (of aanbiddings) gemeenskap (Anderson 1972a: 408). Ḥāsīd kan hier dus identies gesien word met die "regverdige" (v. 8) (vgl. Anderson 1974: 38 en Kraus 1978a: 395).

Die psalmis se lof is 'n uitdrukking van dankbaarheid vir alles wat God aan hom gedoen het (God se sorg - vers 3 en 10). Volgens Rogerson (1977b: 24) is dit goed dat die psalmis God se Naam voor die ḥ^asīdīm loof en prys, omdat nie net sy eie blydskap vergroot word nie, maar ook hulle geloof versterk word (vgl. Ps 22: 23).

Die ḥ^asīdēkā is die ḥ^asīdīm, die regverdige (v. 8), die vroom, godsdienstige gunsgenote, wat soos die psalmis (self ḥāsīd), ook op God se hesed vertrou en op sy krag steun (v. 9). Hulle het die goeie en die waarheid lief (v. 5). Beuken som volgens Van Uchelen (1977: 96) verse 3, 10 en 11, soos volg op: God betoon sy hesed vir ewig (v. 3) en die gelowige betoon sy vertroue op God se hesed (v. 10 - waarvan hy afhanklik is) en sy verwagting. In vers 11 verkondig die psalmis God se hesed aan die ḥ^asīd^ekā (die ḥ^asīdīm).

Die voorkoms van aanverwante begrippe:

In vers 11 vind ons 'n emfatiese kī (Dahood 1968: 16) saam met tōb¹²⁰ (sien Ps 22: 22, 25) 'n aanverwante begrip van hesed. God se tōb is dus die hoofrede hier waarom die psalmis sy Naam voor die h^asīdīm loof en prys. Van der Ploeg (1973: 327) sien tōb as die volmaakte Naam, dit is die uitdrukking van die volmaaktheid van God. Ridderbos (1958: 102) daarenteen meen weer dat "kī tōb" maar net 'n gewone formule in dankliedere is.

Die goddelike Naam word hier weergegee as 'n persoon (dit is God) wat seëninge skenk aan hulle wat dit hoog ag (Dahood 1968: 17). Met ander woorde, dit gaan hier om dit wat God alles vir die hāsīd(īm) doen. Volgens Ps 52 is God (se Naam) tōb (goed) omdat Hy hesed aan die mens (h^asīdim) bewys deur vir hulle getrou te sorg. Myns insiens bewys God nie net hesed nie, maar is Hy self ook tōb (hesed) omdat sy hesed vir ewig en altyd duur.

Ons het reeds verwys na die "regverdiges" (v. 8) wat identies is met die h^asīdīm (v. 11). Ons het dus hier te doen met 'n aanverwante begrip van hāsīd. Die regverdiges sou ons kon sê, is hulle wat nie bedrog pleeg met hulle tonge nie (v. 4), wat die waarheid meer liefhet as die leuen (v. 5b) en die goeie meer as die kwaad (v. 5a). Hulle saai nie verwarring met leuens en vertrou nie op hul eie kragte nie maar steun op God se krag (v. 9) en vertrou op sy hesed (v. 10). Die saddī-gīm is dus die h^asīdīm van God in Ps 52.

Nêrens funksioneer die begrip in verskillende situasies nie.

PSALM 53

Aangesien Psalm 53 ooreenstem met Ps 14 word Ps 53 nie weer bespreek nie om duplisering uit te skakel, en verwys ons na Ps 14 vir die voorkoms van aanverwante begrippe en die funksionering van die begrip in verskillende situasies.

PSALM 54

Psalm 54 word nie in perikope verdeel nie omdat hier geen direkte voorkoms van die begrip "ḥesed" is nie.

Die voorkoms van aanverwante begrippe:

Dit is moeilik om sekere begrippe as aanverwante begrippe van ḥesed te beskou, veral waar ḥesed nie in die psalm direk voorkom nie. Wanneer God die psalmis van sy vyande verlos betoon Hy ḥesed aan hom (v. 3).

Vers 3a en b is parallel aan mekaar (Van Uchelen 1977: 101). Die werkwoorde "yš^c" en "dīn" staan parallel teenoor mekaar. Myns insiens is yš^c en dīn aanverwante begrippe van ḥesed. Wanneer God die psalmis red van die vreemdes (geweldenaars), doen Hy reg aan hom. Met ander woorde, as God redding skenk laat Hy reg geskied aan die psalmis wat terselfdertyd 'n bewys is van God se ḥesed aan die mens.

Die šēm van God dui op sy mag (sien 1979 vertaling) en sy teenwoordigheid. Volgens Delitzsch (1889: 152) is die Naam van God die manifestasie van sy natuur wat weer ḥesed as die sentrale eienskap besit. Dit is so omdat die Naam van God tōb is (sien vers 8 en Ps 52: 11). Die Naam van God (šēm) is parallel met die ybr (krag) van God. Delitzsch sien šēm en ybr as twee ekwivalente van ḥesed. yš^c en dīn is weer attribute, wat maar 'n deel van die goddelike Naam van God bekend stel, meen hy.

In vers 8 sê die psalmis dat JHWH tōb is.¹²¹ Ons kan dus sê dat JHWH ḥesed is omdat Hy deur sy Naam (mag en krag) verlossing skenk (verse 3, 9) aan die psalmis en hom as sy Helper ondersteun (v. 6) deur sy teëstanders te vernietig (v. 7). So kom die trou van God na vore (v. 7). Die digter vra dat God hom deur sy Naam sal red en bely dat die Naam van JHWH tōb is. Die mag en teenwoordigheid (Naam) van God is tōb.

Dit is kenmerke van God. Daarom kan ons sê dat God self tōb is, of anders gestel, dat God hesed is. Tōb is dus die verlossing, verhooring, hulp en trou van God aan die psalmis.

Die begrip funksioneer nêrens in verskillende situasies in Ps 54 nie.

PSALM 55

Hierdie psalm word nie in perikope afgebaken nie. Die begrip "hesed" kom nie direk voor in hierdie psalm nie.

Die voorkoms van aanverwante begrippe:

Die begrippe "y^sc" (v. 17) en "pādāh" (v. 19) kan as aanverwante begrippe beskou word, maar in werklikheid funksioneer dit net gedeeltelik vir die betekenis of verstaan van die begrip "hesed". Die begrippe sal dus nie hier bespreek word nie.

Die funksionering van die begrip in verskillende situasies:

As die digter in vers 23 sê dat 'n mens jou sorg op JHWH moet werp omdat Hy vir jou sorg, dan wil hy net sê dat JHWH sy lewe sal red en aan hom oorwinning sal gee (v. 19) (vgl. Weiser 1979: 421).

PSALM 56

Hesed kom nie direk voor in Psalm 56 nie, daarom word dit nie in perikope verdeel nie.

Die voorkoms van aanverwante begrippe (selfs antities verduidelikend):

In vers 2 kom ḥānan as aanverwante begrip van ḥesed voor. Ḥānan fungeer hier saam met 'e_lōhīm.¹²² Rogerson (1977b: 38) beskou die uiting van die psalmis (ḥānan - wees genadig) as 'n onvoorwaardelike geroep om hulp. Ḥānan is hier 'n sagte bevel (imperatief), 'n smeekgeroep om 'n gunsbewys (Stoebe 1952: 245). Die digter erken sy ellendige toestand waarin hy verkeer. Daarom gebruik hy die begrondingspartikel "kī"¹²³ wat na ḥānan heenwys as hy sy redes verstrekk waarom hy van God 'n gunsbewys vra. Stoebe (1952: 245) gaan so ver dat hy meen dat die werkwoord "'c_ānāh" hier in die plek van ḥānan gebruik kan word.

Anderson (1972a: 421) is korrek as hy sê dat "ḥānan 'e_lōhīm" 'n algemene hulpgeroep in die Klaagpsalms is. Wat baie treffend is van hierdie hulpgeroep van die psalmis, is dat dit in verse 4b, 5b afgesluit word met 'n vertrouensuitspraak ten spyte van God (Van Uchelen 1977: 113). Die digter glo en vertrou dat God hom genadig sal wees (ḥānan). Baie treffend is ook die feit dat die digter pleit dat God hom genadig moet wees (om hom van die dood, van sy vyand te red - vers 14), terwyl hy in vers 8, (ook met 'n sagte bevel - yrđ - Hifil imperatief) God smeek om sy vyand in sy toorn ('ap) te vernietig (neer te werp - 1933 vertaling). Die psalmis vra dus God se ḥesed vir homself maar die teenoorgestelde (negatiewe) vir sy vyand. Let op die antitiese: ḥānan teenoor 'ap.

Delitzsch (1889: 167) wys weer op die antitiese tussen 'e_lōhīm en 'e_nōš. God is die Almagtige, Majestieuse Een teenoor die verganklike mens. As die psalmis God se guns aan sy kant het en sy genade ondervind sal hy sonder vrees (v. 10, 11) die vyand tegemoet gaan.

Deur die psalmis se oproep tot God in vers 8 word die lot, wat hy die vyand toewens te kenne gegee. God mag die 'e_vnoš

in sy toorn ('ap) vernietig (Van Uchelen 1977: 114). Hiermee word die posisie van die vyand as verkeerd aangetoon (v. 3b) en vorm dit 'n teenstelling met dié van die gelowige (v. 14a).

Ons het dus hier enersyds te doen met ḥānan (v. 2) as 'n aanverwante begrip van ḥesed. Die psalmis vra dat God ḥesed (n guns) aan hom sal bewys deur hom van sy vyand te verlos. Ḥesed word andersyds antiteties verlig as die psalmis pleit dat God sy vyand in 'ap (toorn) sal vernietig (v. 8) omdat hulle op die loer is om hom dood te maak (v. 7).

Die funksionering van die begrip in verskillende situasies:

Die kī aan die begin van vers 14 verbind verse 13 en 14 met mekaar (Kraus 1978a: 410). Daarom kan ons sê dat die psalmis op sy beskeie manier ḥesed aan God wil bewys uit dankbaarheid (v. 13). Die psalmis se dank is op die reddende hulp van God gegrond. Met ander woorde, die digter se dankoffer aan God is 'n erkenning dat sy redding alleen God se beslissing en deur geen mensemag meer verhinder kan word nie (Lamparter 1961: 280). Sy dank is dus vir die genade wat God aan hom bewys het. Kidner (1977a: 205) meen dat hierdie "dankoffers" letterlik offers en ook dankliedere kan wees (vgl. Lv 7: 12 en Ps 26: 7).

Van Uchelen (1977: 115) som vers 13 en 14 so mooi op as hy sê dat dié wat voor God se aangesig wandel, deur God se goedheid sal leef. Omdat die psalmis God se goedheid (ḥesed) beleef en Hy hom genadig is (ḥānan), betoon hy op sy beurt dank (ḥesed) deur dankliedere en offers aan God te bring.

PSALM 57Die afbakening van perikope:

Psalm 57 val mooi in twee dele uiteen. Die eerste deel (verse 2-7) is 'n klaaglied en 'n dringende gebed (hulpgeroep). Die tweede gedeelte (verse 8-12) is 'n dank- en loflied.¹²⁴ Die een rede hiervoor is myns insiens die feit dat verse 8-12 van Psalm 57 net so as 'n eenheid voorkom in Psalm 108 verse 2-6.

Die metrum in verse 2-6 en 11-12 is hoofsaaklik 3+3 terwyl ons in verse 7-10 weer 'n 3+2 ritme¹²⁵ kry.

Die direkte voorkoms van die begrip:

Hesed kom in verse 4 en 11 direk voor.

Kom ons kyk eers na die direkte voorkoms van hesed in vers 4. Hier het ons te doen met die verbinding "'eōhīm hesed wa'e met". Hesed (manlik enkelvoud) en 'e met (vroulik enkelvoud) is twee goddelike eienskappe. Britz (1982: 41) praat van "n duidelike personifikasie".¹²⁶ Hierdie verbinding kom selde in die Klaagliedere voor (Stoebe 1952: 253).

Britz (1982: 41) is korrek as hy sê dat hesed die objek van yālāh (stuur) en y^{vc} (verlos) is.¹²⁷ Daar is dus 'n noue verbinding tussen hierdie twee woorde (yālāh, y^{vc}) en hesed wa'e met. God se hesed wa'e met, wat nooit tot niet gaan nie, word hier uitgestuur asof hulle met die vervolgers moet veg om vir die psalmis verlossing te bied (vgl. Rogerson 1977b: 43). Dahood (1968: 51) praat van twee aanwesiges wat die psalmis tot veiligheid lei. In vers 4 kry die beskrywing van God se handeling 'n beklemtoning van sekerheid, veral deur die opvallende herhaling van "yālāh". Die herhaling van yālāh wys daarop dat vers 4c parallel is met vers 4a (Van der Ploeg 1973: 345).¹²⁸ Die digter se redding (y^{vc}) is dus opgesluit in God se stuur (yālāh) van sy hesed wa'e met. Daarom kan ons

sê dat God se bevrydende handeling gestalte kry in sy hesed (sy bindendeliefde) en sy '^emet (sy bestendige en standvastige trou) (vgl. Van Uchelen 1977: 120).

In vers 3 spreek die digter al sy vertroue uit dat God, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde (vgl. Rogerson 1977b: 42), hom sal help. Vers 7 skets vir ons die vervulling van die digter se bede. God se hesed wa'^emet het hom gered deurdat sy vyand self in die gat geval het, wat hulle vir hom gegrawe het. Ons kan dus sê dat ons in vers 3 'n bevestiging of vertrouensuiting van die psalmis se verlossing deur God se hesed en '^emet het (vgl. Britz 1982: 42).

In God se hesed en '^emet is ook die grootheid en mag van God opgesluit (vgl. verse 6, 12). Vers 11 skets die grootheid terwyl vers 3 se benaming vir God dui op sy Almag. Hieruit is dit duidelik dat Weiser (1979: 427) korrek is as hy sê dat hesed wa'^emet fundamentele kenmerke van God se openbaringswyse is.

Uit bogenoemde feite kan ons aflei dat daar by die psalmis 'n bepaalde sekerheid is dat God hom sal verlos (v. 3 en 4b) en dat daar by Hom skuiling is. Daarvoor sal Hy sy hesed en '^emet stuur om te bevestig dat Hy Iemand is wat die gelowige met sekerheid sal verlos en beskerm. Met ander woorde God se y^{vc} toon sy hesed en '^emet, of ons kan sê, sy y^{vc} word vergesel deur hesed en '^emet. Anderson (1972a: 426) is van mening dat God se verbondslojaliteit en betroubaarheid daardeur na vore kom. Dit bied weer die beloftes van God se verbond aan wat die basis vir die psalmis se hoop vorm (Rogerson 1977b: 43).¹²⁹ Deur verlossing aan die psalmis in tyd van nood te skenk, kom God se liefde, wat die bidder aan Hom bind (verbondsliefde), en sy getrouheid (trou wat vir ewig en altyd vas bly staan) die psalmis te hulp.

Ons kan hesed dus weergee met "liefdevolle goedheid" (Van der Ploeg 1973: 346) of "bindende liefde" (Van Uchelen 1977: 120).

'Emet wat as versterking van hesed dien kan die juiste betekenis van "waaragtige en ware trou" of "standvastige en onbeweeglike ewigdurende trou" hê. Die verbinding van "hesed wa 'emet" wys op die standvastigheid van God se doen en late, dit wil sê die sekerheid dat Hy sy hesed sal bewys. Hesed wa 'emet wys samevattend dus op die "liefde" en "trou" of "troue liefde" van God wat saam met die verlossing aan die psalmis geskenk word.

In vers 11 kom hesed weer direk voor saam met 'emet. Hier word die hesed en 'emet met die omvang van vers 4c beskryf. Ons het hier 'n parallelisme, naamlik vers 11a en 11b. Die kī van vers 11 lei die hoofsaak van die lofsang, danklied in (vgl. Ridderbos 1958: 124).¹³⁰ Die beelde waarmee God se hesed beskryf word, wil net sê dat dit alomteenwoordig is soos Hyself (Van der Ploeg 1973: 347). God se hesed is oorvloedig, dit wil sê, dit vul die oneindige ruimte tussen die hemel en die aarde. Ons het hier te maak met die onmeetlike grootheid en die onuitputlike rykdom van God se hesed en 'emet wat op die psalmis uitgestort word (Weiser 1979: 428). Vers 11 is die rede waarom die psalmis God loof en prys.

Die digter wil God se grote hesed besing waarvan die betekenis uitgaan ver bo wat hy persoonlik ondervind het. Hesed is volgens Van der Ploeg (1973: 347) hier 'n eienskap wat veral God se verhouding tot dié wat aan Hom behoort, kenskets. God se hesed is dus oneindig groot en oorvloedig terwyl sy 'emet oneindig vas en waar is.

Die betekenis van hesed en 'emet word nie weer hier bespreek nie omdat dit met dié van vers 4, myns insiens, ooreenstem. Vers 11 borduur dus net voort op vers 4c.

Die voorkoms van aanverwante begrippe:

Die woord ḥānan word in vers 2 herhaal. Dit dui op die groot nood waarin die psalmis verkeer (vgl. Ridderbos 1958: 122). As die digter sê dat hy by God skuil kom die gedagte van die

beskerming, wat God verleen, daardeur na vore (Britz 1982: 42). Hierdie skuiling word by God se hesed gevind (vgl. Weiser 1979: 427 en Durham 1972: 286). Dit wil dus sê dat die psalmis roep om God se ontferming. Die psalmis glo nie net dat hy verseker by God skuiling, beskerming sal vind nie, maar ook dat God hom verseker sal help en red (verse 3, 4). Met ander woorde, die digter smee dat God onverdiende guns (ḥānan) aan hom sal bewys deur hom te verlos van sy vyand. Deur die twee "beskermingsengele" (hesed en 'emet) na die psalmis te stuur om hom te verlos, ontferm God Hom oor die bidder en kan hy van God se onverdiende guns smaak. Durham (1972: 286) en Weiser (1979: 427) meen dat die psalmis skuiling soek in die tempel waar God teenwoordig is. Ḥānan wys myns insiens na y^sc, hesed en 'emet (v. 4).

Neubauer, volgens Anderson (1972a: 425), verklaar ḥānan as die ingryping van God om die psalmis te red en te help. Die klem val vir Neubauer eerder op die lojaliteit as op die hesed. Die psalmis smee nie net om die regte houding van God teenoor hom nie, maar ook die daad, die bewys van sy guns (ook hesed) (sien Anderson 1972a: 425). Die werkwoordvorm van ḥānan is in die imperatief, wat dui op 'n sagte bevel aan God om 'n daad (onverdiende guns) van Hom te eis.

Die funksionering van die begrip in verskillende situasies:

In vers 10 is dit vir ons duidelik dat die digter sy dankbaarheid aan JHWH, die Verbondsgod wil toon omdat sy hesed en 'emet oorvloedig en oneindig groot is en ook omdat Hy hom van sy vyand verlos het (verse 7, 8). Hier wil die digter reeds voor die aanbeking van die dag sy lof aan God besing (Van Uchelen 1977: 121). Dit is sy manier om hesed aan God te bewys.

PSALM 58

Myns insiens is hier geen direkte voorkoms van hesed nie, geen aanverwante begrippe en geen funksionering van die begrip in verskillende situasies nie. Daarom sal hierdie psalm nie in perikope verdeel word nie en ook nie bespreek word nie, ten spyte van die feit dat hierdie psalm 'n Klaagpsalm is.

PSALM 59

Hierdie psalm word deur Britz (1982: 10) as 'n loflied geklassifiseer.

Die afbakening van perikope:

Oor die opbou van hierdie psalm verskil kommentatore tog in 'n mate van mekaar.¹³¹ Die psalm kan soos volg verdeel word:

- verse 2-3 - 'n viervoudige versoek om hulp
- 4-5a - die klag en protes van onskuld
- 5b-6 - oproep tot God
- 7-8 - klag oor die vyand
- 9-10 - vertrouensuiting
- 12-14 - 'n begeerte dat die vyand geoordeel sal word
- 15-16 - refrein
- 17-18 - uitdrukking van dank

(vgl. Kraus 1978a: 421). Die metrum is hoofsaaklik 3+3 (Anderson 1972a: 435).¹³²

Die direkte voorkoms van die begrip:

Hesed kom in verse 11, 17 en 18 direk voor. Britz (1982: 10) gee net 'n bespreking van vers 17.

In vers 11 het ons twee tekskritiese probleme.¹³³ Die belangrikste een is in verband met hesed. Volgens Delitzsch (1889: 189) moet vers 11a volgens die "q^erē" soos volg lees: "'e^lōhēy ḥasdi" (my genadige God sal my tegemoetkom). Die K^etīb lees weer: "'e^lōhay ḥasdō", (my God met sy (trou) goedheid of liefde).¹³⁴ Vers 18 lees "'e^lōhēy ḥasdi". Vers 11 lees volgens Van der Ploeg (1973: 356) "'e^lōhāy ḥasdō". Die opvolgende werkwoord kan hesed en God as subjek hê. Ons neem aan dat God die subjek van die werkwoord "kdm" is. Vers 11 sal dan soos volg kan lees: "My God sal my met sy hesed (guns, goedheid, trou) moet kom (help)" (vgl. die 1979-vertaling). Dit wil sê, God kom toon of bewys sy hesed aan my (die psalmis).

Dit is duidelik uit vers 11 dat die psalmis sy vertrouens= uiting voortsit. Die bidder se hoop is op God se hesed, dit is sy getrouheid (trou) aan sy beloftes om sy dienaars te beskerm (Rogerson 1977b: 52). God se hulp (tegemeetkoming) in sy hesed sal nie net redding, bevryding en beskerming aan die psalmis wees nie (verse 2, 3), maar ook "ongenade" aan sy vyand (vers 6). Hesed kan dus hier weergegee word met goedheid, liefde, trou en goedgunstigheid. Volgens Dahood (1968: 71) kan dit selfs die kwaliteit van voortdurende krag beteken. Dahood is dus korrek as hy sê dat c^z (v. 10) en hesed in vers 11 parallel aan mekaar is (vgl. Dahood 1968: 70).

Die oorheersende gedagte of tema in hierdie psalm, wat ook in vers 17 te bespeur is, is dat God die psalmis se sterkte of sy sterk toring is (sien verse 2, 10, 18). Rogerson (1977b: 53) praat van die verwagte uur van redding wat sal kom wanneer die son van geregtigheid met genesing in sy vleuels sal op= kom (Ml 4: 2). Die bidder is sō gevul met vertroue en sekerheid in God, wie se krag die steunpilaar van sy lewe is, dat hy tevrede rus in sy God en hom verbly in Hom. Daarom sing hy 'n danklied aan God waardeur hy innerlike bevryding verkry (Weiser 1979: 437). Hierdie houding is dus te danke aan God se "sterkte" en "hesed" (trou).

Die digter jubel in die mōre omdat dit gebedstyd is (vgl. Jes 37: 36; Ps 5: 4; 46: 6; 55: 18; 90: 14; 92: 3; 143: 8).¹³⁵

Ons het in vers 17 'n parallelisme:

v. 17a "Ek sal sing van u mag (^czz)"

v. 17b "Ek sal jubel oor u trou (hesed)"

(vgl. Dahood 1968: 74). Myns insiens is ^czz hier, soos in vers 10 'n aanverwante begrip van hesed (v. 11).¹³⁶ Hesed kan dan hier dui op God se voortdurende krag, mag en sterkte, wat Hy deur sy goedheid en troue liefde toon. Die suffikse van ^czz en hesed is respektiewelik in verse 10a en 11a in die derde persoon enkelvoud, terwyl dit in vers 17 die tweede persoon en in vers 18 die eerste persoon enkelvoud as uitgange het (vgl. Van Uchelen 1977: 136). Dit is dus hier duidelik dat hesed verband hou met die psalmis se kragtige redding van sy vyande. 'n Mens soek alleen redding, beskerming (v. 2) en skuiling (v. 10) by iemand wat sterker as jy is. Hesed kan nog steeds hier met "trou, liefde en goedheid" weergegee word, met inagneming van die aanverwante begrip "sterkte" wat hier nog duideliker na vore getree het. Beide begrippe (hesed, ^czz) is kenmerke van God (vgl. Ps 62: 12,13). Let ook op die begrip wat gebruik is vir God in vers 6.

Die digter besing dus God se betroubaarheid (hesed) met vreugde omdat Hy verlossing skenk in tyd van nood.

In vers 18 het ons 'n klimaktiese opbou van woorde. Die digter beskryf wie God vir hom is en watter betekenis Hy vir hom inhou.

- (1) God is sy Sterkte
- (2) God is sy veilige vesting
- (3) God is sy genadige (troue) God.

Laasgenoemde is die klimaks waarby die psalmis wil uitkom. Hierdie drie sake kry ons ook in vers 17 maar net in 'n ander volgorde (vgl. Kuyper 1974: 491-492). Ook hier staan die drie sake parallel teenoor mekaar, maar veral ^czz en hesed

(vgl. Dahood 1968: 74). Vers 18 en vers 10 is parallel aan mekaar (vgl. Anderson 1972a: 440). In vers 17 staan die hesed van God sentraal. In vers 10 vind ons die eerste twee sake van die wat hierbo genoem is (sy Sterkte en veilige vesting). Skynbaar word "'e^lōhēy ḥasdi" terwille van volledigheid hier deur die digter self toegevoeg.¹³⁷ Ons kan dié twee woorde weergee met "U is die God van my goedheid". So kom God in sy neerbuigende liefde en goedheid (hesed) na die behoefte skepsel in nood.

'n Ander verskil tussen vers 10 en vers 18 is die ligte verskuiwing van medeklinkers (šmr na zmr) (vgl. Van Uchelen 1977: 135). Dit toon hoe weinig die psalmis se vertroue beskaamd is en hoeveel rede hy tot dank het.

Die begrip "zz" in vers 4 beskryf die mens as kragtig en magsvol, maar ook geweldig (wreedardig). Hierdie geweldenaars kan sterk wees maar God is die Sterke Een. Hy is die Almagtige, die JHWH 'e^lōhīm, die God van Israel (v. 6), maar Hy is ook die Beskermer (v. 12) van die gelowiges. God die Magtige en Sterke God skenk aan die psalmis redding deur die skuiling wat Hy aan hom bied. God is ewigdurende, die Sterke Rotsvesting (v. 10), maar Hy is ook ewigdurend getrou aan sy beloftes dat Hy sy dienaars sal tegemoet kom en hulp bied in tyd van nood (sien verse 11 en 17). God is dus die digter se Sterkte en ook sy genadige, barmhartige en getroue (hesed) God, wie se hesed tot uitdrukking kom in die guns en goedheid wat Hy aan die psalmis bewys het (vgl. Van der Ploeg 1973: 357).

Die voorkoms van aanverwante begrippe:

Die begrip "zz" kom in verse 10, 17 en 18 voor. In al drie gevalle is zz 'n aanverwante begrip van hesed (vgl. Dahood (1968: 70-74)). Omdat zz reeds bespreek is onder die hoof van die direkte voorkoms van die begrip om hesed beter te kon verstaan, sal zz nie weer hier bespreek word nie.

Die funksionering van die begrip in verskillende situasies:

Die psalm eindig in verse 17, 18 met 'n vertrouensuiting dat die geroep om hulp en beskerming verhoor sal word. Hierdie twee verse dien as gelofte dat die psalmis God daarvoor sal eer deur te sing en te jubel oor sy hesed en van sy mag te getuig (Ridderbos 1958: 134). Tot hierdie God, wat hom beskerm en hulp verskaf het, sal hy voortaan (elke mōre)¹³⁸ sy lof- en dankbetuiging rig, soos sy hoop (om redding) voorheen op God gerig was. So sluit die psalmis sy psalm af deur basies te sê dat hy van nou af vir ewig God se hesed en mag sal besing, waardeur hy op sy beurt hesed aan Hom betoon.

PSALM 60

Aangesien hesed nie hier direk voorkom nie, word die psalm nie in perikope afgebaken nie.

Die voorkoms van aanverwante begrippe (selfs antiteties verduidelikend):

In Ps 60 het ons slegs 'n antitetiese verligting van hesed (v. 3). Die begrip "'ānap" is 'n denominatief van 'ap (toorn) (Anderson 1972a: 442).¹³⁹ Volgens Kidner (1977a:216) het ons nie hier te doen met finale verwerping van die h^asīdīm deur God nie, maar bloot net vervreemding wat diep in 'n mens in sny. Die feit dat hulle nie in opstand kom wanneer hulle die toorn van God ervaar, toon hul diep gewortelde geloof in Hom. Volgens Dahood (1968: 77) is zānaḥ (om vertoornd, verstoet te wees) parallel met 'ānap. 'ānap is nie soseer 'n handige gerig op die vyand nie, maar beskrywend van die nood wat die dienaars (v. 6) as 'n direkte gevolg van God se houding, ervaar (vgl. Van Uchelen 1977: 141). God se toorn ('ānap) kom ook uit in die woorde zānaḥ en prs (gebroke, uitmekaar skeur). Die h^asīdīm ervaar God se toorn wanneer Hy hulle op 'n afstand hou; Hy trek nie saam met hulle leërs teen

teen die vyand uit nie (v. 12); Hy help hulle ook nie teen die vyand nie (v. 13). Hulle beseft dat die hulp van mense niks beteken nie (v. 13). Hulle kan alleen verlos word deur God se mag (v. 7).

Dit is dus duidelik dat die h^asīdīm God se 'ānap ervaar in die afwesigheid van God veral in tyd van nood en dreigende gevaar (v. 12). Hulle verlang na herstel, na God se hesed. Hulle smee om weer God se teenwoordigheid te ervaar.

Hesed funksioneer nie in Ps 60 in verskillende situasies so duidelik dat ons dit kan uitlig nie.

PSALM 61

Die afbakening van perikope:

Persone soos Kraus, Anderson e.a.¹⁴⁰ het myns insiens die mees korrekte indeling van hierdie psalm. Hierdie psalm begin met 'n aanroeping van God om hulp (verse 2-3). Die tweede perikope (verse 4-5) skets vaste vertroue in God en 'n diepe begeerte vir 'n beter toekoms. Verse 6 en 9 is albei uitdrukkings van vertroue en sekerheid dat God die gebed gehoor het. Verse 7 en 8 vorm nog 'n perikope waarin 'n kort gebed ter wille van die koning na vore kom.

In Psalm 61 is die metrum baie onreëlmatig (vgl. Kraus 1978a: 432).

Die direkte voorkoms van die begrip:

Britz (1982: 64) beskou en behandel Ps 61 as 'n Koningspsalm.

Die psalmdigter is in die vreemde (vers 3) en bid om die bewaring van God (vers 8) teen die vyand (vers 4). Juls hier in vers 8 kom hesed direk voor saam met 'emet. Hesed is die

objek van die werkwoord "mānāh" (Pi^cel imperatief) wat letterlik "tel" beteken.¹⁴¹ Mānāh kan hier weergegee word met "beskik, stuur" (sien Ridderbos 1958: 146) of "beveel" (sien Van der Ploeg 1973: 364).

Dit is ook belangrik om aan te dui dat die werkwoord "nsr" (bewaar) uitdrukking gee aan dit wat die psalmdigter van God se hesed en ook sy 'emet verwag (sien Britz 1982: 64). God moet die psalmis "op 'n rots bring" (v. 3) en hom laat skuil onder sy (God se) vleuels (v. 5).

So sal die psalmis veilig wees by God wat vir hom 'n toevlug en sterk vesting bied buite die bereik van die vyand. Boge-noemde verse (verse 3, 4, 5) dui op 'n beskrywing van God se hesed en 'emet. Britz (1982: 65) sê dat dié woorde juis op beskutting en veiligheid dui.

Hesed en 'emet dien hier as 'n "engelepaar" (vgl. Ps 40: 12 en Ps 43: 3) wat die koning bewaar, beskut en beveilig (sien ook Spr 20: 28).¹⁴² Ons het dus hier te doen met twee personifiëerde - goddelike eienskappe, wat die koning orals heen sal vergesel en sy veiligheid sal verseker.¹⁴³ Anderson (1972a: 449) is dus korrek as hy sê dat die woorde "voor God" beteken om God se guns en seënige te geniet. Die koning kan alleen "sy lewe lank voor God regeer" as hy deel in die goddelike verlossende hesed en 'emet (vgl. Weiser 1979: 444). Weiser (1979: 444) is van mening dat ook die hele volk die beskerming en verlossing van God geniet en dit sluit ook die versorging van die hele volk in (vgl. in hierdie verband Psalms 21: 5; 28: 8; 72: 17). Dit alles dui op 'n gemeenskap met God. Weiser (1979: 444) beskou hesed en 'emet as 'n essensiële deel van die openbaring van die aard van die Verbondsgod (vgl. Eks 34: 6). Britz (1982: 65) konkludeer dat hierdie gemeenskap met God (verse 4, 5) en dit wat daaruit voortvloei uit liefde, vastigheid aan die koning en sy volk gee.

Daarom kan ons nou sê dat God se hesed is daardie liefde wat op die psalmis se gebed ag slaan (v. 2); wat hom op 'n rots bring (v. 3); wat vir hom 'n toevlug is (v. 4); wat hom laat skuil onder sy vleuels (v. 5). So vervul God in liefde die wens van hulle wat sy Naam eer (vrees) (v. 6). Die feit dat God aan die koning, al sy lewensjare (wat oor geslagte strek) hierdie hesed (liefde) moet bewys, vra trou en die sekerheid dat God altyd sy hesed sal bly betoon. Hesed en 'emet wil dus God se liefde en trou aan dié wat Hom vrees uitdruk.

In Ps 61 kom geen aanverwante begrippe voor nie.

Die funksionering van die begrip in verskillende situasies:

Die funksionering van die begrip in die verhouding van God tot die koning in verse 2-5 is reeds aangeraak.¹⁴⁴ Weer eens sluit ook hierdie psalmdigter sy gebed met groot dankbaarheid af. Anderson (1972a: 450) meen dat die digter nie primêr 'n taak het nie maar 'n voorreg om God te loof en te prys, met ander woorde, die digter se dank aan God behoort spontaan te vloei uit sy daaglikse hande en wandel. Ps 92:2 sê: "Dit is goed om JHWH te loof."

So kom die bidder se hesed aan God spontaan tot uiting as dankbaarheid vir die goddelike verlossende seëninge wat na hom kom (vgl. Weiser 1979: 444).

PSALM 62

Die afbakening van perikope:

Daar is min kommentare wat ooreenstem oor die verdeling van hierdie psalm. Wat moontlik tot die probleem kon bygedra het is die feit dat verse 2 en 3 in verse 6 en 7 herhaal word. Hierdie psalm kan in drie perikope afgebaken word.¹⁴⁵ Verse 2-5 begin met die versekering van vertroue en sluit af met 'n klag. In die tweede perikope (verse 6-9) word die vertroue in God herhaal. In verse 10-13 word die grond vir die

vertroue uiteengesit: mense is nietig en daarom is daar alleen by God sterkte.

Hierdie psalm se metrum is onreëlmatig (vgl. Kraus 1978a: 436).

Die direkte voorkoms van die begrip:

Die slotvers (v. 13) is volgens Van Uchelen (1977: 156) die enigste waarin God direk aangespreek word. Hierdie uiting van vertroue is die vervolg op vers 12. Die nadere en meer persoonlike uitwerking blyk uit die gelyke konstruksie van vers 12c en vers 13a en ook uit die herhaling van die redegewende kī. Ons kan hier van 'n klein parallelisme praat:

v. 12c "aan God behoort die ^coz (sterkte)"

v. 13a "aan God behoort die hesed" (Vgl. Dahood 1968: 94).

Die metafore in verse 3, 7, 8 getuig dat hierdie psalm hoofsaaklik God se mag uitdruk.

Sabourin (1974: 275) meen dat die tema van vertroue en sekerheid - veral vertroue in God - dominerend in die hele psalm is. Böhl (1968: 105) op sy beurt meen dat die mens in sy vertroue op God, sy gedagtes nie slegs op God se mag nie, maar veral op God se hesed en genade moet vestig. God is getrou aan sy verbond. Hy straf hulle wat in opstand kom en seën dié wat Hom liefhet en sy gebooi bewaar. Volgens Weiser (1979: 452) is dit in die samehang van mag en hesed waar in die wesenlike aard van die Ou Testament geloof in God waarlik uitgedruk word. Mag sonder hesed kan nie lei tot enige vertroue nie en hesed sonder mag is juis ontnem van sy uiterste erns. Die wonderlike lê daarin dat wanneer 'n mens ineenkrimp in nietigheid voor God se heerlikheid (v. 10), hy tog sy vertroue op God se hesed kan bly vestig. Weiser (1979: 452) sê verder dat die psalmis verseker kan weet dat sy magtige God hom nooit sal verwerp en verlaat, as hy hom in

geloof onderwerp aan beide die mag en hesed van God nie.

Ons kan dus sê dat God onderskeid maak tussen dié wat Hom dien en die wat Hom nie dien nie, met ander woorde, God het die mag om sy h^asīdīm te beskerm.

Delitzsch (1889: 211) sê dat God die mag oor alle aardse dinge het en dat hulle wat in opstand kom teen Hom, sy mag as 'n krag van straf voel, terwyl die wat verlossing begeer en hulle onderwerp aan die wil van God, sy hesed as die be=loofde loon (van vertrou) ontvang. Die psalmis moet op God vertrou (verse 6, 9) omdat Hy hom met sy sterkte (^{C-}Oz) kan red en hy sō die regverdige loon ontvang. Britz (1982: 43) vertaal hesed hier met "vertrou". Myns insiens kan hesed hier weergegee word met "genade, trou, troue liefde en goedheid".

Die voorkoms van aanverwante begrippe:

Die woord "^{C-}Oz" in vers 12 kan weergegee word met "krag of sterkte". God wat mag besit, verskaf Ridderbos (1958: 152) die rede waarom die mens op Hom moet vertrou en nie op geweld nie (v. 11). Naas hesed is ^{C-}Oz ook 'n eienskap van God. Volgens Ridderbos (1958: 152) vertaal Gunkel ^{C-}Oz hier ook met "beskerming". As ons na vers 13 kyk dan beteken die mag van God (v. 12) vir die sondaar onheil en vir die gelowige heil (Van der Ploeg 1973: 367).

Kidner (1977a: 223) meen dat ^{C-}Oz hier twee sake aandui, naamlik: die mag wat God besit om sy dienaar te red en ook die bevoegdheid van God om krag (mag) te gee aan wie Hy wil. Hier is beslis 'n verband tussen ^{C-}Oz (sterkte) en hesed (genade, trou).

Aangesien dit moeilik is om die funksionering van die begrip in verskillende situasies uit te lig in hierdie psalm sal dit nie behandel word nie.

PSALM 63Die afbakening van perikope:

Hierdie psalm kan soos volg in perikope afgebaken word: ¹⁴⁶

- vv. 2-3 uitdrukking van verlange na God
- vv. 4-6 lofbetuiging
- vv. 7-9 vertrouwe
- vv. 10-11 oordeel van psalmis oor sy vyand
- v. 12 vorm as opskrif en naskrif 'n nadere ver-
^klaring van die verse wat daartussen lê.

Die metrum van dié psalm is hoofsaaklik 3+3 (sien Anderson 1972a: 455).

Die direkte voorkoms van die begrip:

Die Sitz im Leben van hierdie psalm is 'n Leviet wat in ballingskap verkeer en verlang om aan die tempeldiens in Jerusalem deel te neem (Dahood 1968: 96).

Ons het hier te doen met 'n superlatiewe "kī" in die konstruksie "kī tōb ḥesed" (manlik enkelvoud). "Beter" dien hier as nuanse van tōb. In vers 3 is dit duidelik dat die psalmis voel dat hy ver van God is en ver van die heiligdom van God. Geen mens kan sonder water klaarkom nie. So voel hy homself as dood "in 'n land sonder water". In die Ou Testament word die "lewe" normaalweg as die grootste van alle seëninge beskou. Rogerson (1977b: 66) sê dat die psalmis die gemeenskap met God (ḥesed) hoër ag (vgl. Ps 27: 4 en Flp 1: 21). ¹⁴⁷

Met ander woorde die psalmis verkies die trou van God waarmee hy sy verbondsvolk seën (ḥesed). Daar is geglo dat God se ḥesed nie in die graf ervaar kan word nie (vgl. Ps 88: 12). Terselfdertyd is dit senutergend om te leef sonder die goddelike ḥesed (Anderson 1972a: 457). Omdat die lewe slegs sin het en sy doel vind in die lofprysing, gee die psalmis sin

aan sy lewe deur God te "roem" en te "prys" (verse 4b en 5a; sien ook Psalms 61: 9; 104: 33; 146: 2). Daarom is God se hesed ook vir hom beter as die lewe.

Alden (1975: 33) sê dat as die psalmis deurgee dat God se hesed beter as die lewe is, dan dui dit op 'n geestelike plato wat deur min bereik word.¹⁴⁸ Die psalmis wil met hierdie woorde in vers 4a sê dat God se hesed, waarvan hy die bewyse ondervind (in die goeie gawes van hulp en beskerming onder God se vleuels (v. 8) en die ondersteunende hand van die Here (v. 9), meer is as sy eie lewe. In vers 2 gee hy die voorstelling dat hy in die dorre woestyn ver van God is. Myns insiens kan God hier dui op die Lewende waterbron van wie die digter geskei is. God se hesed gee dan die volheid van die lewe wat meer is as blote lewe (vgl. Van der Ploeg 1973: 370). Weiser (1979: 455) stel dit goed as hy sê dat die hesed van God daardie element in die goddelike heerlikheid is, wat God se wending tot die mens kenmerk. Die beeld van die "dor land" dui andersyds vir Weiser (1979: 455) aan, "om sonder God te wees". Die digter verlang dus na die gemeenskap met God. En dit verkry hy deur God se hesed. Daarom kan ons sê dat die psalmis na God se hesed verlang want dit dui op sy guns, genade en neerbuigende liefde wat van hoër waarde is as die fisiese lewe (Noordtzijs 1934: 182). S6 stel die psalmis God se liefde bo alles (vgl. Ps 73: 25). Volgens Kidner (1977a: 244) is hesed hier die basis van dit wat trou en betroubaar is en wat ten nouste verwant is aan God se verbondstrou en troue liefde. Die hesed van God vloei uit 'n onwankelbare verbond (Noordtzijs 1934: 182) en daarom is sy hesed ook standvastig.

Britz (1982: 44) is korrek as hy beweer dat "die sterkte en heerlikheid" (v. 3) van God in hesed saamgevat word. Ons kan dus sê dat hesed hier dui op die gunstige gemeenskap (Kraus

1978a: 442), die nabyheid van God, sy neerbuiqing in genade en liefde, wat vir ewig en altyd vas bly staan. Lamparter (1961: 304) praat van 'n lewendige, persoonlike gemeenskap met God.

Die 1979-vertaling is dan ook baie duidelik en korrek ver= taal as dit lees: "U troue liefde (hesed) is meer werd as die lewe". Dus, om God se hesed (genade, guns, nabyheid en liefde) te besit en daarin te roem is vir die psalmis koste= liker as om te lewe (vgl. Böhl 1968: 105).

In hierdie psalm kom geen aanverwante begrippe voor nie.

Die funksionering van die begrip in verskillende situasies:

In vers 6 staan daar letterlik: "soos met vet en vettigheid sal my siel versadig word". Hier word van die hele persoon gepraat (siel). Ridderbos (1958: 156) sê dat die digter hier die beeld van 'n offermaaltyd gebruik, dit wil sê, die voor= stelling van 'n maaltyd en die versadiging wat daarmee saamgaan om die heil en vreugde wat hy vir sy "siel" verwag te beskryf.

Durham (1972: 298) is ook van mening dat die psalmis hier die goedheid van God in gedagte het. Omdat God se hesed vir die psalmis meer werd is as die lewe, prys hy Hom (v. 4). In vers 6 beskryf hy die goeie gawes wat hy geniet, dit is die goed= heid en die uitredding van die vyand (verse 10, 11), wat alles uit die hand van God kom.

Daarom kan die psalmis in vers 8 sê dat God vir hom 'n hulp is. Hy geniet die veilige beskerming en die kragtige onder= steuning van God wanneer God hom bewaar daarvan dat hy strui= kel en val en so omkom deur die aanslag van sy vyand (vgl. Ridderbos 1958: 157). Die digter geniet dus indirek God se hesed.

God se hesed (verse 4, 6, 8, 9) neem so volkome 'n houvas op

die hart van die digter dat sy lippe nie anders kan as om God te loof en te prys nie (Weiser 1979: 455). Verse 4-6 skets die groot blydskap van die psalmis aangesien hy met sy lippe God se hesed besing en so op sy beurt sy hesed aan God betoon in sy dankliedere.

PSALM 64

Hierdie psalm word nie in perikope afgebaken nie. Hier is geen direkte voorkoms van die begrip of enige voorkoms van aanverwante begrippe nie.

Die funksionering van die begrip in verskillende situasies:

Die imperfektum vorm van die stam vir "bewaar" (in vers 2), het hier die betekenis van 'n imperatief. Dit geld ook vir die stam vir "verberg" (v. 3) (Van Uchelen 1977: 167). Ons het in verse 2b en 3a 'n parallelisme (vgl. Rogerson 1977b: 69). Die digter soek dus skuiling by God teen die vyand. Eintlik smee die psalmis om God se hesed in hierdie tyd van nood waarin hy verkeer.

PSALM 69

Die afbakening van perikope:

In hierdie psalm gaan die ~~gebede~~ van die psalmis om bevryding en hulp, oor in die lofsang aan God as die Bevryder van Sion, waar sy knegte sal woon (Van Uchelen 1977: 206).

Volgens verse 2-5 verkeer die psalmis in uiterste nood en roep hy tot God om bevryding. Verse 6-7 is 'n belydenis en gebed tot die Heer van die Leërskare terwyl die klag weer in verse 8-13 voortgesit word. Die vierde perikope (verse 14-19) skets opnuut die benoudheid waarin die psalmis verkeer met 'n bede om uitredding. In verse 20-29 sit die psalmis sy nood uiteen: in beskrywinge (verse 20-22), verwensinge (verse 23-24) en

oproep (verse 25, 26, 28, 29). Ridderbos (1958: 202) verkies om hierdie perikoop, verse 20-29, wat handel oor die vyand, in twee dele te verdeel: verse 20-22 is 'n klag en verse 23-29 volg as 'n vloekgebed. Die digter sluit die psalm af met sy heilsverwagting (verse 30-37).¹⁴⁹

Die versmaat is hoofsaaklik 3+3 (sien Anderson 1972a: 499).

Die direkte voorkoms van die begrip:

Hesed kom direk voor in verse 14 en 17. In beide gevalle fungeer die begrip in dieselfde vorm, naamlik die manlik enkelvoud met die suffiks twee manlik enkelvoud.

In vers 14 staan hesed in verband met "b^erāb", wat 'n parallelisme met "emet vesā"vorm (vgl. Britz 1982: 45). Sonder enige twyfel kan ons direk sê dat hesed hier die betekenis dra van die verlossing van die psalmdigter.¹⁵⁰ Die rede is gegrond in die grootheid van God se hesed wat hier direk in verband met sy troue verlossing staan. Daarom kan ons sê dat die grootheid van God se hesed sal deurskemer wanneer Hy die digter vanuit die water red (verse 2, 16) en so voorkom dat hy in die modder wegsak (v. 15 - red) en hom uit die hand van sy vyand bevry (v. 19). Die bidder verkeer sonder twyfel in doodsgevaar en pleit hier om verlossing. Die bidder verwag dus dat God hom sal antwoord deur hom wel te verlos.¹⁵¹ Ridderbos (1958: 210) praat van God se "heilbrengende trou" wat hier afgesmeek word. Omdat die psalmis God se hesed ken en weet dat dít alleen hom kan red, verlaat hy hom daarop (sien Van der Ploeg 1973: 406). Nog 'n rede wat hy aandui wanneer hy pleit dat God in die grootheid van sy hesed en troue redding (vasstaande hulp - 1979 vertaling) hom moet antwoord, is sy eie getroue toewyding aan God (verse 4, 8, 10) (vgl. Rogerson 1977b: 97). Hierdie is 'n direkte oproep op grond van die verbondsverhouding wat daar tussen God en sy volk bestaan. Maar, eintlik is Anderson (1972b: 503) korrek as hy sê dat God se hesed die fondament/grond is waarop die lydende persoon sy hoop rig.

Ons kan dus sê dat "rab" en "e^emet" hier uitdrukking gee aan die feit dat God se hesed oneindig groot en oorvloedig is en dat sy yēšā^vc vir ewig en altyd vas en stewig bly staan (vgl. Britz 1982: 45). Die vertaling kan soos volg lui: "Antwoord my o God in die tyd van liefde (rāsōn), in U grote liefde¹⁵² en troue hulp (hulp wat vasstaan)".

Volgens Durham (1972: 311) pleit die bidder om verlossing as hy smee dat JHWH hom moet antwoord (v. 17). Ook in vers 17 vind ons 'n parallelisme.¹⁵³ Daarom staan c^cānāh (imperatief) en hesed respektiewelik teenoor rah^amīm en pānāh (imperatief). Soos yēšā^vc 'n aanverwante begrip van hesed in vers 14 is, so is rah^amīm ook in vers 17 'n aanverwante begrip van hesed. Op grond van bogenoemde bevindinge kan ons nou konkludeer dat rah^amīm ook verwys na verlossing in hierdie psalm. Ps 63: 4; 109: 21 en 100: 5 praat ook van God se hesed wat goed, heerlik en volkome is. Die goeie en wonderlike hesed (liefdevolle goedheid) van God staan hier direk teenoor die haat van sy vyand (v. 5) (sien Van der Ploeg 1973: 408).

Indirek pleit die digter alreeds hier dat JHWH nie sy aangesig vir hom sal verberg nie (vgl. Cohen 1945: 218).¹⁵⁴ Daarom staan vers 17 direk antiteties teenoor vers 18. Vir Delitzsch (1889: 282) is God se hesed absoluut goed. Rogerson (1977b: 96) is dus korrek as hy meen dat die psalmis se verwaagte antwoord van JHWH nie blote woorde is nie, maar 'n daad van verlossing. Daarom kan ons sê dat die psalmdigter bid dat JHWH hom in sy wonderlike en onfeilbare liefde, maar ook in sy groot barmhartigheid, moet antwoord (verlos). Ons kan laasgenoemde gevolgtrekking maak op grond van die feit dat verse 14 en 17 'n soort parallelisme vorm.

Die voorkoms van aanverwante begrippe (selfs antiteties verduidelikend):

Die woorde yēšā^vc (v. 14) en rah^amīm (v. 17) ('n liefdevolle daad van JHWH waardeur Hy getrou sy verbondsverhouding met sy volk

in stand hou) is reeds onder die vorige opskrif bespreek.

Die woord "ṣānē" (v. 5) staan hier as 'n antitese van ḥesed. Volgens Anderson (1972a: 483) is hierdie uitdrukking (dié wat my haat) parallel met die vyand van die psalmis. Ons kan hier dink aan die mense wat die digter wil vernietig (v. 5c), hulle wat hom beledig en verkleineer (v. 20). In hulle haat het die vyand aan die digter gif vir sy hongerte en asyn vir sy dors gegee. Daarteenoor staan God se wonderlike en grote liefde, wat verlossing bied in tyd van nood.

In vers 25 kry ons die woord "'ap" wat ook 'n antitetiese verligting is van die begrip ḥesed. Wanneer JHWH se straf en toorn die vyand tref dan word hul blyplekke verwoes (v. 26) en dan word hul name uit die boek van die lewe geskrap (v. 29). Hulle sal ook stokblind en gebrekklik word (v. 24). Volgens Dahood (1968: 162) veroorsaak die toorn van God siekte. Wanneer JHWH se ḥesed teenoor sy toorn gestel word, dan kom beide woorde se ware betekenis eers werklik na vore.

Die funksionering van die begrip in verskillende situasies:

In verse 2, 15, 19, 30 en selfs verse 14 en 17 pleit die psalmis dat JHWH hom van sy vyand, die diep water en modder sal uitred en beskerm. In vers 34 juig die digter met sekerheid asof JHWH hom (as sy ḥāsīdīm) nie vergeet het nie en hom reeds verlos het. Verlossing is dus JHWH se "ag slaan" (antwoord) op dié wat materieël niks het nie (armes) se geroep om hulp (vgl. Rogerson 1977b: 101).¹⁵⁵

As God in sy wonderlike en grote liefde (ḥesed) die psalmdigter vanuit sy diepe nood red, sal hy Hom met 'n danklied prys omdat "selfs 'n volmaakte offerdier" (v. 32) as sodanig vir God geen waarde het nie (vgl. Ridderbos 1958: 215). Volgens Van der Ploeg (1973: 413) word nie net die psalmis se redding nie, maar ook God se groot daad in die dank- en

loflied vermeld. In vers 35 word die grootheid van die verwagte redding beklemtoon wanneer die hemel, die aarde en die see, dit wil sê die hele skepping opgeroep word met die oog op die betuiging van lof aan God (Ridderbos 1958: 215). So kom nie net die digter nie maar ook die hele skepping se liefdevolle houding van dankbaarheid (hesed) teenoor God tot uiting.

PSALM 70

Psalm 70 stem basies ooreen met Psalm 40 verse 14-18. Daarom word hierdie psalm nie bespreek nie om herhaling te voorkom. Sien dus Psalm 40: 14-18.

PSALM 71

Hierdie psalm word nie in perikope afgebaken nie omdat hier geen direkte voorkoms van die begrip is nie.

In hierdie psalm is ook geen voorkoms van aanverwante begrippe nie.

Die funksionering van die begrip in verskillende situasies:

Die digter pleit in verse 2, 4, 12 dat God hom sal red, bevry en te hulp kom. In vers 2 is red, bevry, luister en hulp sinonieme van mekaar. In al drie genoemde verse gaan dit om die digter se redding uit die hand van die goddelose (wat ook sy vyand is) (vgl. Rogerson 1977b: 107). Telkens is die woord in die imperatiewe vorm. Omdat die psalmis uit onder= vinding (reeds van geboorte af - vers 6) weet dat God hom help en beskerm teen sy vyand, doen hy weer eens 'n oproep op God om hom gou te hulp te kom. Elke keer kom die bevel met meer dringendheid, maar dit suggureer geen oneerbiedigheid teenoor God nie (Anderson 1972a: 514).

Die klimaks word in vers 23 bereik as die digter met seker=

heid nie net aanneem dat God hom sál red nie, maar 'n verlossing wat reeds plaasgevind het impliseer. In vers 22 besing hy ook reeds God se duursame trou (vgl. Van Uchelen 1977: 223). Wanneer God hom red toon Hy sy hesed aan die psalmis.

Die digter vertrou soveel op God se getrouheid (vv. 2, 22) dat hy in verse 15, 16, 19 en 24 sy (God) verlossingswerk wat magtige dae in sy oë is (v. 16), die hele dag (gereeld) verkondig.

Die rede waarom die digter sy vertrou en hoop op God vestig word vir ons in vers 6 uitgestippel (sien Van Uchelen 1977: 221). Slegs op grond van die feit dat God die bidder reeds vanaf geboorte help en beskerm, laat hom onbeweeglik op Hom vertrou. Hierdeur skemer die gelowige se lojaliteit teenoor sy Verbondsgod deur en toon hy ook op hierdie wyse (deur sy vertrou op God - v. 5) sy hesed teenoor Hom.

PSALM 73

Aangesien die begrip "hesed" nie in hierdie psalm direk voorkom nie, word dit nie in perikope afgebaken nie. Geen aanverwante begrippe kom in hierdie psalm voor nie.

Die funksionering van die begrip in verskillende situasies:

Vers 1b het as uiting van vertrou die karakter van 'n belydenis. Hierdie goedheid (bywoord) van God is geen abstrakte begrip nie. Daarom kry God se goedheid gestalte daar waar die lof opklink en die dank onder woorde gebring word of die vertrou tot uiting kom. (Van Uchelen 1977: 239). Hy het die goddelose tot 'n val gebring (v. 18) en verag (v. 20), maar die gelowige by die hand gevat (v. 23) en gelei (v. 24). Israel en die wát rein van hart is staan parallel. Hulle wat lojaal aan God in gedagte en daad is (Anderson 1977: 530), mag sy heilige plek (heiligdom) binnegaan (Ps 24: 3) en is ook diegene wat sy seëninge en verlossingswerke deelagtig word (Ps 24: 5).

Deur God se goeie handeling (verse 18, 20, 23, 24) toon Hy sy hesed aan sy h^asidim wat weer op hulle beurt hul verbonds=lojaliteit aan Hom betoon.

PSALM 74

Psalm 74 word nie in perikope verdeel nie omdat hier geen direkte voorkoms van die begrip "hesed" is nie.

Die voorkoms van aanverwante begrippe (selfs antities verduidelikend):

In die klag van vers 1 word die "puinhope" van die heiligdom as 'n teken en blyke van God se rokende toorn (1979 vertaling - kwaad) gesien (Van Uchelen 1977: 250). In God se rokende toorn het God sy "skape" (h^asidim) verstoot (sien Ps 44: 10 en Ps 60: 3). God se volk voel verwerp en gestraf en ervaar terselfdertyd ook die afwesigheid van God (sien vers 9 en vergelyk Durham 1972: 321). Die kwaad (toorn) van God staan duidelik teenoor sy hesed. Gewoonlik is God toornig teenoor sy vyand, maar hier is Hy toornig (kwaad) teenoor sy volk (gemeente, kudde of gunsgenote).

Die funksionering van die begrip in verskillende situasies:

Die rede waarom "God van altyd af Koning is", is omdat Hy bevrydende dae verrig (v. 12). God se reddingsdade is daar vandat Hy (lank gelede - v. 2) die volk Israel sy eiendom gemaak het. Verlossing in hierdie geval beteken dat God Homself weer aan sy volk sal openbaar (v. 9). Hy sal sy volk weer onthou (v. 19) en hulle van hul vyand verlos (verse 11, 19). God bring aan sy volk redding en openbaar weer sy lojaliteit (hesed) teenoor sy volk in plaas van sy toorn (v. 1).

PSALM 77Die afbakening van perikope:

Hierdie psalm se indeling is ooreenstemmend met dié van Lamparter e.a.¹⁵⁶ Die eerste perikoop (verse 2-11) is die psalmis se persoonlike klag. Die tweede perikoop is verse 12-21, waarin die digter in geloof sy smart oorwin en ook God se grootheid besing. Hierdie perikoop kan dus ook as 'n lied beskou word teenoor die klag in verse 2-11.

Die metrum in verse 17-20 is 3+3+3 teenoor die normale metrum 3+3 in die res van die psalm (Anderson 1977: 555).

Die direkte voorkoms van die begrip:

Met die "monotone" herhaling van die vraagpartikel aan die begin van verse 8, 9, 10 kry die vraag 'n indringende kenmerk (Van Uchelen 1977: 272). Op hierdie vrae word 'n "nee" as antwoord verwag of veronderstel. God se hesed (v. 9) word in sy verbond ('amar) beloof (sien Ps 17: 7) en daarom is dit bykans onmoontlik dat JHWH se hesed¹⁵⁷ en beloftes tot 'n einde kan kom of dat dit glad nie meer (kan) bestaan nie (vgl. Kidner 1977b: 278). Rogerson (1977b: 138) stel twee sake teenoor mekaar wat die idee van hesed as onfeilbare verbondsliefde (vgl. Ps 51: 3) na vore bring, naamlik: "unfailing love ... failed". Hierdie woordspel kom nie in die oorspronklike taal voor nie.

Die werkwoord wat met hesed saamgaan, kan volgens Cohen (1945: 247) weergegee word met, "is skoon weg".¹⁵⁸ Myns insiens het ons tog hier met 'n parallelisme te doen:

"Het opgehou - sy hesed - vir altyd",

"het (dit) tot 'n einde gekom - sy 'amar - vir altyd".

Dit lyk tog of die digter ḥesed en 'āmar hier as sinonieme gebruik terwyl rāsāh (v. 8) en rah^amīm en ḥānan (v. 10) saam met ḥesed hier as goddelike kenmerke vermeld word en so volgens Britz (1982: 46) lig op ḥesed kan werp. Van der Ploeg (1974: 15) meen dat 'āmar (v. 9) hier betrekking het op dit wat JHWH vroeër belooft het naamlik: "die ḥesed (guns) wat Hy altyd aan Israel wil bewys."

Sommige persone wil "āmittōw" (sy trou) lees in plaas van "'āmar" (vgl. Ridderbos 1958: 282). Dit ('āmtw) is nogal paslik, maar ons het geen grond om dit te doen nie. Volgens Dahood (1968: 228) deel 'āmar die suffiks van ḥesed. Uit bogenoemde gedagtes kan ons nou saam stem met Britz (1982: 46) dat ḥesed moontlik hier (v. 9) op die gesindheid van JHWH kan sinspeel.

Volgens Kraus (1978b: 531) is 'āmar die konkrete Godspraak waaruit die ḥesed van JHWH na vore kom (blyk). Israel het wel in die tora die geskrewe Woord van God, maar in tyd van besondere nood meen Ridderbos (1958: 282), het die vrome behoefte aan die besondere openbaring, bestiering, vertrouwing en belofte van God deur die mond van die profete (vgl. Ps 74: 9). Uit die woord "'āmar" kan ons aflei dat ḥesed iets is wat JHWH aan sy gelowige (of gunsgenote) moet openbaar.

In vers 10 kry ons ḥānan in die vorm van 'n afwykende infinitief¹⁵⁹ wat volgens Van der Ploeg (1974: 15) 'n seldsame digterlike gebruik is. Vers 10a en 10b vorm ook 'n parallelisme. Ḥānan en rah^amīm staan hier naas mekaar. Ḥānan het hier die betekenis van dit wat JHWH vroeër wel aan sy ḥasīd(īm) gedoen het, naamlik om in sy genade sy goedgunstigtheid te betoon (Van Uchelen 1977: 272). En dit is juis die "grootste smart" van die psalmis dat "die Allerhoogste nie meer handel soos voorheen nie" (sien vers 11). Die digter wil liewers dink aan JHWH se "wonderdade van vroeër" (verse 12 en 15). Die kragtige redding van sy volk was een van daardie wonderdade (sien vers 16). Vergelyk Eks 34: 6.

Britz (1982: 46) is korrek as hy sê dat rah^amīm (v. 10), wat ook in verband met hesed staan, 'n element in die betekenis van hesed wil beklemtoon, naamlik: "die liefde van God". Dit dui op iemand wat sy hand nie toehou vir 'n arm en behoeftige broer nie (vgl. Dt 15: 7).

Hesed se betekenis kom duidelik na vore deur die woorde "'amar" (v. 9) en "hānan" (v. 10) aan die een kant en "rāsāh" (v. 8) en rah^amīm (v. 10) aan die anderkant. Ons het dus aan die een kant te doen met JHWH se "onverdiende guns, sy genade, sy medelye, sy welgevalle", waardeur Hy die digter red. Dit dui hier op die ingryping van God om sy gunsgeenoot te red en te help. Die klem val hier meer op JHWH se "trou" as op sy liefde.¹⁶⁰ JHWH se trou kom na vore daarin dat Hy sy beloftes nakom. So vind ons dat JHWH se liefde weer aan die ander kant beklemtoon word. Daarom kan ons sê dat hesed hier die gesindheid van JHWH se "troue liefde"¹⁶¹ weerspieël. Die trou van JHWH blyk ook baie duidelik uit sy "wonderdade van vroeër" (vers 12 vv.)

Ons kan hesed (v. 9) dus vertaal met "troue liefde" omdat JHWH altyd getrou is aan sy beloftes ('amar) en altyd getrou sal bly om sy liefde (positiewe gesindheid) teenoor sy h^asī=dīm te betoon.

Die voorkoms van aanverwante begrippe (selfs antiteties verduidelikend):

Die woorde "rāsāh (v. 8), 'amar (v. 9), hānan (v. 10) en rah^amīm (v. 10)" as aanverwante begrippe van hesed, is reeds onder die "direkte voorkoms van die begrip" bespreek om die betekenis van hesed duidelik na vore te bring.

Die woord "'ap" (v. 10) wil die teenoorgestelde as rah^amīm (v. 10) uitdruk, dit wil sê, 'ap wil die negatiewe gesindheid van JHWH uitdruk terwyl hesed JHWH se positiewe gesindheid wil uitdruk.¹⁶² Uit bogenoemde bespreking kan ons aflei dat

JHWH nie getrou is aan sy beloftes van sy verbond wanneer Hy toornig is nie. Dit is die tyd waarin die psalmis geen troos by God vind nie (v. 3). Die woord "'ap" wil ook sê dat JHWH sy gunsgenoot verstoot het en dat Hy sy rāsāh (v. 8), ḥesed (v. 9), ḥānan (v. 10) en raḥ^amīm (v. 10) van hom onttrek het, met ander woorde, JHWH handel nie meer soos voorheen nie (v. 11). Hy verlos nie meer sy volk deur sy krag nie maar verslaan en vernietig hulle in sy woede en toorn (sien Ps 89: 24). In sy toorn het JHWH sy liefde onttrek, met ander woorde, sy haat bly oor omdat sy volk gesondig het. JHWH staan dus onvriendelik en in haat ('ap) teenoor sy volk.

Die funksionering van die begrip in verskillende situasies:

Met die woorde, "dade, wonderdade en werke", wat volgens Van Uchelen (1977: 273) dieselfde betekenis het, word God se ingryping ten behoeve van sy volk aangedui (v. 12). In vers 16 word hierdie wonderdade (v. 15) weergegee met "loskoop, verlos". Wanneer God sy volk loskoop van hul slawerny en daarmee weer hul oorspronklike vryheid herstel, dui dit indirek op God se ḥesed. Verse 17-20 beskryf in beeldende vorm God se stryd teen die vyand om so vir sy volk verlossing te bewerk (Van Uchelen 1977: 274). So het JHWH voorheen (v. 11) sy positiewe gesindheid (ḥesed) teenoor sy volk geopenbaar.

PSALM 79

Die afbakening van perikope:

Hierdie psalm kan in drie dele¹⁶³ verdeel word: verse 1-4 is die klag; verse 5-12 is die bede en vers 13 is die uitdrukking van vertroue.

Ons het 'n onreëlmatige metrum regdeur die psalm.

Die direkte voorkoms van die begrip:

Die ḥ^asidīm en 'a^abadīm word in vers 2 met mekaar gelykgestel (Morgenstern 1967: 61).¹⁶⁴ Rogerson (1977b: 153) beskou die ḥ^asidīm as "lojale dienaars" en meen dat dit goeie en slegte Israëliete insluit. Selfs Van Uchelen (1977: 300) worstel met die probleem of ḥasid¹⁶⁵ hier uitsluitend aktief (trou aan God) of oorwegend passief (trou van God aan "gunsgenoot") is. Die woord "heilig" in vers 1 beklemtoon volgens Kidner (1977b: 286) wie die ḥ^asidīm is. Maar hy voeg by dat hulle nie "heiliges" is nie maar "lojale, getroue dienaars".

Myns insiens dui ḥ^asidīm hier op die volk van God, wat ook sy kudde is (v. 13). ḥ^asidīm dui dus in vers 2 op God se "gunsgenote, troue dienaars", wat gesondig het en nou smEEK om vergifnis van hul sondes (v. 9). Die ḥ^asidīm staan teenoor die heidene wat God se heilige tempel verontreinig (v. 1) en nie sy Naam aanroep nie. Die ḥ^asidīm is dan hulle wat God se Naam aanroep (v. 6).

Die voorkoms van aanverwante begrippe (self antiteties verduidelikend):

In vers 2 het ons reeds op 'a^abadīm gewys wat as aanverwante begrip van ḥ^asidīm voorkom.

Antitetiese begrippe van ḥesed is "toorn" (v. 5) en "gramskap" (v. 6) wat direk teenoor "ontferm" (v. 8) staan. Laasgenoemde (rah^amīm) funksioneer as aanverwante begrip van ḥesed in hierdie psalm. Rah^amīm wys hier op God se hulp waarvoor gevra word, wat die vorm aanneem van verlossing van die vyande (vv. 9, 11, 12) en vergifnis van hul sonde (v. 9). Indirek vra die digter dat God op hulle (as gevangenes) sal agslaan (v. 11). Van Uchelen (1977: 298) sê dat God hulle snel moet "tegemeet kom" omdat (want) die volk se kragte gedaan (verswak) is. Volgens Stoebe (1952: 247) pleit die psalmis dat God die vorige (vroee) verhouding sal hernuwe en hulle sal vergewe.

Ons kan dus sê dat die psalmdigter in vers 8 vra dat God weer sy gesindheid van hesed teenoor hulle sal openbaar, dan sal hul sy ontferming ervaar.

Die vraag waarmee vers 5 begin, dui vir ons aan dat die psalmis die rampsalige gebeurtenisse met die stad en volk sonder meer verstaan as uiting van God se toorn ('ānap). Rogerson (1977b: 154) sê dat "God is jealous (toornig) for, rather than jealous of, his people". Deur God se toorn bring Hy sy volk drasties tot volle gehoorsaamheid.

"Maar in vers 6 versoek die psalmis God om van hierdie misplaaste toorn"¹⁶⁶ (gramskap, grimmigheid - yhm) op die vyande van sy volk uit te giet, omdat hulle die God van Israel nie ken nie en ook nie sy Naam aanroep nie. God is 'ānap (toornig) teenoor sy volk wanneer hulle handel soos die heiden-volke. Dan straf Hy hulle deur nie-ontfermend, onvriendelik en in haat (h negatiewe houding van God) teenoor hulle te handel.

Die funksionering van die begrip in verskillende situasies:

Hulle wat deur God gered is sal instaat wees om hul oë op Hom te rig, Hom te vertrou en te loof met h ewige lied deur ook so van sy roemryke dade te vertel (v. 13). Daardeur kom die h^asidīm se positiewe en lojale houding (hesed) teen God tot uiting.

PSALM 80

Psalm 80 word nie in perikope afgebaken nie omdat die begrip (hesed) nie hier direk voorkom nie. In hierdie psalm is myns insiens ook geen aanverwante begrippe van hesed nie.

Die funksionering van die begrip in verskillende situasies:

Ons het in verse 8 en 20 'n herhaling van vers 4. Kidner (1977b: 290) meen dat ons hier 'n glans van God se goedheid en vriendelikheid het. Wanneer die bidder vra dat God sy aangesig oor hulle moet laat skyn dan vra hy eintlik dat "God sy liefde" aan hulle sal toon deur hulle te verlos van die vyand. Die voortdurende herhaling dui op die beklemtoning van die dringendheid van God se liefdesbetoning (hul verlossing). Vir Anderson (1977: 583) is dit ook 'n uitgemaakte saak dat die psalmis om God se guns en seënlinge smeek. God se aangesig wat oor hulle skyn, dui ook op 'n vorm van God se genadige teenwoordigheid. Van Uchelen (1977: 304) sê dat hierdie teenwoordigheid die verlossing van God se volk ten doel het en dat die verlossing ook die gevolg is van sy teenwoordigheid.

In JHWH, die almagtige God, se hesed ervaar sy volk die goedheid van God deurdat Hy hul verlossing skenk.

PSALM 82

Ten spyte van die feit dat hierdie psalm 'n klaaglied is, word dit nie in perikope afgebaken nie. Ons vind geen direkte voorkoms van die begrip in hierdie psalm nie. Myns insiens is hier ook geen voorkoms van aanverwante begrippe nie. Die begrip (hesed) funksioneer ook nie in verskillende situasies van hierdie psalm nie.

PSALM 83

Hierdie psalm word nie in perikope afgebaken nie omdat hesed nêrens direk voorkom nie. Tog word hierdie psalm as 'n Klaagpsalm geklassifiseer. Ons tref ook geen voorkoms van aanverwante begrippe aan nie. Die begrip funksioneer ook nie in verskillende situasies nie.

PSALM 85Die afbakening van perikope:

Die meeste geraadpleegde kommentatore¹⁶⁷ is eensgesind wat die indeling van hierdie psalm betref. In verse 2-4 herinner die psalmis JHWH aan die feit dat Hy in die verlede vir sy volk goed was. Die psalmis bid in die tweede perikope (verse 5-8) dat JHWH sy mense sal verlos. Verse 9-14 is 'n weergawe, in die indirekte rede, van 'n goddelike ingewing waarin verlossing as ideaal beloof word naamlik: goddelike guns, waarheid, geregtigheid, vrede en goeie oeste (vgl. Van der Ploeg 1974: 74).

Die metrum van hierdie psalm¹⁶⁸ is hoofsaaklik 3+3 (sien Anderson 1977: 608).

Die direkte voorkoms van die begrip:

Hesed kom direk voor in verse 8, 9 en 11.

Myns insiens het ons in vers 8 'n parallelisme.¹⁶⁹ Daarom kan ons sê dat yēša^c 'n aanverwante begrip van hesed is. Die psalmis vra vir 'n sigbare teken van JHWH se hesed (Rogerson 1977b: 175). Die rede daarvoor is dat hesed die objek van die werkwoord "rā'āh" is. JHWH se yēša^c is die sigbare teken. JHWH se hesed word gesien in sy positiewe houding wat Hy teenoor sy volk openbaar, naamlik: Hy het 'n welbehag in sy land gehad (v. 2); Hy het sy volk se sondes weggeneem (v. 3); Hy het sy woede teenoor sy volk laat bedaar (v. 4); in verse 5 en 8 bid die digter dat God hulle weer sal verlos, dat Hy hulle weer in die vroeë staat van heerlikheid (welvaart) sal herstel. Verlossing is die werk van God. Volgens Anderson (1977: 611) mag die inhoud wissel na gelang van omstandighede. Britz (1982: 47) is van mening dat "verlossing" hier op 'n geestelike verlossing dui.

Hesed kan ook volgens Stoebe (1952: 253) hier op verlossing dui. Ridderbos (1958: 348) sê weer dat hesed deur Israel gesien word as God se redding wat aan hul geskenk word. Kunz (1977: 379-380) sien as inhoud van hierdie heilsverwachting die bevryding uit die hand van die Egiptenare. Myns insiens is die hesed van God sy goedheid, sy troue liefde wat neerbuig na sy skepsels om hulle te verlos van hul vyande en probleme. Hesed kan ook hier weergegee word met "verlossing" omdat hesed en yēsa^v parallel is en yēsa^v hier met "reddende hulp" vertaal kan word. Vir Britz (1982: 47) dui hesed in vers 8 op verlossing op tydelike sowel as geestelike gebied.

Die vrede wat die woord van JHWH vir sy volk bring (v. 9), het as inhoud, "vrede", as 'n goddelike belofte (Ridderbos 1958: 349). Die woord "vrede" is dus 'n samevatting van alle heil. Dit is hiervan wat JHWH tot sy volk en sy hāsīd(īm) spreek. Hierdie heil is vir dié wat JHWH vrees (1979 vertaling - dien), naby (v. 10). Die belofte van vervulling hang dus af van die vraag of die persone JHWH dien of nie. Hāsīd wys hier op JHWH se volk¹⁷⁰ (Dahood 1968: 289), anders sou ons hier met twee groepe te doen hê. Die hāsīd(īm) is hulle wat nie afdwaal of terugkeer na die dwaasheid toe nie (v. 9d). Dahood (1968: 289) vertaal vers 9d soos volg: "those who again confide in him". So is daar 'n verband tussen die volk, die hāsīd(īm), en die selfstandige naamwoord "vertrou".¹⁷¹ Vers 9d wys dus op hulle wat weer tot JHWH terugkeer en hul vertroue in Hom stel, met ander woorde, die volk, die hāsīdīm keer terug tot JHWH se trou. By hulle kry ons 'n vertoning van pligmatige en onderdanige liefde teenoor God.

Ons kan "hāsīd(īm)" in vers 9 dus vertaal met "dié wat Hom getrou dien" (vgl. ook die 1979 vertaling).

Hesed kom ook in vers 11 direk voor saam met 'e_{met}. Die ander twee "aanwesiges" van God (Dahood 1968: 290) is s^edāgā.¹⁷² en Ṣalōm. Al vier werk mee met die produsering van reën. Anderson (1977: 612) beskou hulle weer as persoonlikhede van die goddelike eienskappe asof hulle JHWH se boodskappers is. Rogerson (1977b: 176) meen weer dat hesed en s^edāgā goddelike kenmerke is terwyl 'e_{met} en Ṣalōm menslike response is

(sien vers 12a en b). S6 ontmoet hemel en aarde mekaar.¹⁷³
Daarom kan ons sê dat ons in vers 11 'n parallelisme het.

Cohen (1945: 278) is dan korrek as hy sê dat God verlossing skenk wanneer die mens sy samewerking gee. Dit wil sê, as trou in die land beoefen word, ontvang dit die seën van God se hesed. Vrede is vir Cohen die vrug van regverdigheid. S^edāqā is hier die heilbrengende goddelike geregtigheid (Ridderbos 1958: 350). Weiser (1979: 574) vertaal s^edāqā hier met "verlossende wil" van God. Volgens Britz (1982: 48) beteken s^edāqā hier die realisering van die belofte en eis binne die verbond. Daarom kan ons sê dat s^edāqā hier 'n redende betekenis het.

Die woord "šālōm" is vir die Israeliet volgens Van der Ploeg (1974: 76) 'n positiewe begrip omdat dit meestal, soos ook hier, die verlossing as welstand inhou.

Ons kan dus sê dat wanneer God in sy hesed vanuit die hemel neerbuig, dan antwoord die aarde met sy ^emet. Ons kan ook volgens vers 12 sê dat as God in sy s^edāqā vanuit die hemel buig, dan sal die aarde met sy ^emet antwoord (vgl. ook Britz 1982: 48).¹⁷⁴ Daarom kan ons nou sê, dat as s^edāqā iets van God se verlossing weergee, dan sal hesed ook met God se verlossing verband hou.

Uit bogenoemde kan ons aflei dat hesed God se liefdevolle goedheid is wat op sy duursame liefde vir sy volk dui. God se hesed sal in die verlossing aan sy volk tot uiting kom, daarin, dat hulle (h^asīdīm) hul trou teenoor JHWH sal betoon (v. 12a). Deur God se s^edāqā sal iets van sy redding deurgegee word as die h^asīdīm hul vrede vanuit die aarde laat opspruit (v. 12b). Hesed, net soos s^edāqā, omvat dus meer as net redding alleen. 'n Mens kan byvoorbeeld dink aan 'n vertaling van hesed soos dié van Britz (1982: 48) naamlik: "die verlossende liefde van God". Wat van, "God se vergewende liefde"?

('ap, 'ānap) nie, maar 'n God van liefde vir dié wat Hom getrou dien (v. 9). Daarom verwag ons op dié twee vrae in vers 6 'n "nee" as antwoord. JHWH se toorn teenoor sy volk is om hulle weer tot Hom te laat terugkeer en duur solank as wat hulle hul verset (hul harte verhard) teen Hom (v. 7). Volgens vers 11 sal JHWH sy liefde toon wanneer hul weer op Hom vertrou. Hy sal geregtigheid laat geskied (sy toorn laat afkoel en hulle sy troue liefde laat belewe en hul sy reddende hulp bied - verse 4 en 8) indien hulle weer trou is aan Hom.

Die woorde "'ap" en "'ānap" staan dus direk teenoor die hesed (liefde, guns en ontferming) van JHWH in hierdie psalm.

Die begrip funksioneer nie in hierdie psalm in verskillende situasies nie.

PSALM 86


Die afbakening van perikope:

Die uitleggers van die Bybel¹⁷⁶ verskil nogal heelwat in verband met die afbakening van perikope van hierdie psalm. Myns insiens kan Psalm 86 in drie dele verdeel word. Die digter begin met 'n smeekgebed (verse 1-7) en gaan dan oor in 'n himne wat dien as uitdrukking van sy vertroue in God. Daarop volg 'n danksegging wat as 'n gelofte dien om God te dank wanneer die verlossing gebied word (verse 8-13). Die psalm word afgesluit met 'n verdere klaaglied en gebed om uitredding (verse 14-17).

Volgens Anderson (1977: 614), wat myns insiens korrek is, varieer die ritme regdeur die psalm. Die lang metrum is 4+4.

Die direkte voorkoms van die begrip:

Ḥāsīd kom in vers 2 voor terwyl ḥesed in verse 5, 13 en 15 voorkom. Auffret (1979: 385) toon hoe dié psalm in ringskomposisies uiteen val.



In vers 2 vind ons 'n parallelisme (vgl. Dahood 1968: 293). Dit is duidelik uit die vers dat die woord "^cebed" in vers 2b 'n aanverwante begrip van ḥāsīd in vers 2a is. Die skrywer gee in vers 2a 'n neutrale term wat hy in vers 2b nader uiteensit. Die ^cebed van God is dié een wat op God vertrou (v. 2b).¹⁷⁷ Dit dien as 'n verklaring van die woord "ḥāsīd". Daarom kan ons sê dat die ḥāsīd die een is wat op God vertrou. In verse 4 en 16 kry ons weer die woord "^cebed." Ons kan op grond daarvan ook sê dat die ^cebed ook iemand is wat JHWH aanroep (vv. 3, 5, 7), na Hom hunker (v. 4), in sy waarheid wandel (v. 11) en met Hom rekening hou (v. 14).

Ridderbos (1958: 353) is van mening dat vers 2 te kenne gee dat die bidder vasgehou het aan die genadevolle (verbonds) verhouding met God en as sodanig op die daarin begrepe heil mag aanspraak maak. Kommentatore¹⁷⁸ meen dat ons hier met God se verbondsverhouding te doen het en dat dit juis die bidder se grond is, op grond waarvan hy om beskerming en redding pleit. Daarom kan ons ook sê dat die ḥāsīd(im) hulle is wat God se verlossende genade ervaar en lojaal teenoor Hom is (vgl. Anderson 1977: 614). Volgens Alden (1975: 93)

dui ḥāsīd "getrouheid aan beloftes" aan. Juis vanweë die feit dat die bidder praat van "my God" en "U kneg" is dit 'n aanduiding van sy verhouding met God, maar ook sy vashou (ge-trouheid) daaraan. Maar wat belangrik is, is dat dit God se ḥesed is wat die digter aan God verbind (Delitzsch 1890: 14). Die woord ^cebed "dui volgens Auffret (1979: 3) duidelik die verhouding tussen die psalmis en God aan, wat voldoende behoort te wees om die goddelike bemiddeling te weeg te bring.

Baie interessant is dat die suffikslose ḥāsīd indirek die suffiks van ^cebed deel, terwyl die onafhanklike voornaamwoord "'attāh" meer die suffiks van ^cebed beklemtoon (Dahood 1968: 293).

"Ḥāsīd" as bywoord dui dus hier en in die aanverwante woorde op die vrome, die goddelike en getroue dienaar van God, wat op Hom vertrou en vashou aan sy beloftes waardeur sy getrouheid aan JHWH tot uiting kom.

Drie dinge word in verband met JHWH se gesindheid in vers 5 genoem nl.: JHWH is ṭōb, sallāh en groot van ḥesed. Cohen (1945: 280) sê dat vers 5 op Eks 34: 6 gebaseer is, waar God se ḥesed en sallāh wel na vore kom.

Vers 5 begin met "kī" om die rede aan te gee waarom die psalmis tot JHWH roep. Die rede en grond is vir Lamparter (1965: 90) in die rykdom van die goddelike goedheid van JHWH geleë. Ridderbos (1958: 354) is myns insiens korrek as hy meen dat ṭōb, sallāh en ḥesed hier op een lyn lê. God is altyd die subjek van al drie (Anderson 1977: 615).

JHWH se goedheid sien 'n mens in die feit dat hy die psalmis (en sy volk) se sondes vergewe. God se groot ḥesed word gesien in sy groot en magtige daade (v. 10). Hy verhoor die digter se gebed (vv. 1, 7); Hy beskerm hom (v. 2) in tyd van benoudheid en red hom vanuit die dieptes van die dood en uit die hande van die vyand (vv. 13, 14).

Uit bogenoemde is dit duidelik dat God se rab-ḥesed beteken dat sy ḥesed oorvloedig is, dus baie in goedheid en oneindig groot in getrouheid. Dit is opvallend dat die digter in die eerste sewe verse nie minder nie as agt keer praat van sy roepe tot God om hulp en dat Hy hom moet hoor en verhoor wanneer hy roep. Daarom kan ons sê dat God se rab-ḥesed grotendeels hier die klem dra van sy getroue verhooring van die psalmis se geroep en smeekgebode. Rab-ḥesed kan ons dus weergee met "U ryk (vol) aan liefdevolle getrouheid (trou).

In vers 13 kom ḥesed saam met die woord "gādōl" voor, wat 'n sinonieme begrip van rab (vv. 5 en 15) is. Die grond vir die "kī" en dit wat daarop volg in vers 13, lê in vers 12 opgesluit, naamlik die lofprysing van JHWH deur die digter. JHWH se ḥesed is vir die psalmis gādōl, omdat Hy hom "uit die dieptes van die dood gered het", en daarom loof en prys hy nou JHWH sy God (v. 12). Die ḥesed van God hou dus hier verband met 'n daad van God aan die psalmdigter (sy ḥasīd), omdat Hy verhoed het ¹⁷⁹ dat hy afdaal na die doderyk.¹⁸⁰ Britz (1982: 49) praat van 'n "wonderdaad van God" waarmee ḥesed hier in verband staan. Ḥesed hou vir Stoebe (1952: 253) hier verband met redding. Lamparter (1965: 92) praat weer van die reddingsmag van JHWH wat die digter ervaar.¹⁸¹

Ons kan ḥesed in vers 13 dus weergee met "goedheid" of "liefde". God se liefde is dan vir die digter die onveranderlike en troue liefde wat vir hom groot was en nog steeds groot is, omdat Hy hom uit sy doodsgevaar en benoudheid verlos het.

Ḥesed kom ook in vers 15 voor en weer in verbinding met rab saam met ^emet. Ons vind hier vyf kenmerke (Van der Ploeg 1974: 82 praat van eretitels) van God (vgl. Eks 34: 6). Ridderbos (1958: 356) meen dat die digter op grond daarvan in vers 16 sy bede om hulp herhaal. Dit is tog belangrik om ook daarop te let dat die digter 'n vergelyking tref tussen die gevoelloosheid van sy vyand (v. 14), en die goedgunstigheids van God (v. 15). Uit vers 15 is dit tot dusver duidelik dat

JHWH as die Verbondsgod die psalmis en sy volk uitsonderlik goedgesind is. Dit wil sê, Hy openbaar 'n positiewe gesindheid teenoor sy ḥāsīd (īm).

Die psalmis smee as dienaar (ḥāsīd) van God om genade (v. 16). In werklikheid smee hy dat God in sy rab-ḥesed aan hom krag sal gee en hom ook sal red. Ook hier is duidelik sprake van God se verbondsverhouding. Daarom kan ons rab-ḥesed en 'e^emet hier weergee met "groot (ryk, vol) van liefde en trou". God sal getrou in sy neerbuigende liefde die psalmis help, deur aan hom in sy genade (v. 16) en goedheid (v. 17), verlossing te bied.

Die voorkoms van aanverwante begrippe:

Die aanverwante begrip van ḥāsīd is "e^ebed", en kom in verse 2, 4 en 16 voor en is reeds onder die direkte voorkoms saam met ḥāsīd bespreek. "Die seun van U diensmaagd" is parallel aan e^ebed (v. 16), wat "U dienaar" beteken (vgl. Van der Ploeg 1974: 82).

Die aanverwante begrippe van ḥesed is ḥānan (vv. 3, 15, 16), ṭōb (vv. 5, 17) en ḥm (v. 15). Die ṭōb in vers 17, wat in die vorm van 'n sigbare teken gevra word, is volgens uitleggers¹⁸² verlossing van die huidige probleme. Die N.E.B. sê dat dit 'n bewys van God se ḥesed is. Ons kan dus daaruit aflei dat God sy ḥāsīd besonder gunstig (ḥānan en ḥesed) gesind is. Van der Ploeg (1974: 83) is dus korrek as hy sê dat die ḥāsīd en e^ebed die voorwerpe van God se sorg (ḥesed) is. Daarom kan ons sê dat die bidder "n voorbeeld van God se goedheid" (sien 1979 vertaling) is, wanneer hy deur Hom van sy nood verlos word. Die woord "ṭōb" hou dus hier verband met God se wonderdade (v. 10) en sy positiewe gesindheid (vgl. verse 5 en 15).

Die oorblywende begrippe is reeds onder die direkte voorkoms aangeraak en word dus nie weer hier behandel nie.

PSALM 88Die afbakening van perikope:

As individuele klaaglied kan 'n mens hierdie psalm in drie dele verdeel, soos Gunkel (sien Ridderbos 1958: 365) en ander kommentatore dit doen.¹⁸³ Die eerste deel begin met 'n gebed wat oorgaan in 'n klaaglied waar die digter se gedagtes rondom die doderyk draai (verse 2-10a). In verse 10b-13 voer die psalmis redes aan waarom God hom sou help. Die derde deel van die psalm is weer 'n gebed van die digter wat in 'n klaaglied omvorm word (verse 14-19).

Ons het 'n onreëlmatige metrum terwyl die ritme 3+3 meer algemeen voorkom (Anderson 1977: 623).

Die direkte voorkoms van die begrip:

Die woord hesed kom in vers 12 direk voor. Die woordorde is hier chiasies gerangskik (vgl. Dahood 1968: 306).

"Word daar in die ^agraf vertel van U ^bhesed?"

"Word van U ^{'e}mūnāh ^bvertel in die plek van vertering ^a(waar almal vergaan)?"

Die parallelisme in vers 13 is ook vir die verstaan van hesed van belang.

"Sal u ^awondermag in die ^bduisternis van die dood bekend (ondervind) word,

en u ^aredding in die ^bland van vergetelheid".

"Duisternis" en "land van vergetelheid" is twee grafiese terme van ṣe'ōl (Anderson 1977: 629) terwyl "die graf" weer hier 'n sinoniem van ṣe'ōl is. Ons kan uit die chiasme en parallelisme ook aflei dat hesed hier wys op 'e mūnāh (v. 12),

pl' (vv. 11, 13) en sdq (v. 13).

Ten spyte van die feit dat hesed in die enkelvoud voorkom, word gepraat van God se wonders (^{'e}mūnāh), sy wonderdade (pl') en sy deugde (sdq), waaruit, volgens Ridderbos (1958: 368), sy reddende en helpende daade voortvloei. Van der Ploeg (1974: 92) vertaal "^{'e}mūnāh" ook met "wonderdade" (sien vertaling van pl'). Stoebe (1952: 253) meen dat ons nie meer hier aan die konkrete daade van God in die geskiedenis moet dink nie, maar, dat die wese van God hiermee gelyk gestel word, aan dit wat met die daad bewys word.

Al bogenoemde kenmerke van God (Cohen 1945: 287) kan alleen deur lewende wesens ervaar word en ook deur hulle geloof en geprys word.

Hesed dra dus hier die betekenis wat die wonderdade van God se goedheid en trou verhaal (Van der Ploeg 1974: 92). Ons kan hesed daarom hier weergee met "troue liefde" (sien 1979 vertaling) of soos Britz (1982: 50) met "wondermag". Hesed hou ook hier verband met redding (verse 7 en 9) vanuit die dood. Die digter verlang na verlossing om God se hesed weer te kan bekend maak.

Die voorkoms van aanverwante begrippe (en antiteties verduidelikend):

Die aanverwante begrippe "^{'e}mūnāh" (v. 12), "pl'" (vv. 11, 13) en "sdq" (v. 13) is reeds onder die direkte voorkoms van die begrip bespreek.

In verse 8 en 17 ervaar die psalmis God se grimmigheid en toornvloei. In vers 8 dui dit op die smart en beproewinge (verse 4-7 en 9) wat God oor hom gestuur het. Die psalmis ervaar nie meer God se teenwoordigheid nie en is ook van sy vriende geskei (vv. 9 en 19). Die meervoudsvorm in vers 17 dui vir Van der Ploeg (1974: 93) daarop dat die digter vele

male al God se toorn ondervind het. Anderson (1977: 630) meen weer dat dit 'n meervoud van versterking is en soos volg vertaal kan word: "U geweldige toorn (kwaadheid)."

Die toorn van God is sy negatiewe gesindheid wat Hy teenoor die psalmdigter openbaar deur hom met sy "skrik" te tref en te vernietig. Die toorn van God staan teenoor sy hesed.

In hierdie psalm funksioneer die begrip nie in verskillende situasies nie.

PSALM 89

Die afbakening van perikope:

Hierdie psalm kan volgens Ridderbos (1958: 372) in twee groot dele verdeel word, elkeen weer met twee onder verdelings.¹⁸⁴ Die eerste deel (verse 2-38) besing die grootheid en goedheid van JHWH wat Hy in sy skeppingswerk en verbond met Dawid be- toon. Ons het dus hier te doen met 'n loflied. Verse 2-19 is 'n loflied waarin God se verbonds-hesed, trou en mag geloof en geprys word. Die tweede onderdeel (verse 20-38) gee 'n oorsig van die Dawidiese verbond en sy beloftes.

Die tweede groot deel (verse 39-52) is 'n klaaglied (Weiser 1979: 591). Verse 39-46 is eers 'n klag oor die ellende wat die psalmdigter ondervind. Daarna volg die smeekbede (verse 47-52) waarin JHWH se ingryping en redding bepleit word. Die hele psalm sluit af met 'n doksologie (vers 53).¹⁸⁵

Met uitsondering van verse 3, 4, 5, 17-19 kry ons 'n 4+4 ritme in verse 2-19. Die genoemde ses verse en verse 20-46 het 'n 3+3 ritme. Verse 47-52 verleen weer meer voorkeur aan die 4+4 ritme (Van der Ploeg 1974: 100). Ons kan dus sê dat die metrum in verse 16-45 hoofsaaklik 3+3 is met 4+4 in die oorblywende verse (vgl. Anderson 1977: 631).

Die direkte voorkoms van die begrip:

Hesed kom in verse 2, 3, 15, 20, 25, 29, 34 en 50 voor.

Britz (1982: 12, 65) hanteer verse 2, 3, 15 as hesed in die loflied en verse 29, 34 as hesed in die Koningspsalms.

Hesed en 'e_mūnāh kom saam in verse 2, 3, 25, 34 en 50 voor.

Die suffikslose "JHWH hesed" (v. 2a) word bedien deur die suffiks van die naby geleë parallel "'e_mūnāh" (v. 2b) (Dahood 1968: 311).¹⁸⁶ Ons kan dus praat van 'n parallelisme in vers 2. Hesed is direk die objek van die werkwoord "sing" terwyl 'e_mūnāh die objek van die werkwoord "verkondig" (bekend maak) is. Die digter sê dat hy vir altyd (vir ewig - akkusatief van tyd), dit wil sê van geslag tot geslag (aan komende geslagte - 1979-vertaling) JHWH se hesed en 'e_mūnāh sal besing. Weiser (1979: 591) sien hesed en 'e_mūnāh hier as die blywende en betroubare fondamente van verlossing. Hesed is hier in die meervoudsvorm en kan dus as JHWH se daade van toewyding of verlossing (heilshandeling) verstaan word (vgl. Anderson 1977: 632).¹⁸⁷

Van der Ploeg (1974: 102) meen dat vers 2 se letterlike vertaling is, "ek sal met u 'n ewige verbond sluit, die betroubare hesed van Dawid". Dit dui vir hom op die gunsbewyse wat God in sy liefdevolle goedheid aan Dawid betoon het. Hesed is God se liefdevolle goedheid aan die wat Hy uitverkies het en met wie Hy 'n verbond gesluit het (v. 4). Vers 2 word in vers 6 met 'n enkele wysiging herhaal. Daarom kan ons sê dat hesed ook dui op JHWH se "wondermag" (v. 6). In vers 13 word JHWH se "reddingsdaade" besing wat ook dui op sy hesed.

In vers 2 dui JHWH se hesed dus op sy handeling van liefde vir Israel, wat uit sy liefde bewerk is (vgl. Cohen 1945: 289). Hierdie daade van goedheid is iets van die historiese ten toonstelling van JHWH se troue liefde aan sy ḥasīd(īm - volk). Ons kan hesed dus vertaal met "JHWH se liefdesdaade" (v. 2).

Die "ki" (v. 3) lei die hoofdeel van die lied in, wat sorg vir die verduideliking en motivering vir die lof. In vers 3 vind ons weer dat 'mūnāh saam met hesed funksioneer. Holwerda (1971: 17) is korrek as hy sê dat 'mūnāh en hesed gekontinueer word. Ons lei uit vers 3 af dat JHWH se hesed en 'mūnāh 'n ewige struktuur is (Cohen 1945: 289). Verse 2 en 3 sluit baie nou bymekaar aan. Weiser (1979: 591) sê dat hierdie "ewige loflied" (v. 2) sy oorsprong in die ewigheid van God se hesed en 'mūnāh (v. 3) vind. Ook hier kan ons dan sê dat dit die blywende en betroubare fondament van verlossing is (vgl. Eks 34: 6).

Die woorde "ōlām" en "šamayim" dui volgens Anderson op die blywende kwaliteit van JHWH se 'mūnāh en hesed. Böhl (1968: 169) beweer dat ons die tweede deel van vers 3 in ons vertaling ten onregte verwaarloos. Dit beteken dat "U trou teenoor hom staan so vas soos die hemele".

Ridderbos (1958: 378) sê dat ons hesed moet vergelyk met 'n bouwerk ('n gebou) wat nie onafgewerk bly staan nie, maar waaraan eindeloos voortgebou word.¹⁸⁸ Myns insiens is hesed dus nie 'n eenmalige "proses" nie, maar 'n kontinuerende "proses" (handeling of gesindheid). Die hesed van God is opsigself volmaak. Die verbond¹⁸⁹ is die gebou waaraan voortdurend gebou word. God se hesed is die stene wat een vir een op mekaar gelê word om voortdurend aan hierdie gebou (verbond) te bou.

God se hesed en 'mūnāh is standvastiger as die hemel (vgl. Ps 119: 89, Dt 1: 28 en Mt 24: 35). God se verbond staan op die onwankelbare fondament van sy beloftes van hesed en 'mūnāh, terwyl hesed en 'mūnāh self op sy verbond gegrond is. Britz (1982: 12) is dus korrek as hy beweer dat God sy hesed altyd sal handhaaf. So gee hesed dan uitdrukking aan JHWH se trou ('mūnāh) en juis daarom sal Hy sy beloftes aan Dawid nie vergeet nie. Aangesien 'mūnāh (trou) saam met hesed hier (v. 3) funksioneer (en as versterking dien) kan

ons hesed maar bloot met "liefde" vertaal.

Hesed kom in vers 15 saam met die goddelike kenmerk (Brown 1977: 339) "'emet" voor. Die "reg" en "geregtigheid" waarop God se troon gebou is kan bydra tot die verklaring van hesed. Ridderbos (1958: 382) beskou "reg" as die deur God self gestelde norm van die (sy) goddelike handeling, terwyl "geregtigheid" inhou dat Hy in sy "regiment" met die norm (reg) in ooreenstemming is. In hierdie "geregtigheid" lê die verlossing van God se volk opgesluit (vgl. verse 16, 17). God se heerskappy berus op "reg" en "geregtigheid" en daarom staan dit vas.

Volgens Anderson (1977: 262) is "sdq" 'n term vir 'n verhouding in verbondskonteks. Dit wil sê, "sdq" toon die trou aan die verbondsverpligtinge wat deur die verbond uitgestippel is.

Dit wil dan tog lyk asof ons hier 'n chiasme het.

^a <u>sdq</u> (geregtigheid)	- ^b reg
^b <u>hesed</u>	- ^a ' <u>e</u> met (trou)

Ons kan God se hesed as God se norm van die verbond wat hy met sy uitverkorenes gesluit het (v. 4) beskou. Om die beloftes van sy verbond nog meer volledig en volmaak te maak, word 'emet saam met hesed gebruik. Sodoende kan hesed en 'emet hier vertaal word met "liefde en trou" (v. 15). Hesed en 'emet word hier as twee dienaars (verpersoonliking of persoonifikasie) voorgestel wat voor die troon van God gereed staan om sy bevel uit te voer. Van der Ploeg (1974: 104) praat van hesed (liefde) en 'emet (trou) as twee "troon-assistenten".¹⁹⁰

In vers 20 word bāḥūr (uitverkorene) en gibbōr (held) as sino-nieme (aanverwante) begrippe van ḥāsīd gebruik (vgl. Ridderbos 1958: 384).

Uit verse 20-38 kan ons aflei dat hierdie ḥāsīd Dawid was. Morgenstern (1967: 61) meen weer dit is die totale Joodse volk.¹⁹¹ Myns insiens word ḥāsīd (wat hier in die enkelvoud voorkom) as 'n enkele persoon voorgestel (vgl. Van der Ploeg 1974: 105).

Hierdie ḥāsīd is geheilig deur die "heilige olie" waarmee hy gesalf is (v. 21).¹⁹² God se ḥesed en 'emūnāh ('n stamverwant van 'emet) sal die ḥāsīd begelei en beskerm deur hul aanwesigheid (sien vers 25 en vgl. Anderson 1972b: 319). Die ḥāsīd is dus hier JHWH se gunsgeenoot met wie Hy 'n verbond gesluit het (vv. 29, 35, 36). Die ḥāsīd se getrouheid spel hy in vers 2 uit. Daarom kan ons ḥāsīd (v. 20) vertaal met "troue dienaar", want sy trou aan JHWH word vir altyd beloof.

Ons kry in vers 25 weer die verbinding "'emūnāh en ḥesed". Net soos in vers 15 word ḥesed en 'emūnāh ('n stamverwant van 'emet), gepersonifieer as engele, boodskappers wat met God se teenwoordigheid gepaard gaan. Hierdie twee goddelike kenmerke dien as twee aanwesiges wat die ḥāsīd begelei. Hulle taak is om die psalmis te beskerm.

In vers 25b staan daar letterlik, "en deur My Naam sal sy koning verhef word". Rogerson (1977b: 194) meen dat "sy horing" moontlik kan dui op "sy sterkte". Dan verwys dit na vers 18 waar die "sterkte"¹⁹³ dui op die welbehae (die guns) van JHWH wat geniet word (vgl. ook Anderson 1977: 641). Ook hier (v. 25) kan ḥesed (net soos in vers 15) met liefde (welbehae, guns - v. 18) vertaal word en 'emūnāh met trou (vgl. verse 6 en 9).

Die verbinding "ḥesed" en "'emūnāh" kom weer in vers 29¹⁹⁴ voor, maar dié keer saam met b^erit. Ḥesed verwys na vers 3 waar daar ook van die onwankelbare ḥesed gepraat word. Ridderbos (1958: 386) wys daarop dat ḥesed en b^erit (vgl. vers 4) parallel is. Hy sê dat die verbond (b^erit) die bevestiging van die ḥesed is. Stoebe (1952: 252) meen self dat daar 'n duidelike

aansluiting tussen hesed en b^erit waar te neem is. Hierdie vers beklemtoon die permanensie van die verbond wat deur God opgerig is. Hesed is dus hier die bevestiging van die verbond. Volgens Weiser (1979: 592) kan menslike sonde nie 'n einde aan die verbond of aan die goddelike hesed maak nie. God se oordeel is niks anders as dissipline en bystand op die weg van verlossing nie. God bly getrou aan Homself al sou die mens ontrou word. JHWH sal dié wat ontrou word met swaar slae straf (sien verse 31-33). Anderson (1977: 642) verklaar dat hierdie vers uitdrukking gee aan die vastheid en onveranderlikheid van JHWH se verbond. Myns insiens gee hierdie vers ook uitdrukking aan die vastheid en onveranderlikheid van JHWH se hesed. Die werkwoorde "^emūnāh" en "^ysmr" as parallelle, bevestig myns insiens bogenoemde gedagte.

JHWH se onophoudelike en oneindige trou aan sy beloftes, sy verbond en sy hesed word weer in verse 34-38 vermeld. Hesed dui dus hier op die "vereiste" en "verwagte" goddelike hande-linge wat uit (in) liefde geskied teenoor sy hāsīd. JHWH wil in vers 29 sê dat Hyself sal handel volgens sy woord en bepaling (v. 31) en dat Hy sy voorskrifte en gebooe sal nakom (v. 32). Daarom is Britz (1982: 65) myns insiens nie verkeerd as hy hesed hier (v. 29) met "verbondstrou" wil vertaal nie. Hesed kan selfs net met "trou" vertaal word.

Hulle wat ontrou word aan God (vgl. verse 31-33) sal gestraf word maar die verbond met die huis van Dawid sal onveranderd staan omdat JHWH aan sy beloftes getrou is. Vers 34 sê iets ontsagliks groot as 'n mens mooi daarvoor nadink. Al kom die volk van God as verbondsoortreders (verbrekers) vorendag, nogtans sal Hy nie sy opgerigte verbond verbreek nie. JHWH se hesed en "^emūnāh" (vgl. verse 3, 15 en 25) sal vir ewig en altyd vas bly staan. As Dawid sondig sal JHWH hom straf (tydelik - sien Ridderbos 1958: 107) maar sal daarna weer aan hom reddingsdade (v. 17) bewys, sodat hy die guns van JHWH kan geniet (v. 18). So sal JHWH sy hesed nie van Dawid terughou nie en verbreek Hy terselfdertyd ook nie sy trou (aan hom deur sy trou aan sy beloftes en verbond) nie (vgl. verse 2, 3, 6, 9,

15 en 25). Die woord "b^erit" in vers 35 wat parallel aan hesed en '^emūnāh in vers 34 is, kan bydra tot die betekenisbepaling van hesed veral (vgl. Ridderbos 1958: 388). Die verbond is heilig omdat dit van God kom en omdat God met 'n eed¹⁹⁵ gesweer het (v. 4) dat Hy dit nie sal verbreek nie (vgl. vers 36).

Die ewigheid van God se verbond, wat met 'n eed beloof is, word met die duursaamheid van die son (v. 37) en maan (v. 38) geïllustreer. Rogerson (1977b: 195) se beeld om vers 34 te illustreer is hier baie van pas. Wanneer 'n vader sy seun (kind) straf (tugtig), dan doen hy dit sonder om die vader-seun verhouding te verbreek. Daardeur hou hy ook nie sy liefde terug nie, omdat hy juis deur dissipline en leiding sy seun weer op die regte pad (van gehoorsaamheid) bring (die volk van God kom weer op die weg van verlossing).

Ons kan hesed in vers 34 dus met "verbondsliefde" of selfs met "verbondstrou" en "trou verbondsliefde" weergee. Volgens Britz (1982: 66) dui hesed hier op die verbondsbeloftes. Omdat "'^emūnāh" met "trou" vertaal word sal ons "hesed" eerder met "verbondsliefde" of "verbondsbeloftes" vertaal.

Hesed kom laastens in vers 50 direk voor saam met '^emūnāh. Die psalmis eindig sy lied, soos hy daarmee begin het. Hesed kom hier in die meervoud voor (soos in vers 2), en om by die kragtige karakter van die belofte uit te kom, gebruik die digter die werkwoord "šb^c" (sweer - sien verse 4, 36). Die digter keer terug tot die herinnering aan die hesed (meervoud) wat vroeër aan Dawid bewys is en vir die toekoms aan hom beseuer is (vgl. v. 4). Stoebe (1952: 253) verklaar dat hesed selde in die klaagpsalms met '^emet verbind is, maar dat die verbinding hier wesentliker sterker as gewoonlik is. Die rede kan moontlik wees omdat die psalmdigter verstote en verworpe voel (v. 39) en omdat sy ervaringe (verse 41-46) vir hom lyk asof JHWH sy verbond met hom verbreek het. Met ander woorde, hy kla omdat God so heel anders gehandel het as wat hy kragtens sy beloftes ver wag het (vgl. Ridderbos 1958: 389). Maar

juis hier het ons iets van verse 34 en 35 terug. JHWH het tog immers belooft dat Hy sy liefde (ḥesed) nie van sy ḥāsīd sal terughou nie en dat hy sy trou nie sal verbreek nie. JHWH het nog nie sy verbond versaak of sy beloftes teruggetrek nie. Die digter ervaar maar net hier (verse 39-46) sy tydelike straf¹⁹⁶ op sy sonde (vgl. verse 31-33). JHWH bly getrou (vgl. v. 3) en kan nie sy verbondstrou verbreek sonder om Homself te verloën nie.

God kom dus sy beloftes na en het dit altyd teenoor die digter nagekom. Sy trou skryf aan Hom voor om dit gestand te doen (vgl. Ps 33: 4 en Van der Ploeg 1974: 102). Ḥesed hou dus hier (v. 50) verband met JHWH se liefdesdade (vgl. verse 10, 11, 14, 16, 17), volgens die beloftes van sy verbond wat Hy met 'n eed aan sy dienaar gesweer het (vgl. vers 4),

Ons kan "ḥesed" dus hier (v. 50) weergee met "beloofde liefde, liefdesdade of verbondsliefde" en "ḥe^emūnāh" met "trou". 'n Mens kan selfs dink aan "verbondsbeloftes" en "verbondshandeling". Die vertaling "verbondsliefde" kan moontlik die beste pas.

Die voorkoms van aanverwante begrippe:

Die aanverwante begrippe van ḥesed wat reeds bespreek is, is "ḥe^emūnāh" (v. 2, 34, 50) en "b^erit" (v. 29, 35). Die aanverwante begrippe van ḥāsīd wat reeds bespreek is, is "bāḥūr" en "gibbōr" (v. 20). Myns insiens is dit die enigste aanverwante begrippe en sal hulle nie weer hier bespreek word nie.

Daar is nie verskillende situasies waar die begrip definitief (duidelik) funksioneer nie.

PSALM 90Die afbakening van perikope:

Die struktuur van die psalm wat in die vorm van 'n klaaglied van die gemeenskap is, is net so duidelik en beskrywend as sy woorde. Dwarsdeur die psalm weerklink die grondtoon van vertrouwe (Weiser 1979: 595). Verse 1-12 handel oor God en die mens en met verse 13-17 sluit die psalm af met 'n gebed tot God om hulp.¹⁹⁷

Die heersende metrum is 3+3 (Schreiner 1978: 80).

Die direkte voorkoms van die begrip:

In vers 14 pleit die digter dat JHWH (die Verbondsgod), wanneer Hy teruggekeer het (van sy hewige toorn), Hom weer oor hulle (Israel - sy verbondsvolk) sal ontferm (aan hulle weer sy guns bewys), deur hulle in die m^ore met sy hesed (v. 14) te versadig. Die werkwoord "swb" beteken hier (v. 13) dat God sal terugkeer van sy toorn (vv. 7, 9, 11) en weer medelye (n^hm) met sy volk se ellende sal hê (Van der Ploeg 1974: 116). Volgens Ridderbos (1958): 402) beteken dit dat JHWH sal terugkeer tot sy dienaars (knegte - v. 13), wat Hy met sy guns verlaat het. Die werkwoord "n^hm" is hier 'n Hitpa^cel in plaas van 'n Nif^cal. Die objek van die werkwoord "n^hm" is die dienaars (verbondsvolk) van JHWH (Anderson 1977: 654). Delitzsch (1890: 58) meen dat die psalmis in vers 13 smee dat JHWH sal wegdraai van sy toorn en in vers 14, dat Hy in sy hesed na hulle sal draai. Myns insiens is vers 13b reeds die voorloper van vers 14. Reeds daar word gevra dat JHWH volgens sy verbondsverpligtinge (eise) sal optree, sodat hulle die vrug daarvan (lewenslange vreugde en blydschap - vgl. 14b teenoor die negatiewe vers 10c) mag smaak.

Wanneer JHWH in sy genadige gesindheid (n^hm - vgl. Britz 1982: 50) sy volk te hulp kom dan versadig Hy hulle met sy

hesed "in die môre". Soos 'n mens elke môre behoefte aan voedsel vir die dag het, so het 'n mens ook 'n behoefte aan JHWH se hesed. Volgens Weiser (1979: 602) moet 'n mens elke dag opnuut met hierdie behoefte begin. Dit is immers die begeerte en verwagting (behoefte) van die psalmdigter. Hierdie "versadiging" is die volmaakte verkwikking vir elke dag waaraan niks ontbreek nie.

Die woorde van vers 14a beteken volgens Van der Ploeg (1974: 116) dat die mens vol van JHWH se hesed sal word met die begin van elke nuwe dag. Anderson (1977: 654) meen weer dat dit dui op uitkoms, "so gou as moontlik". Hierdie woorde van vers 14a staan in teenstelling met dié in vers 5. Delitzsch (1890: 58) is weer van mening dat "môre" hier 'n aanduiding van 'n nuwe seisoen is, want toe hulle onder die toorn van JHWH was, was hulle uitgehonger vir sy hesed. Die werkwoord "šb^c" (Pi^cel imperatief) beteken hier, volgens Anderson (1972a: 468), die vergewing van sondes en die voorreg om die teenwoordigheid van God te smaak. Weiser (1979: 602) praat van die psalmis se besorgdheid om God se teenwoordigheid self te ondervind. Daardie ondervinding beteken vir hom oorvloed van blydskap en geluk in die lewe. Hesed dien dan as 'n stut en kern van die lewe.

Waar die volk vir baie jare onder die gramskap van JHWH (v. 7) moes leef, bid die digter om die ingryping van JHWH ter wille van sy volk, dat Hy hul honger sal stil deur hul sondes (oortredinge - v. 8) te vergewe. Britz (1982: 51) sê dat dit gebeur wanneer JHWH weer sy hesed (verbondslojaliteit) aan sy volk gee. Die digter toon dus in hierdie psalm sy geloof in die verbondsverhouding met JHWH (die Verbondsgod). McKeating (1965: 75) is dus korrek as hy sê dat hierdie psalm vol van verbondsterminologie is.

Dit is dus duidelik dat hesed hier verband hou met verlossing en vergifnis van sonde. Daarom kan ons hesed hier (v. 14) weergee met "verbondsliefde" (geniet voorkeur) of "troue liefde" (vgl. Psalms 13: 6; 103: 8, 17).

Die voorkoms van aanverwante begrippe (selfs antities
verduidelikend):

In vers 17 kry ons 'n aanverwante begrip van hesed (no^cam) Die woord beteken letterlik "lieflikheid, heerlikheid" van JHWH. Van der Ploeg (1974: 116) meen dat hierdie woord nie 'n goddelike eienskap is nie, maar dui op God se heerlike guns. Aangesien JHWH aan hulle krag gee, kan hulle hul moeilikhede en ellende oorwin. Die psalmis besef sy afhanklikheid van JHWH en weet dat slegs Hy hom vreugde kan skenk en daarom vra hy dit (v. 15- "gee ons soveel jare van blydskap").

Die "werk" van God in vers 16 dui op sy heilswerk (Ridderbos 1958: 403). Hulle kinders moet daarin die "grootheid" van God raaksien. Myns insiens kan dit hier ook op die verbonds-handelinge, wat JHWH teenoor sy h^asīdīm betoon, sinspeel. Die volk Israel kan alleen deur JHWH se bystand van "goedheid en vriendelikheid" staande bly (Lamparter 1965: 121). Dit is dus duidelik dat no^cam hier wys op sigbare tekens (dade) waarin God se Almag (grootheid) raakgesien kan word. Maar dat hierdie dade deur hulself belewe moet word is duidelik, want hoe anders kan hulle dan blydskap ervaar daaroor.

Daarom is die 1979 vertaling verstaanbaar vertaal en myns insiens ook korrek: "Laat ons die goedheid van JHWH ons God belewe".

Die woorde wat as teenoorgesteldes van hesed in hierdie psalm voorkom is "'ap" (vv. 7, 11) en "ebrāh" (vv. 9, 11) en ook "hēmāh" (v. 7).

In vers 7 moet ons "kī" as emfaties verstaan. Die woorde is chiasies gerangskik, wat veral die verstaan van 'ap en hē māh na vore laat kom (vgl. Dahood 1968: 325). Die N.E.B. suggereer dat die mens sterf as gevolg van God se toorn en gramskap. Die toorn kom oor die mens as gevolg van sy oortredinge, wat hy wou verberg, wat deur God aan die lig gebring word.

Rogerson (1977b: 200) verklaar dat 'n mens net 'n beperkte lewensperiode het, wat onafhanklik van God se toorn ('ap) en gramskap (hēmāh).

Hulle wat God vrees is dus bewus van sy toorn. Weiser (1979: 599) is dus korrek as hy beweer dat die mens God se toorn en gramskap ervaar as hy meen dat hy alles op sy eie kragte kan doen. Met ander woorde sy lewenshouding is verkeerd omdat hy onafhanklik wil wees en God nie in berekening wil bring nie. Sō word JHWH se volk deur sy toorn weer na Hom toe te= ruggelei. Die woorde "'ap", "hēmāh" en "Cebrah"¹⁹⁹ staan teen= oor die hesed (verbondsliefde) en goedheid van JHWH in verse 14 en 17. Dit bring nie blydskap nie maar droefheid en hart= seer wat deur die verdrukking van die vyand en die afwesigheid van God ervaar word.

Daar is nie 'n funksionering vandie begrip (hesed) in verskil= lende situasies in hierdie psalm te bespeur nie.

PSALM 94

Die afbakening van perikope:

Daar is 'n mengsel van literêre elemente in hierdie psalm teenwoordig. Basies bestaan die psalm uit twee groot dele.¹⁹⁹ Die eerste deel (verse 1-11) is 'n gebed van 'n bidder, wat vra dat God sy wraak oor die kwaaddoeners sal volbring. Die tweede deel van die psalm (verse 12-23) is 'n loflied met danksegging (danklied). Verse 12-15 vorm die oorgang van die eerste na die tweede deel om versplintering te voorkom. Sabourin (1974: 316) verkies om verse 1-11 as eerste deel en verse 16-23 as tweede deel te beskou terwyl verse 12-15 bloot seëninge van die regverdige is wat deel een en twee met mekaar verbind.

Die metrum is 3+3 met 'n paar afwykings in verse 9-12, 17 en 23 (Anderson 1977: 670).

Die direkte voorkoms van die begrip:

JHWH is die digter se enigste Helper (vv. 16, 17). Volgens Kidner (1977b: 342) blyk JHWH se "trou" as goddelike eienskap in hierdie twee verse. Die werkwoord "n_hm" (in die meervoud - v. 19) werp ook lig op die betekenis van hesed in vers 18. Ridderbos (1958: 433) praat van die "innerlike bemoediging" wat deur sy Woord en Gees kom.²⁰⁰ Hierdie vertroosting (n_hm) bring verheuging en verlustiging in die binneste (vgl. Delitzsch 1890: 83). Toe die digter nog dink dat hy val, het JHWH se hesed hom ondersteun en dus van "vervaling" bewaar. Vers 17 wys duidelik op JHWH se verlossingsdaad. Hy alleen het die digter van die dood gered. Sy trou en (ver)troostende hulp was naby aan hom. Ridderbos (1958: 433) is myns insiens dus korrek as hy sê dat God se hesed hier dui op bewaring van uiterlike ondergang en versterking van die innerlike gees.

Vers 18 beeld God se krag (sterkte) uit en vers 19 God se bemoediging (Kidner 1977b: 342). Dit is dus baie duidelik dat hesed hier (v. 18) op 'n eienskap van JHWH dui wat die psalmdigter uiterlik bewaar en staande hou (ondersteun) en ook innerlik versterk. Hesed kan daarom met "lojaliteit, liefdevolle goedheid of trou" weergegee word. God se trou (hesed) vergesel die verdrukke gedurende sy beproewinge (vgl. Ps 18: 36). Britz (1982: 52) vertaal hesed hier met "liefdevolle hulp".

Die voorkoms van aanverwante begrippe:

Die enigste aanverwante begrip is "n_hm" wat reeds bespreek is onder die direkte voorkoms van hesed.

Die funksionering van die begrip in verskillende situasies:

JHWH is die digter se rots, sy veilige vesting (v. 22). By JHWH geniet die psalmis uiterlike beskerming wat gedeeltelik dui op JHWH se hesed in vers 18.

PSALM 102

Hierdie psalm is een van die sewe Boetepsalms van die vroeë kerk. Die ander is Psalms 6, 32, 38, 51, 130 en 147. Maar omdat hesed nie hier direk voorkom nie, word die psalm nie in perikope afgebaken nie.

Die voorkoms van aanverwante begrippe (selfs antiteties verduidelikend):

Die twee werkwoorde "rḥm" en "ḥānan" in vers 14 kan as aanverwante beskou word. Volgens Weiser (1979: 654) wys vers 14 op die lang verwagte ontmoeting met God. Sion is ook verseker van God se genade. "U gedenknaam" (v. 13) sê dat God in die verlede verlossingsdade gedoen het (Rogerson 1977c: 21). Net so wys die woorde van 'n tema in profesie ('n bestemde tyd het aangebreek) op 'n geleentheid van hoop vir hulle wat na God se redding soek. JHWH se mag (v. 17) en barmhartigheid kom in vers 14 na vore (Lamparter 1965: 174).

Rḥm hou vir Stoebe (1952: 247) hier die betekenis in van die herstelling na die oorspronklike bestaande gemeenskap waarby die vergewing van sondes ingesluit is. Rḥm is dus duidelik hier 'n aanverwante begrip van hesed. Die digter smee dus dat JHWH sal ingryp en Hom oor Sion "ontferm", deur hom uit sy verdrukking te red en van sy oortredinge te verlos. Juis nou in sy benoudheid is die geleentheid vir "genade" (genade tyd). Daardeur kom JHWH se hesed teen-oor sy ḥāsīd(īm) tot uiting.

Die woorde "z^cm" en "qsp" in vers 11 is die antitetiese begrippe van hesed. Die woorde "verwerp" en "weggooi" in vers 11b werp heelwat lig op die betekenis van z^cm en qsp. Die digter balanseer die vers deur die twee naamwoorde (v. 11a) teenoor die twee werkwoorde (v. 11b) te stel (Dahood 1970: 16). Die digter ervaar nie meer God se teenwoordigheid nie en daarom is my ervaring dat Hy "afsydig" (v. 3) voorkom.

Daarom voel die psalmis "verlate" (v. 7) en "eensaam" (v. 8).

Omdat die psalmdigter in 'n verbondsverhouding met God staan (vgl. vers 25 "my God") kan hy hom beroep op JHWH se troue verbondsliefde (hesed) om hom te herstel. In vers 18 bely hy dat JHWH hom sal hoor en sy gebed sal verhoor. Ook hier is God se toorn en gramskap die gevolg van sonde.

Die funksionering van die begrip in verskillende situasies:

Die smeekbede van die psalmis in verse 2 en 3 word 'n belydenis in vers 18. Vers 21 gaan nog verder en wil sê dat JHWH het voorsien, Hy het gehoor en verlossing gebied. Die woord "bevry" (v. 21) dui op 'n groot daad van God, naamlik die vernuwing van 'n "dooie" Israel (vgl. Kidner 1977b: 362).²⁰¹ Hier= die verlossing is volgens Weiser (1979: 655) die tema van Sion se loflied tot eer van God (v. 22). So toon die volk hul dankbaarheid (hesed) aan God nadat Hy aan hulle hesed betoon het deur hulle te bevry.

PSALM 106

Die afbakening van perikope:

Weinig geraadpleegde eksegete verskil met die onderstaande indeling van die inhoud van hierdie psalm.²⁰²

- vv. 1 - 3 himniese roep tot lof
- 4 - 5 persoonlike gebed
- 6 belydenis van sonde
- 7 - 12 die uittoeg-verhaal
- 13 - 15 ontevredenheid
- 16 - 18 Datan en Abiram (jaloesie)
- 19 - 23 die goue kalf
- 24 - 27 hernude opstand volg op rapport van spioene
- 28 - 31 Baäl-Peor episode (afvalligheid)

32 - 33	Moses en rots (provokasie)
34 - 39	Israel se sonde in Kanaän (paganisasie)
40 - 46	getemperde oordeel (gerig en erbarming)
47	afsluitende gebed
48	doksologie

Verse 6-46 kan as 'n eenheid gesien word, as 'n skuldbelydenis wat met historiese bewyse versterk word (vgl. Ridderbos 1958: 507).

Die dominante metrum van hierdie psalm is 3+3 (sien Anderson 1977: 736).

Die direkte voorkoms van die begrip:

Hesed kom in verse 1, 7 en 45 direk voor.

Die lof-oproep "loof JHWH want Hy is goed, want sy hesed is tot in ewigheid" in vers 1 vind ons nie net hier nie, maar ook in baie ander dele van die Ou Testament.²⁰³ Beyerlin (1974: 55) meen dat dit regverdig is om die oproep om God se lof as vorm te sien.

Volgens Stoebe (1952: 251) word hesed (v. 1) deur die woord "cōlām" verduidelik. Dit dui op die oneindige "lewensduurte" van hesed. Hy gaan so ver om daarin 'n gewisse toenadering van hesed na b^erit te herken,²⁰⁴ met ander woorde, hesed sê vir ons hier meer in verband met JHWH se verbond. JHWH is getrou aan sy verbond en so kom sy trou ook in sy hesed na vore. Vers 1b is 'n herinnering aan JHWH se wonderdade uit die verlede, wat deur die digter getrou ondervind is (vgl. Van der Ploeg 1974: 212). JHWH se verbond met Israel sal Hy dus nooit opsê of vergeet nie. Ons kan daaruit aflei dat JHWH sy hesed altyd sal betuig en betoon. Die geskiedenis van Israel is deurweef met JHWH se verbondstrou. JHWH was te alle tye getrou aan sy verbond ten spyte van die volk se sonde (vgl. Britz 1982: 70).

nie. Volgens Ridderbos (1958: 509) dui hesed hier op JHWH se reddingsdade (vgl. Eks 3: 20). Ridderbos se standpunt word in verse 4, 8, 10, 21, 43 versterk. Israel het nage= laat om die verbondsverpligtinge van JHWH te onderhou (sien verse 6, 7). Daarom kan ons sê dat Israel se sonde direk teenoor JHWH se wonderwerke (magtige daade - verse 2, 7), sy verlossingsdade, staan. Weer eens is dit vir ons duidelik dat JHWH ten spyte van sy volk (hulle met wie Hy 'n verbond gesluit het) se ongehoorsaamheid, hulle telkens uit hul nood= situasies gered het (sien verse 9, 10). Stoebe (1952: 253) is dus korrek as hy sê dat hesed (in die meervoud) hier (v. 7) op God se wonderdade wys.

Hesed, saam met "rōb" (baie, menigte) in vers 7 kan met "red= dingsdade, verbondsdade, magtige daade van trou" weergegee word. Die voorvaders het in Egipte nie ag geslaan (gedink) op al JHWH se "dade van trou" nie.

Hesed kom laastens in vers 45 direk voor. Uit ons vers kan ons aflei dat hesed hier in verband met JHWH se verbond en ook sy reddingsdade (magtige daade - vv. 7, 22) staan. Volgens Dahood (1970: 76) moet vers 45 a lees: "Hy het 'n verbond²⁰⁷ met hulle gesluit" (vgl. Jr 32: 40 en Esg 34: 25). Hesed is hier in die meervoudsvorm terwyl Dahood die enkelvoudsvorm van vers 1 verkies. Volgens Anderson (1977: 747) beteken "zkr" nie net "dink" of "onthou" nie, maar ook "om op iets te reageer". Ons kan dus sê dat JHWH "ter wille van hulle op sy verbond gereageer" het.

Delitzsch (1890: 158) sê dat "h^a sādāw" in ooreenstemming met die volheid (rykheid) van sy "menigvuldige genade" of "vriendelike goedheid" is.²⁰⁸ Die woord "nhm" beteken letterlik om "berou" te hê en staan parallel met "rah^a mīm" in vers 46. Daar= om kan ons sê dat die God, wat sy verbond onthou, genade en barmhartigheid aan sy volk betoon in hulle verdrukking en ge= hoor gee aan hulle gebede. Dit is die rede waarom Israel, guns (genade) in die oë van hul vyand gevind het. Rogerson

(1977c: 48) vertaal hesed met "onbeperkte (boundless) liefde".

Die geskiedenis van Israel is vol van hul (grenslose) sondigheid en daarteenoor staan JHWH se "grenslose liefde", wat maar altyd stand gehou het. Ten spyte van hulle ontrou was Hy getrou. JHWH se trou staan dus in die geskiedenis van Israel voorop. Hesed kan dus hier (v. 45) vertaal word met "oorvloedige (grenslose) liefde".

Die voorkoms van aanverwante begrippe:

In Psalm 106 is ṭōb (v. 1) en pl' (vv. 7, 22) aanverwante begrippe. Ṭōb, het ons gesê, is die "goedheid" van JHWH wat vanuit sy verbond voortkom. JHWH se "goedheid" dui op sy groot en magtige daade (pl') waarvan sy reddingsdade deel vorm. JHWH is ṭōb sonder end. Daarom kan ons ook sê dat JHWH se goedheid geen einde ken nie en Hy male sonder tal sy volk in benoudheid red. God bly dus getrou aan sy verbond, wat Hy met Israel gesluit het en daarom doen Hy ook telkens "magtige daade" omdat Hy getrou is aan sy verbond en aan sy grenslose liefde (hesed).

In vers 4 is die woord "rāsōn", wat ook 'n aanverwante begrip is. Rogerson (1977c: 43) beweer dat vers 4 dui op die uittoeg. Die digter was skynbaar deel van God se volk in ballingskap en smee dat JHWH in sy "verbondsliefde" (rāsōn) ook aan hom sal dink, omdat hy deel aan die verbond gehad het, en hy ook soos die res van die h^asIdīm na redding (bevryding) gesmag het. Rāsōn staan hier in noue verband met "verlossing". Anderson (1977: 737) dink weer aan JHWH se "guns" en "welwillendheid" en sê dat rāsōn hier (v. 4a) parallel aan y^ešū^cāh (v. 4b) is. Rāsōn en y^ešū^cāh (v. 4) wil JHWH se "troue verbondsliefde" weergee, wat in sy magtige daade (v. 2) soos sy verlossing tot uiting kom.

Die funksionering van die begrip in verskillende situasies:

Omdat daar in hierdie psalm so 'n noue verband tussen hesed en verlossing is (soos reeds bespreek), dui al JHWH se red-dingsdade (v. 4, 8, 10) op sy grenslose en troue liefde vir sy h^asīdīm.

Ons het reeds daarop gewys dat in vers 4 aan die bevryding van die ballingskap gedink word. Omdat Israel JHWH se eien-dom is het Hy hulle vrygekoop van die slaweland (vgl. Van der Ploeg 1974: 214) en op grond van sy verbondsliefde (vv. 1 en 45) het Hy hulle van hul vyand verlos (vv. 7-10). So bly JHWH vir ewig aan sy verbond getrou, deur sy hesed teen-oor sy h^asīdīm tot uiting te bring.

PSALM 108

Hierdie psalm is 'n kombinasie van Psalm 57 verse 8-12 (verse 1-6) en Ps 60: 7-14 (verse 7-14). Omdat Ps 57 ook 'n Klaag-psalm is en hesed reeds bespreek is sal Ps 108 nie ook be-spreek word nie om herhaling te voorkom.

PSALM 109Die afbakening van perikope:

Hierdie psalm begin met 'n oproep tot God vir hulp en ook 'n klaaglied (vv. 1-5), gevolg deur 'n vervloeking (vv. 6-20). Vers 21-29 hervat die gebed en klaaglied aan die begin van die gedig terwyl verse 30-31 die digter se gebed afsluit as 'n gelofte om God te dank.²⁰⁹

Die metrum van Ps 109 is onreëlmatig.

Die direkte voorkoms van hesed:

Hesed kom in hierdie psalm in verse 12, 16, 21, 26 direk voor.

In vers 12 het ons 'n parallelisme en dus is ḥānan hier ook 'n aanverwante begrip van ḥesed. Van der Ploeg (1974: 242) meen dat ḥesed (liefdevolle goedheid) nie langer aan die digter bewys moet word nie. Gewoonlik was die weduwees en wees die voorwerpe van besondere sorg (vgl. Dt 10: 18; 27: 19; Jes 1: 17). Maar hier word die teendeel vir die weeskinders van die psalmis gewens, met ander woorde, in vers 12a word geïmpliseer dat geen ḥesed hoegenaamd aan die digter en sy nageslag in enige opsig bewys word nie. Ḥesed beteken vir Perowne (1976: 291) hier "voortdurende goedheid". Ḥesed word hier myns insiens nie in verband met die verbond gebruik nie.

Verse 6-11 is die onaangenaamheid (nie - ḥesed) wat aan die ḥāsīd, sy vrou en kinders bewys moet word. Hy moet vervloek word (v. 17) omdat hy mense vervloek het (v. 18), sê die vyand. Die bidder se teëstanders het dus besluit dat geen menslike goedheid of enige liefde in die vorm van gunste en gawes aan hom bewys mag word nie. Ons kan ḥesed dus hier vertaal met "liefde" of "goedheid". Ḥānan kan vertaal word met "ontferm". 'n Mens kan vers 12 dan soos volg vertaal: "Laat niemand aan hom liefde bewys nie, laat niemand hom oor sy kinders ontferm nie". Vers 12b kan selfs soos volg weer-gegee word: "Laat niemand aan sy kinders gunste en gawes bewys nie".

Ḥesed (in die enkelvoud) word in vers 12 vir die eerste keer in sy direkte voorkoms in die Klaagpsalms, oor die verhouding tussen mense onderling gebruik. Die tweede keer kom voor in vers 16.

In vers 16 vind ons dat ḥesed spesifiek uitgebrei word na die swakke, behoeftige en arme. Baie interessant is dat hier dieselfde vorm van ḥesed as in vers 12 gebruik word. Volgens die bidder se teëstanders het hy geen goedheid of enige liefde aan die arm en behoeftige mense, by wyse van gunste en gawes, bewys nie.

In vers 21 kom hesed weer eens direk voor en hierdie keer is dit hesed van JHWH teenoor die mens. Omring deur die atmosfeer van vervloeking, wat soos 'n kledingstuk, om hom vou, roep die bidder God se hesed in, om hom te red. JHWH is die enigste bevoegde om die vervloekinge van mense te breek. Volgens Britz (1982: 52) handel verse 20-31 oor die digter se gebed om verlossing (sien vers 21). Volgens Perowne (1976: 293) smee die digter dat JHWH hom sal red (hissilēnī-imperia-tief) vanuit die toestand van ellende, waarin hy hom bevind, omdat sy (JHWH) hesed goed is. Uit ons vers is dit duidelik dat die bidder vra dat JHWH met hom sal handel volgens die wil van sy Naam (om U Naam ontwil). Daardeur kom God se eer, volgens Kissane (1958: 188), op die voorgrond, dit wil sê, wanneer God die bidder red, doen Hy dit kragtens sy wil en die eer wat Hom toekom (sy Naam). Volgens die nota^{b-b} moet "l^ema^can š^emēkā" miskien verplaas word na die posisie na hesed.

Hierdie vers se groot probleem lê veral by die uitleg van die fase "kī tōb ḥasd^ekā". Ons weet dat hesed (naamwoord manlik enkelvoud met die suffiks twee manlik enkelvoud) hier van God kom.²¹⁰ Volgens die tekskritiese nota^c moet 'n mens "k^etūb" in plaas van "kī tōb" lees, maar ons het nie voldoende steun daarvoor nie. "kī" funksioneer hier as 'n redegewende partikel. Daarom is die rede vir die psalmis se redding in JHWH se "tōb ḥasd^ekā" geleë. Stoebe (1952: 253) meen dat hesed hier meer die betekenis het van "barmhartigheid". JHWH se "barmhartigheid" kom dan, volgens hom, na die bidder wanneer Hy hom red. Myns insiens, wil die digter sê dat JHWH se hesed voldoende is om hom te red, want hy is hulpeloos en arm (v. 22). Wat verder deurskemmer, is dat hy al so lank wag op redding van God, dat hy al uitgeteer en maer is (v. 24). Hy wag al so lank dat hy al die spot van mense geword het (v. 25). Britz (1982: 52) is dan korrek as hy sê dat hesed die grond vir die verhoring van die digter se gebed uitmaak. Hy vertaal hesed hier met "getrou".

Ons kan die laaste deel van vers 21 soos volg weergee: "red my omdat U goed en getrou is". Dit is uit die psalm (verse 20-31) duidelik dat die digter sy toevlug geneem het tot die Verbondsgod, omdat hy weet dat Hy getrou is aan sy verbond.

In vers 26 kom hesed weer direk voor, waar die kenmerkende uitdrukking van die Klaagpsalms (redding), soos in vers 21, na vore kom (vgl. Stoebe 1952: 253). Vers 26 word volgens Van der Ploeg (1974: 245) in Ps 79: 9a uitvoeriger uitgedruk en daarom vertaal hy hesed hier met "liefdevolle goedheid". Anderson (1977: 766) is van mening dat die bidder nie op grond van sy regverdigheid nie, maar eerder op grond van God se hesed (verbondslojaliteit) om redding smeek. Böhl (1968: 132) sê dat die redding waarvoor die psalmis smeek sy doel nie in sigself het nie, maar daarin dat dit kan uitloop op die erkenning deur die teëstanders dat dit JHWH is en dat dit geen toeval of mensewerk is waardeur hierdie verlossing tot stand gekom het nie.²¹¹

Die twee werkwoorde "^cazar" en "^vys^c" word hier as parallelle begrippe gebruik. Britz (1982: 53) is korrek as hy beweer dat "^vys^c" met "spreek my vry" vertaal kan word (sien verse 6 en 7). Die bidder weet dat JHWH die enigste ware Regter is wat hom te hulp sal kom deur hom vry te spreek van sy valse aanklagte (sien verse 2 en 3).

In vers 26b pleit die digter letterlik dat JHWH hom sal red "soos sy hesed is," met ander woorde, die digter het ondervinding van JHWH se hesed (vgl. vers 28). Britz (1982: 53) wys daarop dat Stoebe hierdie voorsetsel van hesed n "voorsetsel van die maatstaf" noem.

Dit beteken dat aangesien die psalmis goeie kennis van God se hesed dra, hy nou weer daarop kan staatmaak. Die psalmis vertrou op JHWH se hesed. Hesed kan dus met "troue verbondsliefde" of "onfeilbare liefde" weergegee word.

Die voorkoms van aanverwante begrippe (selfs antiteties verduidelikend):

In verse 4 en 5 kom 'n aanverwante begrip van ḥesed (tussen mense onderling bewys) voor nl.: "'ah^abāh" asook die woorde wat daarteenoor staan nl.: "šānē" (haat). Volgens Delitzsch (1890: 178) is die suffiks van 'ah^abāh in vers 4 'n "genetivus objektivus" en in vers 5 'n "genetivus subjektivus". Die digter het kwaad vir goed en haat vir liefde ontvang. Die psalmis het die teëstanders se haat ervaar in die kwaad wat hulle hom aandoen, asook in hulle vyandskap (verse 6-19 is vol daarvan). Die begrip "ah^abāh" dui hier op die goedheid wat deur gunste en gawes aan die psalmis se vyand bewys is. Hy het so ver gegaan om selfs vir hulle te bid (v. 4). Die woorde "liefde" en "goed" is sinonieme asook "kwaad" en "haat". Die twee groepe staan teenoor mekaar. Die eerste twee woorde dui op 'n positiewe houding terwyl laasgenoemde twee weer dui op 'n negatiewe. Anderson (1977: 760) is myns insiens korrek as hy sê dat "ah^abāh" hier op "diepe vriendskap" dui. (Vergelyk vers 4 waar vyandskap teenoor 'ah^abāh staan). Die haat dui dus op die vyandskap wat deur hulle (die teëstanders) bewerk word.

Die funksionering van die begrip in verskillende situasies:

JHWH sal nou die sake, wat die digter na aan die hart lê (sy redding), in sy hande neem. JHWH sal die digter dus nie aankla nie maar help (vgl. Ps 16: 8). Juis omdat die psalmis seker is, en ook glo en vertrou dat JHWH hom sal red, eindig hy sy gebed deur by voorbaat JHWH te prys. Hy verwag alleen redding van God (v. 28 - "maar U sal my seën) (vgl. Weiser 1979: 692 en Van der Ploeg 1974: 245).

Weer eens kom die psalmis met 'n positiewe houding na vore soos dit 'n ḥāsīd betaam (vgl. verse 4, 5). In sy dankbaarheid loof en prys hy JHWH, asof Hy hom alreeds gered (gehelp - vv. 21, 26) het. Dit is 'n teken van die psalmis se ḥesed teenoor JHWH.

PSALM 120

Hierdie psalm sal nie in perikope afgebaken word nie omdat hier geen direkte voorkoms van die begrip (ḥesed) is nie. Myns insiens is hier ook geen voorkoms van aanverwante begrippe nie.

Die funksionering van die begrip in verskillende situasies:

JHWH se antwoord (v. 1) op die psalmis se geroep, was om hom vanuit sy nood (v. 2 - die mag van leuenaars) te red (vgl. Anderson 1977: 848). Vers 1 dui op 'n historiese gebeure terwyl vers 2 sy gebed vir die huidige is (vgl. Kidner 1977b: 430). Die psalmis het dus reeds ervaring van God se ḥesed in die verlede gehad en bid ook daarvoor vir die hede. Hy glo en vertrou dat JHWH hom nou ook sal help.

PSALM 123

Hierdie psalm begin, volgens Anderson (1977: 857), soos 'n individuele Klaaglied (v. 1), en dan oorgaan in 'n klaaglied van die volk (vv. 2-4). Ten spyte daarvan word hierdie psalm nie in perikope afgebaken nie omdat die begrip "ḥesed" nie hierin direk na vore kom nie.

Die voorkoms van aanverwante begrippe:

Die woord "ḥānan" kom in verse 2 en 3 voor. In vers 2 funksioneer ḥānan met 'n voorvoegsel "ḥey". Vers 2d is 'n temporele sin wat deur "ad" aangedui word. Volgens Dahood (1968: 293) behoort die werkwoord ḥānan tot 'n briefstyl. Terwyl die ḥ^asidīm van God op sy ingryping (ḥānan) wag, is hul houding een van nederigheid, vol vertroue in en afhanklikheid van Hom. Dit is die houding wat deur die beeld van die vers uitgedruk word (vgl. Anderson 1977: 858).

Ḥānan druk hier die begrip uit van "onverdiende guns" of

"uiterste genadigheid en neerbuigende vriendelikheid aan die kant van JHWH, wat die meerdere is" (vgl. Snaith 1944: 128). Die h^asidim vra dat JHWH Hom oor hulle sal ontferm (hānan - vv. 2, 3) en sō sy trou aan sy verbond sal betoon. Diē "kī" in vers 3 dui op 'n redegewende sin. Die rede dus waarom JHWH Hom oor hulle moet ontferm is omdat hulle al so baie (meer as genoeg) veragting en bespottling moes verduur. Maar hulle sal hoopvol wag op sy antwoord (v. 2). Hānan dui myns insiens hier op redding (bevryding) van die veragting en bespottling van die hovaardiges. Die nood van die digter en sy mense is so hoog dat ons in vers 3 'n herhaling van hānan kry. Om dit nog meer dringend te laat voorkom vind ons beide in die imperatief (sagte bevelsvorme). Die h^asidim wag hoopvol op 'n antwoord, nie met 'n mentaliteit van 'n slaaf nie (vgl. Weiser 1979: 753) maar met die regte houding, wat 'n h^asidim teenoor JHWH die Verbondsgod in die verbond behoort in te neem. Hānan is dus hier (vv. 2, 3) 'n aanverwante begrip wat ten nouste aan hesed verbonde is. Psalm 123 het geen situasie waarin die begrip funksioneer nie.

PSALM 126

Psalm 126 word nie in perikope afgebaken nie. In hierdie psalm vind ons geen direkte voorkoms van die begrip (hesed) nie. Daar word ook geen voorkoms van aanverwante begrippe in hierdie psalm aangetref nie.

Die funksionering van die begrip in verskillende situasies:

In verse 2, 3 word gesê dat JHWH (die Verbondsgod) groot dinge (dade) aan Sion (v. 1) gedoen het. Die digter praat van "hulle in Sion" wie se lot verander is en dan sê hy in vers 3, dat JHWH aan "ons" groot dinge gedoen het. Rogerson (1977c: 124) meen dat verse 1-3 na 'n historiese herstelling verwys, skynbaar die bevryding uit hulle ballingskap in Babilon. Vers 4 is 'n gebed tot God om hulp aan die Israëliete in Jerusalem te verskaf. Lamparter (1965: 298) meen dat die

aanduiding is dat die heidene saam met die volk van God hier= die groot wonderdaad van JHWH moet prys (v. 2) as 'n sigbare bewys van sy mag en trou. Weiser (1979: 761) praat van die openbaring van God se redding aan Israel, wat nie net 'n bekendstelling van God aan ander nasies is nie, maar ook 'n geleentheid dat die heidene daardeur ook die Almag van God sal raaksien.

Anderson (1977: 864) som die probleem op as hy beweer dat die term "Sion" moontlik op die volk Israel dui, wie se geestelike tuiste Jerusalem is. Ons kan dus daaruit aflei dat hier van die verbondsvolk gepraat word. Alle volke, Israel en heidene, moet JHWH se hesed raaksien, in die verlossing van sy volk (die groot dinge wat Hy aan hulle gedoen het).

PSALM 130

Die afbakening van perikope:

Psalm 130 was Luther se gunsteling psalm. Weiser (1979: 773) klassifiseer hierdie psalm saam met die "Pauliniese" psalms (32, 51, 130, 143). Die psalmis is diep geraak deur sy sonde, as gevolg van 'n God-gegewe ervaring van die erns daarvan, en daarom openbaar hy ware berou en hoop hy op vergifnis.

Schmidt (1966: 242) en andere,²¹² verdeel hierdie psalm in vier dele. Die digter roep tot JHWH om hulp in verse 1 en 2 (wat kenmerkend van 'n klag is). Deur 'n indirekte belydenis van sonde pleit hy om vergewing (vv. 3-4), wat gevolg word deur 'n uitdrukking van hoop, wat gebaseer is op die kennis van die hesed van JHWH aan sy verbondsvolk (vv. 5-6). Ons kan dit 'n vertrouens bekentenis ook noem. Die psalm sluit af met 'n vermaning van Israel (vv. 7-8).

Die direkte voorkoms van die begrip:

Hesed kom in vers 7 in die konstruksie "kī^cim JHWH ha^chesed"

voor. Ḥesed het hier die bepaalde lidwoord "die" vooraan. Volgens Cohen (1945: 434) dui "die ḥesed" op die versekering van die vergifnis waarvan vers 4 praat. Vers 7c sê self dat daar "baie (veel) verlossing" by JHWH is. Let op dat dieselfde soort uitdrukking drie keer herhaal word:

- "By U is daar haslīḥāh" (v. 4a)
- "By U is daar ḥesed" (v. 7b)
- "By U is daar padāh" (v. 7c)

Vers 4 en 7c vorm 'n ringskomposisie, wat JHWH se ḥesed in die sentrum plaas. Miller (1979: 180) beskou dié drie fundamentele kenmerke as intieme vriende en metgeselle van God.²¹³ JHWH is die outeur van die ḥāsīd se redding (v. 4 vergifnis). Wanneer die psalmis van al sy sondes vergewe word, dan ontvang hy as't ware verlossing vanuit die put van sonde. Die woorde "vergifnis" en "verlossing" word dus as sinonieme begrippe gebruik, wat bydra tot die betekenis van ḥesed. Die digter het dus sekerheid dat by JHWH vergifnis en verlossing is en daarom stel hy onvoorwaardelik sy vertrou op Hom. Vers 8 spel JHWH se trou teenoor sy ḥāsīd uit.

Ons kan dus sê dat vergifnis en verlossing alleen by JHWH moontlik is wanneer Hy sy ḥesed aan sy ḥāsīd betoon. Van der Ploeg (1974: 384) beweer dat vers 7b 'n variant van vers 4a is. Daarom kan ons dan sê dat vergewing 'n daad van God se ḥesed is. Van der Ploeg (1974: 384) vertaal ḥesed hier (v. 7) met "liefdevolle goedheid" maar verkies eerder "genade" omdat dit in hierdie konteks beter inpas. "Padāh" beteken letterlik hier (v. 7c) "vrykoop" of "loskoop" (vgl. Ps 49: 16). JHWH het sy volk (wat as gevolg van hul sonde in ballingskap weggevoer is), vanuit die Egiptiese slawehuis vrygekoop. Daaruit is dit duidelik dat daar by (letterlik "met") JHWH ḥesed is. Cohen (1945: 434) is dus korrek as hy sê dat JHWH se ḥesed die versekering van vergifnis en verlossing is. Lehrman (1975: 16) sê weer op sy beurt dat God se ḥesed die grond is van die psalmis se berouvolle terugkeer tot JHWH.²¹⁴

Die digter weet uit ondervinding dat JHWH volkome vergifnis van alle sondes gee. Daarom kan Israel verseker wees dat JHWH hulle van hul sondes sal verlos. Die rede is geleë in die feit dat JHWH dit in die verlede gedoen het en hulle daarom net geduldig op sy antwoord moet wag. Hesed staan hier in verband met die getroue Verbondsgod (JHWH) se verbond en ook met verlossing (vrykoping) en vergifnis. Ons kan hesed dus hier weergee met "verbondsliefde" of "liefdevolle goedheid" of bloot net met "troue liefde" (vgl. 1979 vertaling).

Myns insiens is daar geen voorkoms van aanverwante begrippe in hierdie psalm nie. Die begrip (hesed) funksioneer ook nie in verskillende situasies nie.

PSALM 137

Hierdie psalm word nie in perikope afgebaken nie omdat die begrip "hesed" nie hier direk voorkom nie. Hier is ook geen voorkoms van aanverwante begrippe nie of die funksionering van die begrip in verskillende situasies nie.

PSALM 140

Aangesien ons geen direkte voorkoms van die begrip in hierdie psalm vind nie, word dit ook nie in perikope afgebaken nie. In hierdie psalm is ook geen voorkoms van aanverwante begrippe nie.

Die funksionering van die begrip in verskillende situasies:

In verse 2 en 5 vra die psalmis om beskerming van God en steun hy op sy vorige ondervinding van God se hulp (Weiser 1979: 809). Daarom bid hy in vertroue en geloof.

Die imperatief (red my) in vers 2 word gebalanseer deur die jussief (beskerm my) (sien Dahood 1970: 310). Ons het hier

houding teenoor die straf van 'n regverdige en 'n goddelose. Die digter sluit sy psalm af met 'n gebed dat God hom van die vyand se boosheid sal bewaar.

Die metrum van die grootste deel van die psalm is 4+4 (Anderson 1977: 918).

Die direkte voorkoms van die begrip:

Na die gebed van die psalmis om nie deur woorde, gedagtes of werke te sondig nie, bely hy dat hy die berisping van 'n regverdige graag aanvaar. Volgens Van der Ploeg (1974: 457) beskou die psalmis die slaan en teregwysing van 'n regverdige as 'n besondere guns (ḥesed). Hier het ons vir die derde keer in die Klaagpsalms ḥesed as 'n houding van een mens teenoor 'n ander, en wel in 'n daad. Ons het hier met 'n bywoordelike akkusatief te doen (vgl. Van der Ploeg 1974: 457 en ook Ps 35: 19, Ps 56: 3 en Ps 119-78). Die goed bedoelde slae wat op die hoof van die psalmis neerkom wil hy gelykstel met kosbare olie wat op sy hoof uitgestort word (vgl. Ps 133: 2). Wanneer gelowiges mekaar onderling op mekaar se foute wys moet dit in broederlike liefde geskied (vgl. ḥesed in vers 5). Dit herinner ons aan Spr 9: 8: "Bestraf 'n wyse en hy sal jou liefhê".

Sommige, soos Dahood (1970: 311), lees "ḥāsīd" in plaas van "ḥesed" veral omdat dit so goed saam met saddīq gaan, maar ons het nie voldoende steun daarvoor nie.

Ons kan ḥesed hier weergee met "goedheid, guns of broederliefde" van 'n mens teenoor 'n ander mens. Die bedoeling is dat die regverdige die psalmis in (broeder-)liefde op sy foute kan wys omdat dit tot sy voordeel is (tot sy goedheid bedoel word).

In hierdie psalm vind ons geen voorkoms van aanverwante begrippe nie. Hier is ook geen funksionering van die begrip in verskillende situasies nie.

PSALM 142

Psalm 142 word nie in perikope afgebaken nie. Die begrip hesed kom nêrens direk voor in hierdie psalm nie.

Die voorkoms van aanverwante begrippe:

Die woord "hānan" funksioneer (kom voor) in vers 2 met die nota accusativi vooraan. Die psalmis se hulpgeroep (verse 2, 5, 6, 7) is ook sy genadesmeking. Die "hulpgeroep" (smeekebed) dui vir Kidner (1977b: 473) op 'n oproep om goedheid (hesed). Die psalmis stel die hulp van JHWH direk teenoor dié van mense (wat as't ware aan die digter geen hulp bied nie) (sien verse 5, 6). JHWH is dus die enigste toevlug vir hom in sy nood (v. 6). Die hulp wat die digter verwag is bevryding van sy vervolgers (vv. 7, 8). Dahood (1970: 316-317) sien hierdie psalm as 'n Klaaglied van 'n Israeliet op sy sterfbed, wat JHWH smee om sy toevlug te wees by sy dood, en om hom in die land van die ewige lewe in te lei

Die psalmis soek of smee dus in vers 2 om die guns (hānan) van God (vgl. Anderson 1977: 923). Volgens Delitzsch (1890: 369) is "z^cq" (vv. 2, 6) parallel aan "hānan". Die guns en goedheid waarvoor die digter smee, is sy redding van sy ver=volgers (v. 7) en bevryding vanuit sy gevangenskap (v. 8) (vgl. Lamparter 1965: 353). Hānan hou dus hier verband met verlossing.

Ons vind geen funksionering van die begrip in verskillende situasies in hierdie psalm nie.

PSALM 143Die afbakening van perikope:

Hierdie psalm kan, soos deur Weiser (1979: 819-821), in vier dele verdeel word naamlik:²¹⁶

- verse 1-2 - inleidende smeekgebed
- verse 3-4 - klaaglied
- verse 5-6 - terugblik oor JHWH se werk
- verse 7-12 - versoekskrif

Die metrum is onreëlmatig (Anderson 1977: 926).

Die direkte voorkoms van die begrip:

Hesed kom direk voor in verse 8, 12.

In vers 8 bid die psalmis tot JHWH en vra "laat my in die mōre U hesed ondervind".²¹⁷ Daar staan letterlik "laat my U hesed in die mōre hoor ("sāmā-imperatief)". Die oggend-ure was sonder twyfel in Israel die mees geskikte tyd vir godsdienstige aktiwiteite (McKay 1979: 229). Dus was dagbreek met die koms van God se hulp of met die openbaring en hernuwing van God se beskermende liefde geassosieer (vgl. Ps 90: 14; Sf 3: 5). Volgens McKay (1979: 231) is Ps 143 (soos ook Psalms 5, 17, 27, 30, 57, 59, 63) 'n geskikte psalm vir die gebruik deur aanbidders om wag te hou vir die verlossing van God wat met die dagbreek kom. Rogerson (1977c: 143) meen dat die sonsopkoms, wat warmte en lig ná die nood en duisternis van die nag bring, 'n gepaste simbool vir God se helende teenwoordigheid is. Vir Dahood (1970: 325) simboliseer die mōre, "opstanding en onsterflikheid". Die sterwende psalmis vra 'n ewige lewe met God. Britz (1982: 54) is dus korrek as hy sê dat die psalmis smee dat hy die bevrydingsgerig van God sal hoor.

Die feit dat die psalmis homself as 'n "dienaar" (C_{bd} - v. 12)

van JHWH, die Verbondsgod, beskou en in vers 10 sê, "U is my God," is vir ons 'n duidelike aanduiding dat daar wel 'n verhouding tussen die psalmis en God was. Myns insiens hou hesed hier verband met die verbond. Juis daarom kan hy nou met vrymoedigheid vir JHWH om sy daaglikse hesed vra en ook vra dat Hy hom sal onderrig om die regte weg te bewandel (vgl. Weiser 1979: 821), want hy is bewus van JHWH se getrouheid en regverdigheid (v. 1), wat uitstaan bo sy eie menslike kragteloosheid. Daarom plaas hy sy volle vertroue in God se genadige leiding en bystand (vv. 8-10). Want in JHWH se hesed sien hy die trou van JHWH aan sy belofte om sy ḥāsīd(īm) te beskerm en te seën (vgl. Rogerson 1977c: 170 - sien ook vers 1).

Die verhooring van die psalmis se gebed in die mōre dui op redding (v. 9 - redding van sy vyand - sien ook vers 3a). Daaglik verwag hy van JHWH hesed omdat hy daaglik na 'n nag van smart en vervolging (vgl. Britz 1982: 54) na verlossing verlang. God se leiding, verlossing en genesing word deur Rogerson (1977c: 170) aan hesed verbind. Hesed dui dus hier (v. 8) op JHWH se "troue liefde", wat in verband staan met verlossing van die vyand en ander probleme (vgl. Job 37: 13; Rut 1: 8 en Rut 2: 20). Ons kan hesed (manlik enkelvoud) dus hier weergee met "troue liefde" of "liefdevolle goedheid" (guns).

In vers 12 bid die psalmis dat JHWH sy teëstanders in sy hesed (manlik enkelvoud) sal vernietig. Volgens Anderson (1977: 930) bestaan daar in die O.T. 'n verbondstradisie van seëninge en vervloekinge vir die gehoorsame en ongehoorsame. Basies bid die digter in vers 12 ook om verlossing. Van der Ploeg (1974: 469) is dus korrek as hy sê dat vers 12 'n ego van vers 8 is. Die digter vra hier dat JHWH in sy hesed mag doen, dit wat hy implisiet in vers 8a, b gevra het (vgl. Jn 2: 9).

Kaddary (1963: 492) sê dat die konsepte van krag, sterkte

en mag in hesed gefinkorporeer is. JHWH moet met ander woorde die psalmdigter se vyand in (met) sy reddende krag vernietig. Omdat ons hier so 'n kontras het tussen God wat vir ewig bestaan, teenoor die verganklike mens, kan die woord "sterkte" hier oorweeg word (as vertaling van hesed). Die hele psalm is deurweef van verlossing en trou (vv. 1, 8, 9, 11, 12). JHWH het sy woord (trou beloof) aan sy die=naar (ḥāsīd) gegee en sy ḥāsīd het op sy beurt sy woord (trou beloof) aan JHWH gegee (Kidner 1977b: 476). As God nie omgee het vir sy Naam (v. 11), vir regverdigheid (vv. 1, 11) en trou aan sy verbond nie, kon ons aan sy hesed en verlossing getwyfel het.

Soos getrouheid en regverdigheid in vers 1 aan mekaar ver=bind is, is saddīq (v. 11) en hesed (v. 12) hier te verbind²¹⁸ (vgl. Delitzsch 1890: 377). Beide het die voorsetsel "b^e" (in). Die bidder smek om verlossing bloot op grond van JHWH se saddīq (regverdigheid - vv. 1, 11) en getrouheid (hesed - v. 12; 'e_{mūnāh} - v. 1). Sabourin (1974: 263) beskou saddīq en 'e_{mūnāh} parallel aan mekaar (in vers 1). Myns insiens is 'e_{mūnāh} (v. 1) en hesed (v. 12) eerder parallel aan mekaar en saddīq in vers 1 aan dié in vers 11.

Wat belangrik is om hier te onthou, is dat die digter voort=durend deur die vyand bedreig sal word (vgl. Weiser 1979: 822). Daarom vind ons twee werkwoorde in verband met die vernietiging (smt) en uitroei (omkom - 'bd) van die psalmis se teëstanders.

Die psalmis vind die grond vir die verhoring van sy gebed in God se saddīq, 'e_{mūnāh} en hesed.²¹⁹ JHWH se saddīq dui vir Anderson (1977: 930) op die getrouheid (trou) aan sy verbonds=beloftes. Myns insiens dui 'e_{mūnāh} óók op JHWH se trou aan sy beloftes. God se hesed is dan die uitdrukking van sy trou om sy beloftes aan sy verbondsvolk te vervul (Rogerson 1977c: 170).

Ḥesed kan dus in vers 12 met "trou" vertaal word.²²⁰
 Omdat die psalmis weet dat JHWH getrou en regverdig is, bid hy dat Hy hom sal verlos (red) van sy teëstanders. Dit wil sê, JHWH moet sy vyand in sy "trou" (ḥesed - trou aan sy beloftes van die verbond) laat omkom. Ḥesed kan ook met "troue liefde" (of guns) weergegee word.

Die voorkoms van aanverwante begrippe:

Die woorde saddīq (vv. 1, 11) en 'emūnāh (v. 1) is aanverwante begrippe, wat reeds onder die hoof "die direkte voorkoms van die begrip" bespreek is. Verdere bespreking kan net lei tot onnodige herhaling. Saddīq, 'emūnāh en ḥesed is al drie kenmerke van God en staan in verband met mekaar, die verbond en redding van God.

Myns insiens is in hierdie psalm geen funksionering van die begrip in verskillende situasies nie.

3. EVALUERING VAN RESULTATE VAN ONTLEDING

3.1 Tabulering van resultate:

Die direkte voorkoms van die begrip:

Ḥesed dui op:

- * die verbondsverhouding
- * 'n heersende verhouding van welwillendheid,
- * 'n verbondsooreenkoms,
- * 'n verbondsverpligting en verantwoordelikheid,
- * 'n gesindheid van lojaliteit en trou tussen JHWH en sy volk (vergelyk byvoorbeeld Psalm 4, 5, 6, 12, 13, 16, 59, 61 ens.)

Die woord "ḥesed" kan dus omskryf word as 'n spesiale sorg, 'n vorm van uitsonderlike handeling en behandeling wat deur God geskied aan/teenoor sy ḥāsīd(īm) in die vorm van s^edāgā (vgl. Ps 31 en Ps 71).

Die mens bewys weer op sy beurt ḥesed aan JHWH (vgl. Ps 4, 5, 31, 59, 61, 85, 90 e.a.).

- * deur op Hom te vertrou,
- * deur die eerbied aan Hom verskuldig,
- * deur sy dankbaarheid as sekerheid van sy verlossing (ḥesed JHWH) aan JHWH te betoon,
- * deur getrou te wees aan JHWH se verbondsverpligtinge.

Myns insiens dui ḥesed in die Klaagpsalms (sien bv. Ps 6, 59, 61, 77, 89 e.a.) op 'n essensiël-unieke eienskap van God. Daarom kan ons sê dat God se trou en verbondslojaliteit juis 'n aanduiding is van die gunsbewyse wat uit die verbondsooreenkoms voortvloei. Die daad bring sy houding van lojaliteit en trou, die betekenis van die woord ḥesed, na vore.

God se ḥesed (bv. Ps 88) is sy liefdevolle goedheid

- * aan dié wat Hy uitverkies het en

- * met dié wat Hy 'n verbond gesluit. Hesed is ook
- * die goeie gawes van hulp,
- * die beskerming onder JHWH se vleuels (dit wil sê die bewaring van uiterlike ondergang, asook innerlike versterking van die gees),
- * die ondersteunende hand van JHWH (bv. Ps 59),
- * die vergifnis van sonde,
- * die verlossing uit die nood (dit wil sê, verlossing op tydelike en geestelike gebied) (vgl. Ps 79),
- * die gedurige nabyheid (hier nou en ook eendag in die hemel) en
- * die versorging van JHWH.

Ons moet egter nie God se hesed net in die menslike sin van goedheid (verlossing, versorging, ens.) verstaan nie (vgl. bv. Ps 88). Wanneer JHWH se volk gesondig het,

- * straf Hy hulle (sonder om die verbondsverhouding te verbreek) en
- * bring Hy hulle deur leiding en dissipline weer op die regte pad. Dit is deel van JHWH se verbondstrou en verbondsliefde (hesed) wat sy verbondshandelinge bepaal.

Maar, hesed funksioneer ook onderling tussen mense (vgl. Psalms 109, 137). In Psalm 109 meen mense (die vyand) dat die digter geen hesed (besondere sorg) aan armes, swakkes, behoef-tiges, weduwees en wees bewys het nie en daarom sal hulle en ander ook nie aan hom hesed bewys in nood nie. Hier word hesed nie in verband met die verbond gebruik nie. Dit is baie interessant - uit die inhoud van Psalm 137 - dat straf en tereg-wysing wat in onderlinge broederlike liefde geskied (tussen mense), as besondere guns (hesed) ervaar word. Waar straf en teregwysing vanaf JHWH uitgaan, word dit egter as haat en toorn (teenoorgesteldes van hesed) ervaar.

Ons sien byvoorbeeld in Psalm 36 dat die hesed van JHWH van 'n eindeloosheid ('n universele strekking in omvang en betoning) na 'n intieme en persoonlike ondervinding beweeg. Hesed word dus nie net as genadige verbondenheid met dié wat JHWH ken en in sy s^edāqā leef, bewys nie, maar ook aan alle ander mense

en diere. Maar hesed, as 'n kosbare en waardevolle skat of pèrel het net groot waarde vir dié wat dit leer ken, opgemerk en gevind het. Hulle staan bekend as die h^asīdīm.

In die Klaagpsalms kom dit duidelik na vore dat 'n hāsīd(īm)

- * iemand is wat lojaal en getrou binne die verbondsverhouding leef (vgl. Psalm 5, 12, 16, 18, 30, 79, 86, e.a.),
- * hy bewys met ander woorde ook hesed aan JHWH en ander mense,
- * hy is afgesonder vir JHWH ('n kneg en eiendom van JHWH) (vgl. byvoorbeeld Psalm 12, 16 en 31),
- * hy is 'n lojale aanbieder (vgl. Ps 4)
- * hy stel sy vertroue op JHWH en
- * hy is vroom en betroubaar.

Bogenoemde godsdienstige houding behoort selfs by die ander Israëliete (vgl. Ps 52) opgemerk te word. Hulle staan ook bekend as dié h^asīdīm wat oorwegend passief is (ontvang hesed van God). Bitter min van hulle is aktief (bewys hesed aan God) (vgl. Ps 79).

JHWH is die God van waarheid en daarom wil Hy by sy volk geen bedrog nie, maar waarheid en trou sien. In Psalm 51 mag die bidder slegs om JHWH se hesed vra indien hy

- * opreg is (God verwag opregtheid),
- * homself verootmoedig en
- * bewys is van sy sonde (sy oortredinge ken) (vgl. ook Ps 5 e.a.).

Die psalmdigters (Ps 6, 12, 79) ervaar God se hesed as sy voortdurende trou en wondermag (waaraan eindeloos voortgebou word). Hy betoon dit in liefde en soms word dit met sy verlossing en hulp in tye van nood gekombineer. Ons kan dus sê dat die daad van uitredding, dui op JHWH se troue liefde (hesed). Daarom kan myns insiens gesê word dat hesed die grondgedagte is wat aanleiding gee tot dié gesindheid om aan die eise van die verbond te voldoen. God se trou en verbondslojaliteit, wat 'n aanduiding is van 'n goddelike eienskap, is gunsbewyse wat uit die verbondsooreenkoms voortvloei. God se

hesed is die grond vir die hāsīd se vertroue, die sekerheid vir sy hoop op JHWH se verbondsbeloftes. Omdat JHWH die oorwinlike vastigheid in die lewe is, verdien Hy ten volle die vertroue van sy hāsīd(īm) (vgl. Ps 31).

Deur op JHWH se standvastige en troue hesed te vertrou, het die psalmis 'n standvastige posisie bereik wat hom instaat stel om sy teenswoordige nood te oorkom.

Dit is belangrik om daarop te let dat die bidder se geroep om hulp, op JHWH se hesed gegrond is. Die betoning van JHWH se hesed in die verlede is die grond waarop daar in die hede 'n beroep gemaak word. Nog 'n rede is die feit dat hulle (h^asīdīm) ook aan die verbond getrou is. Omdat JHWH getrou is aan sy verbondsbeloftes (hesed) tot in ewigheid, ongeag of die h^asīdīm ontrou raak, kan ons sê dat die eintlike grond vir hesed (hulp in die vorm van verlossing of uitredding byvoorbeeld), lê in die goddelike welbehae van JHWH (vgl. Psalm 31, 44 en 130).

Hesed in die enkelvoud, wys bloot op JHWH se troue vergewende liefde omdat Hy getrou bly aan sy verbondsbeloftes. Hesed in die meervoudsvorm dui op die versterking, volheid en intensiteit daarvan (vgl. Ps 25): Hier gaan dit om die kwaliteit van JHWH se liefdesbewyse.

Lewe is die grootste seën van alle seëninge wat 'n mens van God kan ontvang. Maar vir die digter van Psalm 63 kan hy net so min leef sonder God se hesed as wat 'n man kan bly leef in 'n land sonder water. Die Psalmis ervaar gemeenskap met God as hesed van God en dit ag hy hoër as die lewe. Hesed van God gee die volheid van die lewe wat dus meer is as blote (fisiese) lewe.

Soos 'n mens elke mōre behoefte het aan voedsel, sō het 'n mens (hāsīd) ook elke mōre behoefte aan God se hesed. Dit is die lewens- en geestelike voedsel wat hom lewenslange vreugde en

blydskap laat ervaar.

Omdat God se hesed elke dag net genoeg is vir daardie dag, moet dit elke mōre opnuut gevra en hernu word (vgl. Ps 79). Hesed omvat dan nie net die vergewing van sondes nie, maar ook die voorreg om elke mōre in JHWH se heiligdom sy teenwoordigheid op 'n besondere wyse te ervaar en te beleef (vgl. Psalm 5, 52, 79, 88). Die oggendure was die mees geskikte tyd vir godsdienstige aktiwiteite. Dit is die rede waarom dagbreek met die koms van God se hulp, die openbaring van sy hesed, die hernuwing van sy beskermende liefde, geassosieer word. Die oggend simboliseer, "opstanding, lewe en onsterfelijkheid."

Hesed kom ook direk voor in kombinasies (konstruksie met ander woorde). In Psalm 79 en 102 byvoorbeeld, vind ons die konstruksie, "rab-hesed". Hier dui hesed op

- * die oorvloedige en onbeperkte goedheid en
- * die oneindige groot getrouheid van JHWH en ook
- * die oneindigheid (grensloos) en oorvloedigheid van JHWH se daade en liefde (waarmee die daade geskied).

Die volgende kombinasie is, "ṭōb-wahesed" in Ps 23. Die woord "ṭōb" dui op 'n gawe van voorspoed - dit wil sê die goeie dinge in die lewe - terwyl wahesed weer op die liefdevolle goedheid, die seën, die liefderyke, die troue versorging, leiding en beskerming van JHWH dui. Hesed saam met ṭōb sugereer dus die vaste goedheid en bystand van God, waarop 'n mens kan reken. Ons het hier te doen met JHWH se onfeilbare liefde wat 'n lewenslange belofte vir hierdie lewe en die lewe hierna is en wat uiting vind in sy troue en voortdurende sorg en goedheid aan sy ḥāsīd(im).

'n Volgende kombinasie is, "hesed we'e met" (vgl. Psalm 25, 26, 40 en 57). Die betekenis van hesed word hierin meer uitgelig en beklemtoon. Die woord "'e met" beklemtoon hier die element van vastigheid, onwankelbaarheid en kontinuïteit in hesed. Dit dui op iemand wat waarlik getrou is en sy gelofte (of belofte)

gestand sal doen. Dit is 'n kenmerk van JHWH. Ḥesed dui hier 'n daad van goedheid, ontferming en barmhartigheid aan. Ons kan dus sê dat Ḥesed hier dui op JHWH se verbondsliefde wat ervaar word, maar ook sy liefdevolle lewens (bege)leiding, terwyl 'e_{met} op JHWH se verbondstrou dui. Bogenoemde kombinasie vestig op die aandag op JHWH se vaste en getroue verlossingshandelinge aan dié in nood.

Die voorkoms van aanverwante begrippe:

Die begrip "y^{VC}s" (vgl. Psalm 3, 52) dui op JHWH se magtige verlossings- en bevrydingsdade. Dit is dus die bewys van die goedheid en seën van Verbondsgod aan sy volk.

Ekwivalente soos "dīn", "v^{VC}em" en "ybr" is attribute wat meerendeels iets van die goddelike Naam van JHWH bekendstel (sien Ps 3 en 52). Dit beteken dat JHWH die digter deur sy Naam, sy mag en teenwoordigheid red.

Die woord "ḥēn" is die onverdiende guns (genade, ontferming) wat maar één aspek van JHWH se uitsonderlike handeling (Ḥesed) aan sy ḥāsīd(īm) is. In Psalm 4 is hierdie spesiale sorg, die hoor en verhoor van gebede deur JHWH. JHWH tree hier op as Verbondsgod (meerdere) teenoor sy ḥāsīd(īm) (mindere). Ḥēn beweeg net van 'n meerdere na 'n mindere terwyl Ḥesed in beide rigtings beweeg. Die digter bewys op sy beurt Ḥesed aan JHWH deur op Hom te vertrou (bāṭah).

'n Algemene hulpgeroep in die Klaagpsalms is "ḥānan 'e_{lōhīm}" (vgl. Ps 56). Ḥānan funksioneer ook alleen in die Psalms (vgl. Ps 9, 10, 25, 26 en 142). Hierdie woord is welsynsgeoriënteerd en gaan gepaard met blydskap en sekerheid. Stoebe (1952: 245) meen dat hierdie woord herhaaldelik in die Klaagpsalms in 'n liturgiese gebruik na vore kom (vgl. Dt 28:50; Jes 66:2; J4 18:17; Ps 13:4). Dit (ḥānan) dui ook op die goddelike belangstelling en goddelike ingrype wat in neerbuiende liefde deur JHWH geskied.

"S^edaqā", wat ook 'n aanverwante begrip van hesed is, hou die verhouding tussen God en mens in stand en maak dit waar (Ps 4 en 62). Ons vind in hierdie woord die heilbrennende, goddelike geregtigheid wat ook as God se "verlossende wil" verstaan kan word. Dit is 'n realisering van die beloftes en eise binne God se verbond.

In Psalm 5 vind ons "bāarak" (seën-vergewing van sondes) en "rāson" (goddelike liefde, welbehag). Ook die woord "rāpā" (ontferm) tref ons hier aan.

Die psalmdigter (Ps 6) en sy God het so 'n innige verhouding dat hy op grond daarvan sy vertrouwe in Hom stel en daarom kom soek hy ook hsh (beskerming en skuiling) by sy enigste Rots wie se vleuels beskerming en skuiling bied. Die woorde "Sub" (neem my onder U sorg) en "hālas" (red my) kom ook in Psalm 6 as aanverwante begrippe voor.

Die hāsīd van Psalm 11 smaak JHWH se liefde ('āhab) wat regverdig en opreg is omdat JHWH self regverdig is. Dit omvat die redding en gedurige nabyheid (van JHWH) wat die hāsīd eervaar. Om JHWH lief te hê ('āhab - hesed te bewys) is die positiewe aspek van die regte houding tot JHWH, en dit is

* om JHWH bo alles te stel en

* om sy geboorte te gehoorsaam en uit te leef (Ps 31).

Die woord "ah^abāh" beteken "diepe vriendskapsliefde" (Ps 109).

JHWH is oneindig en vir ewig getrou ('mūnāh) aan sy onmeetlike liefde (hesed) vir mens en dier. Daar is dus 'n bestendigheid en trou in hesed werksaam, wat dit soms onmeetbaar en onverstaanbaar maak (vgl. Ps 36, 40 en 89). Die woorde "mūnāh" en "met" wat "trou" beteken, dien bloot as versterkende woorde om die betekenis van hesed meer uit te lig (sien Psalm 25, 26, 40, 57, 88, 142).

Die woord "tōb" (vgl. Ps 23, 25, 27, 52, 85) wat as aanvulling van hesed dien, kan gelyk gestel word met God se liefde. Dit (tōb) is 'n goddelike kenmerk (goedheid) net soos wat hesed

ook een is.

Die ontfermingsgevoel (rah^amīm - die diepste gevoel wat iemand vir 'n ander kan hê - vgl. Psalm 25, 40, 51, 77) wat 'n moeder teenoor haar kind het, is die gevoel wat JHWH net teenoor sy verbondskinders het (liefde).

Pādāh beteken in Ps 26, "loskoop van die dood". "Nō^Cam JHWH" dui op die lieflikheid en vriendelikheid van JHWH (Ps 27).

Omdat "sallāḥ" (Ps 86) ook op die gesindheid van JHWH (goddelike goedheid) dui soos "ṭōb", lê hul myns insiens op dieselfde lyn as hesed.

JHWH se sorg vir sy skepping (mišpāṭ^V) is die juiste verhouding tot alle mense en diere (Ps 36).

Ḥāpēs wil in Ps 40 JHWH se neerbuigende liefde beklemtoon.

Die psalmdigters (Psalm 59, 62) beskou JHWH se hesed as 'n "krag, sterkte", wat die steunpilaar van hul lewe is. Die woord "ōz^C" (sterkte) bevat dus ook 'n eienskap van God (Kidner 1977a: 223) naamlik

* 'n mag wat God besit om mense te red en te verlos en
* 'n bevoegdheid van God om krag en mag te gee aan wie Hy wil. Volgens Kaddary (1974: 492), is hierdie soort krag, sterkte en mag reeds in God se hesed geïnkorporeer.

Die woord "nhm" (genadige gesindheid) verduidelik JHWH se medelye met sy volk se ellende (Ps 90).

"Pl" dui JHWH se magtige daade aan (Ps 102) terwyl "z^Cg", JHWH se guns en goedheid beskryf (Ps 142).

Woorde wat wel goddelike kenmerke bevat en lig op hesed se betekenis werp maar min voorkom is "rāsāh" (opheffing van hongersnood en droogte - Ps 77 en 85), "āmar" (onverdiende guns - Ps 77) en "gāmal" (gunsbewyse - Ps 12).

Aanverwante begrippe van ḥasid is natuurlik 'e^emūnīm (getroues), ^cānī (swakke, ellendige) en 'eb^eyōn (arm, behoeftige (vgl. Ps 12). Bāhīr (uitverkorene en gibbōr (held) is aanverwante terme wat ons in Ps 62 aantref.

Die voorkoms van begrippe wat die betekenis antities verlig:

God straf die heidene met 'n verterende toorn van ongenaakbaarheid sonder dat daar 'n motief van goddelike liefde agter is. Omdat die bidder JHWH se straffende toorn en tugtigende gramskap erwaer voel hy daar is fout met sy verhouding met JHWH. Straf en oordeel binne die verbondsverhouding het die goddelike liefde as motief daaragter. Dus, agter die wolk van goddelike toorn bly die son van goddelike genade tog skyn vir die ḥasid (Ps 5).

Teenoor God se groot en wonderlike liefde ('āhab) wat verlossing bied in tye van nood, staan sy šānē' (haat) wat die ongehoorsame en sondige vyand erwaer (Ps 11).

In die Klaagpsalms (Ps 38, 102) sien ons dat ellende die gevolg is van JHWH se toorn (qsp, za^cam) en gramskap (yhm) (Ps 79). Menslik gesproke is dit die tugtende hand van JHWH wat sy bittere en gloeiende toorn openbaar. Nie net die vyand nie, maar ook JHWH se ḥāsīd(īm) erwaer sy toorn. Hulle erwaer nie meer sy teenwoordigheid nie, hulle voel verlaat, verwerp en verstoot.

God se toorn in gramskap ('ap, ^cebrāh, 'ānap, bhm) (vgl. Psalm 6, 56, 69 en 90) word erwaer as 'n mens meen dat hy alles in eie krag kan doen. Dit wil sê, dit is die gevolg van 'n verkeerde lewenshouding, naamlik

- * om onafhanklik van God te wil wees,
- * om God nie in berekening te bring nie.

So 'n gesindheid bring net droefheid en hartseer mee wat erwaer word en die verdrukking deur die vyand en afwesigheid van JHWH. Dit beteken dus om

- * uit te vaar teen iemand en om

* hom te verlaat en te verstoot.

Ḥesed en die aanverwante begrippe daarvan dui op JHWH se positiewe gesindheid teenoor gehoorsame en lojale mense. Maar die teenoorgesteldes van ḥesed soos "'ap", ensovoorts, is JHWH se "negatiewe" gesindheid teenoor die ongehoorsame en sondige nie-lojales.

Die funksionering van die begrip in verskillende situasies

Wanneer ons lees dat "JHWH laat dit goed gaan met sy ḥasid", moet ons die "goeie" in samehang sien met JHWH se goedheid (vgl. Ps 4; Ps 25:7 en Ps 27:13). Die ḥasid gaan lê onbesorg omdat hy veilig woon by JHWH. JHWH betuig so "geregtigheid" aan dié wat op Hom vertrou (baṭaḥ).

Die psalmdigters vra ook indirek ḥesed van JHWH met woorde soos: "gee ag"; "luister" en "hoor" (Ps 5). Daar is 'n noue verband tussen ḥesed en die woorde "skuiling", "vesting" en "skild". JHWH se liefde, mag en trou (ḥesed) beskerm die digter teen sy vyand.

JHWH se ḥesed is die motief van vertrou vir gesonde verhoudinge. So weet en vertrou dié wat in verbondsverhouding met JHWH is dat Hy hulle sal hoor en verhoor wanneer hulle om hulp roep. JHWH sal voorsien. Daarom volg hul lofprysings onmiddellik na hul bedes (Ps 7). Dank- en lofbetuigings word aan JHWH gerig vir die hulp wat Hy aan sy mense sal bewys of alreeds bewys het. Dit brei uit tot dankbare verkondiging (vertel) van JHWH se hulp, wonders en magtige verlossingsdade. So bewys die ḥāsīd(īm) myns insiens op 'n besondere wyse ḥesed aan JHWH.

Anderson (1972a: 107) is korrek as hy sê dat die psalmis God wil loof en prys omdat dit sy diepste hartsbegeerte tot JHWH is. So bring hy die beslistheid en opregtheid van sy begeerte tot uitdrukking. Dit is 'n gesindheid wat ons regdeur die Klaagpsalms aantref. Ons kan dus sê dat die ellendige in nood, spontaan sy

verbondsverpligtinge aan JHWH bewys (hesed). Die rede waarom dit s6 geskied en waarom almal op JHWH vertrou is omdat Hy nooit dié wat by Hom om hulp vra in die steek laat nie. In nood verlang 'n mens bevryding. So dien 'n mens as 'n lewende getuie in woord en lied, in handel en wandel.

Die psalmis in nood vra nie net om te ontvang nie. Nee, hy kom ook sy verantwoordelikheid na deur sy dankbaarheid aan JHWH te betoon. Meestal doen hy dit deur tot eer van JHWH te sing (vgl. Psalm 9 en 12).

In die Klaagpsalms word hierdie bewustheid van nood, ellende en hulpeloosheid deurgaans by die psalmskrywers bemerk. Hulle besef dat net JHWH hul uit hul ellende kan verlos. Daarom smee die bidders om hulp en daaruit vloei hulle dank- en lof-betuigings vir hulle bevryding voort.

3.2 Bepaling van betekenisveld van die begrip:

- * Hesed is beter en heerliker as blote "lewe", en is dus die grootste van alle seënninge uit JHWH se hand.
- * "Liefde" is die kerngedagte van hesed.
- * Hesed is 'n gawe van die Verbondsgod wat meestal deur die ḥāsīd(im) ervaar word
- * Hesed beweeg in beide rigtings - van 'n meerdere na 'n mindere en van 'n mindere na 'n meerdere.
- * Hesed van God teenoor 'n mens is:
 - * ten volle onverdiend;
 - * van groter aard as dié van 'n mens tot JHWH en tot ander mense;
 - * onfeilbaar,
 - * teken van sy voortdurende verdraagsaamheid, geduld en toegeeflikheid waardeur Hy sy verbond in stand hou;
 - * sy liefdevolle en troue versorging, leiding, bystand en beskerming;
 - * voortdurend (dag en nag) gereed en tot beskikking (alomteenwoordig);
 - * oorvloedig;

- * 'n onmeetbare grootheid;
- * ewigdurend;
- * standvastig;
- * soms onverstaanbaar (Ps 36: 8);
- * onveranderlik;
- * 'n onuitputlike rykdom en
- * universeel van aard
- * Hesed dui op JHWH se gesindheid (sy versekerde liefde) wat Hy teenoor sy ḥāsīd(īm) openbaar.
- * Hesed dui op God se:
 - * (verbonds)verhouding;
 - * (verbonds)gemeenskap;
 - * (verbonds)trou;
 - * (verbonds)lojaliteit;
 - * (verbonds)liefde;
 - * vaste verbondenheid;
 - * heersende verhouding;
 - * gesindheid;
 - * daad van (troue) liefde;
 - * uitsonderlike (be)handeling;
 - * verantwoordelikheid;
 - * (verbonds)verpligtinge;
 tussen Hom en sy ḥāsīd(īm) waarin hulle krag, sekuriteit, hulp en verlossing ens. (onder)vind.
- * Wat geweldig belangrik is by hesed is die houding wat beide partye teenoor mekaar behoort te handhaaf.
- * Hesed bevat 'n goddelik-dinamiese kwaliteit.
- * Hesed is 'n kernagtige begrip wat al JHWH se eienskappe omvat en beskryf.
- * Hesed wat van 'n mens uitgaan is feilbaar. Hul ontrou kan egter nie JHWH se hesed (troue liefde) vernietig nie.
- * Hesed tussen mense is:
 - * liefde;
 - * 'n bewys van 'n positiewe gesindheid en
 - * onderlinge teregwysing.
- * Hesed bevat 'n element van
 - * trou

- * liefde en
- * toewyding binne 'n innige verhouding tussen twee persone (partye)
- * Ḥesed het 'n universele betekenis. Dit word aan ḥāsīd(īm) en nie-ḥāsīd(īm) bewys asook aan mense en diere (die hele skepping).
- * JHWH se ḥesed herinner ons aan sy voortdurende teenwoordigheid.
- * Ḥesed spruit dus uit JHWH se verbondstrou.
- * Die ḥesed van God is daardie element in die goddelike heerlikheid wat Hom na die mens in nood laat wend.
- * Die ḥāsīd(īm) ervaar die gemeenskap met God deur ḥesed in tyd van nood. Bogenoemde ervaring is 'n geestelike plato wat deur min mense bereik word. Dit is slegs vir hulle wat God se ḥesed leer ken het.
- * Waar ḥesed in samehang met mag funksioneer, lei dit tot vertrou en skep dit vertrou.
- * Ḥesed wat van JHWH uitgaan gaan gepaard met sy mag, terwyl ḥesed wat van 'n mens na JHWH uitgaan in nederige afhanklikheid en swakheid geskied. By die mens is dit (ḥesed) 'n dankebaarsheidsgevoel en -gebaar.
- * Waar mag saam met die teenoorgesteldes van ḥesed funksioneer, beteken dit vir die nie-ḥāsīd(īm), onheil.
- * JHWH se ḥesed verskaf krag om moeilikhede te oorkom.
- * JHWH se heilswerk en mag word in sy ḥesed, wat deur sy sigbare tekens openbaar word, raakgesien.
- * Ḥesed van JHWH bied bewaring van uiterlike ondergang en innerlike versterking van die gees.
- * Ḥesed bevat 'n element van stabiliteit en sekuriteit vir die ḥāsīd(īm).
- * Ḥesed dui op 'n positiewe gesindheid wat vriendskap en liefde bevorder en uiting vind in konkrete dade.
- * Die aanverwante begrippe van ḥesed werp lig op sy (ḥesed) betekenis, aangesien
 - * hulle beskou kan word as sigbare tekens van JHWH se ḥesed;
 - * dui op die voortdurende trou en 'n diep gevoel van ewige liefde van JHWH teenoor sy bondgenote en
 - * die gepersonaliseerde boodskappers is wat dié in nood vergesel.

- * JHWH se hesed is dus daargestel in belang van sy hāsīd(Īm) in nood.
- * Die pleitgrond vir hesed in die hede, lê in die lydende persoon in nood, in JHWH se trou aan sy verbondsbeloftes (sy hesed) in die verlede.
- * Die grondslag vir die hāsīd(Īm) se hesed lê ook in sy verbondsverhouding met JHWH.
- * Hesed is die grond vir die hāsīd(Īm) se geloof en vertroue op JHWH.
- * Hesed word meestal in die mōre ver wag. "Mōre" simboliseer hier opstanding en lewe.
 - * Dit kom met dagbreek vanuit die regterhand van JHWH, wat 'n simbool van mag is.
- * Hesed is elke dag opnuut nodig en daarom moet daarvoor ge-
vra word.
- * Hesed word daagliks spontaan deur hāsīd(Īm) aan God bewys as teken van sy dankbaarheid teenoor Hom.
- * 'n Hāsīd(Īm):
 - * stel sy vertroue op JHWH;
 - * betoon eerbied en dankbaarheid aan JHWH;
 - * bewaar en gehoorsaam God se gebooie en verbond;
 - * is 'n lojale kind van JHWH wat getuig van sy wonderdade;
 - * beoefen hesed teenoor JHEH en ander mense;
 - * is bewus van sy sonde en ellende;
 - * is nederig en afhanklik teenoor JHWH in alle omstandighede;
 - * is iemand wat JHWH aanroep in tyd van nood;
 - * aanbid JHWH.
- * Die hāsīd se gesindheid as hy tot JHWH om hesed roep is die volgende:
 - * hy besef hy verkeer in nood;
 - * hy besef hy is hulpeloos;
 - * hy besef dat alleen JHWH hom kan help (afhanklik van Hom);
 - * daarom vertrou hy op JHWH (nederig);
 - * hy smeek JHWH om hulp;
 - * hy betoon sy dankbaarheid aan JHWH deur Hom te loof en te prys en ook van sy wonders te vertel.
- * JHWH se gesindheid teenoor sy hāsīd wat om hesed roep, kom daarin uit dat Hy luister na die hāsīd.

4. SLOT EN OPSOMMING VAN BEVINDINGE

Uit die ondersoek is dit baie duidelik dat hesed 'n baie wye betekenisveld dek. Hesed dra beslis 'n verbondsbetekenis waar God se verbond en sy hesed in een asem vermeld word. Hesed funksioneer ook meestal daar waar 'n band tussen die partye, naamlik die verbond, in die Klaagpsalms bely word. Myns insiens is die kernbetekenis van hesed dan "liefde".

Dit is onteenseglik so dat hesed ook teenwoordig is waar onderlinge teregwysinge tussen bondgenote plaasvind en waar JHWH se tugtiging, wat die heil van sy ḥāsīd(īm) beoog, geskied.

Hesed in die Klaagpsalms, kan dus in die algemeen verstaan word as 'n verantwoordelike bewys van 'n positiewe gesindheid van een persoon teenoor 'n ander. JHWH is uiteraard die volmaakte voorbeeld daarvan omdat Hy voortdurend die gelowige in nood met sy troue liefde (hesed) te hulp snel en oor hulle wag hou. Hierdie liefde van JHWH is duursaam want Hy red en vergewe uit genade.

Hesed is 'n onmisbare seën van God vir die mens (in nood). Hierdie "liefde" kan vergelyk word met 'n "kometers". Dit is God se "kometers" wat so oneindig groot is dat ons altyd onder sy bewaring bly, waar ons ookal gaan. Dit is ook so sterk dat Hy ons uit ellende verlos. Juis onder hierdie "kometers" van Godervaar die gelowige warmte deur sy gedurige nabyheid, ook in tyd van nood.

JHWH se hesed spoor die gelowige aan om op grond van die onverdiende liefde wat hy van Bo ontvang, ook ware liefde teenoor ander in dae uit te druk. Só moet die mens sy dankbaarheid vir God se ryke seën, wat hy elke dag onverdiensdelik en oorvloediglik uit sy hand ontvang, in woorde en in dae omsit.

Soos God nooit verander en nooit ontrou kan wees nie, so is ook sy "liefde" (hesed). Daarom bly Hy dieselfde, gister, vandag en tot in alle ewigheid.

VOETNOTEHOOFSTUK 1

1. Kroeze (1963: 40-47) gee 'n breë en duidelike uiteensetting van die verskillende Gattungen. Murphy (1980: 230) praat van die verskillende literêre genres in die psalms. Herbert (1965: 27) noem vyf hoof tipe psalms. Gunkel (1969: 10) onderskei die verskillende soorte psalms volgens spesifieke situasies (Sitz im Leben) in die lewe van die ou tyd. Brueggeman (1980: 3v) kan vergelyk word om meer oor die "Sitz im Leben" van die Klaaglied te wete te kom.
2. Van Uchelen (1979: 107) is self van mening dat 'n mens byna nooit 'n psalm reg rangskik deur dit by een enkele Gattung in te deel nie. Selfs met die indeling van strofes loop 'n mens gevaar (vgl. ook De Pinto 1967: 163 v.)
3. Om te voorkom om in detail te verval en 'n bespreking van talle kommentatore se menings in verband met die verskillende kenmerke weer te gee kan die volgende self vergelyk word: Weiser (1979: 72-83), Anderson (1972a: 36-38), Herbert (1965: 27v), Luyten (1963: 502-509), Schreiner (1969: 255), Stendenbach (1980: 63 vv.), Durham (1972: 166) en Mowinckel (1967: 195-218 en 229-238).
4. Luyten (1963: 502) en Wahl (1977/78: 226) verdeel die klag in twee dele, naamlik: (1) klag oor die vyand en (2) klagte teen God omrede sy verlating van die bidder.
5. Vgl. ook Eybers (1978: 28) en Gerleman (1982: 38).
6. Vgl. voetnoot twee.
7. Die volgende kommentatore was in 'n mindere mate maar tog van hulp vir die bepaling van tipiese Klaagpsalms, naamlik: Böhl (1968: 9), Ridderbos (1976: 17), Haddix (1980: 6316), Buss (1963: 383), Luyten (1963: 502), Herbert (1965: 27v), De Pinto (1967: 164), Stendenbach (1980: 64), Dahood (1966: 32) en Weiser (1979: 66).
8. Britz (1982: 28-54) gebruik maar drie-en-twintig psalms as Klaagpsalms waarin hesed direk voorkom.

VOETNOTEHOOFSTUK 2

1. "ys^{vc}" wat in verse 3b, 8a en 9a voorkom dui indirek op hesed van JHWH aan die bidder.
